



AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK HANDELINGE

Sestiende Sinode, 29 Augustus tot 2 September 2022



Besluite van die Sinode soos opgeneem in hierdie dokument is onmiddellik van krag by die publisering hiervan, tensy anders vermeld.



AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

HANDELINGE

Sestiende Sinode (29 Augustus tot 2 September 2022)

Besluite van die Sinode soos opgeneem in hierdie dokument is onmiddellik van krag by die publisering hiervan, tensy anders vermeld.

© **KOPIEREG 2022**

Lig in Duisternis Uitgewers
www.liginduisternis.co.za

VERSKYNINGSDATUM


5 Desember 2022

UITLEG

Melaney Langeveldt

GEDRUK EN GEBIND

Business Print



Inhoudsopgawe

1. Voorsitter: Voorwoord	viii
2. Eerste sittingsdag: Maandag 29 Augustus 2022	387
3. Tweede sittingsdag: Dinsdag 30 Augustus 2022	400
4. Derde sittingsdag: Woensdag 31 Augustus 2022	421
5. Vierde sittingsdag: Donderdag 1 September 2022	455
6. Vyfde sittingsdag: Vrydag 2 September 2022	474
7. Bylae 1: Groeteboodskappe	489
8. Bylae 2: Openingsrede: Prof. dr. Johan Bosman	502
9. Bylae 3: Broederlike gesprek: Prof. Izak Brink	511
10. Alfabetiese sakeregister	519

Wat u hier ter hand het, is die besluite van die Sestiende Sinode van die Afrikaanse Protestantse kerkverband. Dit was in vele opsigte 'n historiese oomblik!

Dit is met opregte dank en erkenning teenoor ons hemelse Vader dat die Afrikaanse Protestantse kerkverband vanjaar met haar vyf-en-dertigste bestaansjaar, Sinode 2022 by die Voortrekkermonument in Pretoria kon aanbied. Dit is vir die Afrikaner wat in hierdie tyd opnuut vra: “Qua Vadis?” in besonder belangrik om vanuit die geskiedenis te evalueer waar ons vandaan kom, om te bepaal waarheen ons op pad is.

Die tema van Sinode 2022 word uitgedruk op 'n embleem wat spesiaal vir die geleentheid ontwerp is. Dit gee aan die een kant erkenning aan die genade van ons Here deur die afgelope dekades en aan die ander kant vra ons daarmee dat die seën van ons Here op die bedieningswerk van hierdie kerkverband sal bly rus. Dié embleem maak melding van twee selfstandige liggame wat vanuit hierdie kerkverband ontstaan, gegroei en mondig geword het. Met die slagspreuk: “Kyk hoër, delf dieper, sien meer”, wil die AP Kerk die evangelie van Jesus Christus deur Lig in Duisternis Uitgewers laat skyn sodat die ware Lig in die donkerte van die wêreld, waarin ons vreemdelinge en bywoners is, erken en gedien word. Die mondigwording van die Publikasieafdeling het die kerkverband onder die besef gebring dat die roeping om die evangelie tot aan die uithoeke van die aarde te bring, binne bereik van die AP Kerk is. Met die slagspreuk: “Ou spore, nuwe weë”, wil die Afrikaanse Protestantse Akademie ons land bedien vanuit die klassiek-Christelike tradisie en oproep tot die erkenning van die heerskappy van Christus oor elke duimbreedte van ons samelewing.

Die tema: “Om te put uit die verlede en te bou op die toekoms”, het duidelik uit besluite, gesprekke en aanbiedings weerklink. Daar is diep besin oor die afgelope jare en hoe die AP Kerk haarself moet posisioneer om vir die volgende geslag relevant te bly.

Ons gee lof aan ons drie-enige God dat die AP Kerk 'n lewende kerk is met 'n belangrike roeping om die evangelie van ons Here Jesus Christus hier aan die suidpunt van Afrika te laat opklink, veral in omstandighede wat dit vir kerke moeiliker maak om die evangelie met vrymoedigheid in die openbaar te verkondig. Ons besef terdeë dat daar aan hierdie kant van die graf nie 'n volmaakte kerk bestaan nie, maar ons dank die Vader dat die kerk die voorwerp van God se besondere genade is en daarvan kan die AP kerkverband ná afloop van Sinode 2022 getuig.

My bede is dat die besluite wat tydens die Sestiende Sinode geneem is, tot stigting van ons kerkverband, tot eer van God en tot uitbreiding van sy koninkryk sal wees.

Prof. dr. GDS Smit
Voorsitter

EERSTE SESSIE: 12:00-14:30

Prof. dr. JAE Adendorff (Pretoria-Oos), die voorsitter van die vorige Sinode (bepaling 41E) tree as waarnemende voorsitter op en di. A Hough (Tzaneen) en HSW Strauss (Grootfontein – Tvl.) as waarnemende skribas, soos aangewys deur die SKK.

1. SAMESANG

Ds. AS van Staden jr. (Vryburg) lei die samesang en ds. F de Bruin (Bethlehem) neem die orrelbegeleiding vir die duur van die Sinode waar.

2. SKRIFLESING EN GEBED

Ds. GF Aggenbag (Port Elizabeth), geseënd in die ouderdom van 89 jaar, neem die Skriflesing en gebed waar as die dienende predikant wat die oudste in jare is (bepaling 41E). Die vergadering sing Gesang 29:1-3, waarna 1 Korinthiërs 12:12-27 en Efésiërs 4:16 gelees word.

3. VERWELKOMING

- 3.1 Die waarnemende voorsitter, prof. dr. JAE Adendorff (Pretoria-Oos), verwelkom al die afgevaardigdes, gaste en uitstallers by hierdie besondere geleentheid.
- 3.2 Dr. Danie Langner verwelkom almal teenwoordig namens die Voortrekkermonument.
- 3.3 Mnr. Shaun Heunis (Kommersiële Bestuurder: Voortrekkermonument) lig die vergadering aangaande die Voortrekkermonument se Projek 10 000 in.

4. GROETEBOODSKAPPE

Die vergadering neem met dank kennis van verskeie groeteboodsappe wat ontvang is en die waarnemende voorsitter wys daarop dat die groeteboodsappe op die Sinodewebblad gelees kan word (kyk Bylae 1).

5. PRAKTIESE REËLINGS

Ds. HSW Strauss (Grootfontein – Tvl.) gee enkele praktiese reëlins aan die vergadering deur.

6. EERSTE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR GELOOFSBRIEWE (TKG1)

Ds. JH Bisschoff (Gordonia) lewer die verslag van die TKG.

1. PERSONEEL – Kennis geneem.

Ds. JH Bisschoff (sameroeper), di. JHE du Plessis (Hoëveld-Ermelo/Carolina), AP Boshoff (Leonardville), RJ Pretorius (Hoëveldrif); oudl. PW Möller (Grootfontein – Tvl.).

2. OPDRAG – Kennis geneem.

Geloofsbriewe is nagegaan en registrasie van afgevaardigdes hanteer. Registrasie vir konstituering het om 11:00 gesluit. Dien die Sinode met 'n aanbeveling sodat die Sinode kan konstitueer. Gee deurlopend verslag van personeelwisseling, sodat die kworum op enige gegewe tydstop van die Sinode, vasgestel kan word.

Mnr. GJJ van Rensburg (Rekenmeester) gee toeligtig oor die gemeentes waarvan die 15%-oorbetalings agterstallig is en hulle dus nie stemgeregtig is nie. Die waarnemende voorsitter gee aan die gemeentes waarvan die 15%-oorbetalings agterstallig is, die geleentheid om hul saak te stel.

Die verslag word onderbreek.

7. MIDDAGETE

Dr. JH Breytenbach (Witbank) doen die tafelgebed, waarna die vergadering vir middagete verdaag.

TWEEDE SESSIE: 14:30-15:30

8. SAMESANG

Ds. A van Zyl (Middelburg) lei die samesang.

9. AFKONDIGINGS

Die waarnemende voorsitter doen enkele afkondigings.

10. EERSTE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR GELOOFSBRIEWE (TKG1) VERVOLG

Ds. JH Bisschoff (Gordonia) gaan voort om die verslag van die TKG te lewer.

3. BEVINDING

Die volgende afgevaardigdes is teenwoordig met die nodige geloofsbriewe in plek:

VOLLE NAAM EN VAN	GEMEENTE
Oudl. Gerhardus Petrus Herbst	Alfa
Oudl. Matthys Johannes du Koker	Alfa
Ds. Nicolaas Jacobus Coetzee	Amajuba
Oudl. Hendrik Johan Ferreira	Amajuba
Oudl. Casparus Johannes Volschenk	Arnot/Hendrina
Ds. Adriaan Marthinus Appelgryn	Arnot/Hendrina
Oudl. Stefanus Albertus Grobler	Belfast
Oudl. Sydney John Moulton	Belfast
Oudl. Jacobus Boshoff	Benoni
Oudl. Carel Hendrik Hancke	Bethal
Oudl. Daniël Jacobus Roos	Bethal
Ds. Francois de Bruin	Bethlehem
Oudl. Marthinus Lourens Wessels Roux	Bethlehem
Oudl. Francois Paul Naudé	Bethlehem
Oudl. Abraham Adriaan James Winter	Bloemfontein Moedergemeente
Oudl. dr. Hendrik Minnaar	Bloemfontein Moedergemeente
Ds. Henri Scherman	Bloemfontein Moedergemeente
Ds. Lourens Johannes du Preez	Bothaville

VOLLE NAAM EN VAN	GEMEENTE
Oudl. Jacob Venter	Bothaville
Ds. Lucas Petrus Stoltz	Brandfort
Oudl. Stephanus Tjaart Janse van Rensburg	Brandfort
Oudl. Daniël Hermanus Samuel de Wet	Bronkhorstspuit
Oudl. Hendrik Johannes Christiaan Liebenberg	Christiana
Ds. Gerhardus Matthys Blom	Christiana
Oudl. Petrus Johannes Theobaltus Hamman	Coligny
Oudl. Petrus Frederik Oberholster	Cullinan-Rayton
Oudl. Albertus Barend Smit	Cullinan-Rayton
Oudl. Daniël Johannes Cornelius de Villiers	Delareyville
Ds. Petrus Janse van Rensburg	Dendron
Oudl. Charles Owen Eagar	Dendron
Oudl. Wouter Adrianus van Amstel	Dendron
Oudl. Leon Botes	Derby
Ds. Arnoldus Nieuwhof	Ellisras
Oudl. Francois Petrus Jacobus van Deventer	Ellisras
Oudl. Jan Jacobus Haywood van Staden	Ellisras
Oudl. Joseph Albertus Olivier	Fonteine (Springs)
Oudl. Abraham Hermanus de Vries	Fonteine (Springs)
Oudl. Johann Wilhelm Janse van Rensburg	Frankfort
Oudl. Hendrik Gotfried Liebetrau	Frankfort
Oudl. Pieter Louis Vlok	George
Oudl. Cornelius Jakobus Potgieter	George
Ds. Jan Hendrik Bisschoff	Gordonia
Oudl. Johannes Frederik Lodewikus Kalp	Gordonia
Oudl. Anton Johannes Slabbert	Gordonia
Oudl. Hendrik Christiaan Brits	Griekwastad
Oudl. Wouter Daniël Retief Scholtz	Groblersdal
Oudl. Marthinus Johannes Greyling	Groblersdal
Ds. Paul Jacobus Möller	Groblersdal
Oudl. Schalk Carel Willem van Schalkwyk	Grootfontein (Tvl.)
Ds. Hendrik Schalk Willem Strauss	Grootfontein (Tvl.)
Oudl. Pieter Willem Möller	Grootfontein (Tvl.)
Oudl. Daniël Jacobus Grobbelaar	Grootfontein, Namibië
Oudl. Barend Jacobus Brink	Grootfontein, Namibië
Ds. Jan Daniël Fourie	Hardeveld
Oudl. Mynhardt Jacobus du Preez	Hartbeespoort
Ds. Cornelius Rautenbach	Heidelberg
Oudl. Herman John Booysen	Heidelberg
Oudl. Francois Jacobus van Eeden	Heidelberg
Ds. Willem Jacobus Albertus van Schalkwyk	Heilbron
Oudl. Hendrik Francois Naudé	Heilbron

VOLLE NAAM EN VAN	GEMEENTE
Oudl. Clarence Nelson Naudé	Heilbron
Oudl. Johannes Andries Bezuidenhout	Hertzogville
Ds. Adriaan Johannes Bester	Hluhluwe
Oudl. Dirk Johannes Harding	Hoedspruit
Oudl. Gabriël Alberts van der Ryst	Hoedspruit
Ds. Andries Joubert Ferreira	Hoedspruit
Ds. Johannes Hendrikus Ernst du Plessis	Hoëveld-Ermelo
Oudl. Wynand Heinrich Otto Fourie	Hoëveld-Ermelo
Ds. Riaan Johannes Pretorius	Hoëveldrif (Secunda)
Oudl. Louis Johannes Nel	Hoëveldrif (Secunda)
Ds. Louis Daniël Greyling	Jeffreysbaai
Oudl. Wilhelmus Gerhardus van der Linde	Jeffreysbaai
Oudl. Pieter Willem Adriaan Mulder	Jeffreysbaai
Ds. Gerhardus Johannes Hercules Kruger	Kareedouw
Ds. Johann Brinsley Trollip	Kathu/Kuruman
Oudl. Antonie Johannes Jansen van Vuuren	Kemptonpark
Oudl. Theunis Jacobus Potgieter	Kemptonpark
Ds. Nicolas Jakobus Hefer	Kimberley
Ds. Gabriel Coenraad Daniël Stoltz	Kimberley – Die Kruis
Oudl. Gert Andries van Niekerk	Kimberley – Die Kruis
Oudl. Frederik Gerhardus du Raan	Kimberley – Die Kruis
Oudl. Daniël Marthinus Koekemoer	Kleinfontein
Oudl. Marius Ludolf Bosch	Kleinfontein
Oudl. Jacobus Hendrikus van Antwerpen	Klerksdorp
Oudl. Johannes Hieronymus Rossouw	Klerksdorp
Oudl. Nicolaas Christiaan Johannes Solomon	Koedoesrand
Oudl. Nicolaas Jacobus van Niekerk	Koedoesrand
Oudl. Timotheus Francois Potgieter	Koster
Ds. Daniël Jacobus Malan	Koster
Ds. Willem Andries Burger	Krugersdorp
Oudl. Albertus Jacobus Smit Steynberg	Lebombo
Oudl. Daniël Barend Pretorius	Lebombo
Oudl. David Hercules Roux	Leeudoringstad
Oudl. Paul Hendrik van Zyl	Leonardville
Ds. Albertus Petrus Boshoff	Leonardville
Dr. Casper Francois Meiring	Lichtenburg
Oudl. Pieter Christiaan Buys	Lichtenburg
Oudl. dr. Jan Adriaan Schlebusch	Lichtenburg
Ds. Wynand Johannes van der Westhuizen	Louis Trichardt
Oudl. Theodorus Louis Lordan	Louis Trichardt
Oudl. Willem Abraham Wepener	Louis Trichardt
Oudl. Willem Andries van der Wal	Lydenburg
Oudl. Johan Hendrik Burger	Lydenburg
Oudl. Jacobus Francois van der Lith	Marble Hall

VOLLE NAAM EN VAN	GEMEENTE
Oudl. Jan Hermanus Fouché	Marble Hall
Ds. Pieter Johannes Malan	Marble Hall
Oudl. Arie Willem Claasens Bornman	Marken
Oudl. Johannes Hendrik Viljoen	Marken
Ds. Armand Van Zyl	Middelburg
Oudl. Adam Barnard	Mooi-nooi
Ds. Leon Lubbe	Moot-Sentraal
Oudl. Matthys Johannes Fourie	Moot-Sentraal
Oudl. dr. Adriaan Izak Odendaal	Moot-Sentraal
Oudl. Gerhardus Petrus van Rhyen	Mosselbaai
Oudl. Trevor Brian Cloete	Mosselbaai
Ds. Dawid Engelbert Pretorius	Mosselbaai
Oudl. Jan Harm Steenkamp	Naboomspruit
Ds. Johannes Dewald van der Merwe	Naboomspruit
Ds. Louis Abraham Francois Kirstein	Nelspruit
Ds. Jaques Pierre Boonzaier	Nigel
Oudl. Pieter Sweetnam	Olifantshoek
Oudl. Thom Sweetnam	Olifantshoek
Ds. Johan Verdoes	Olifantshoek/Postmasburg
Oudl. Jan Daniël Leonard Essis du Plessis	Oos-Rand
Oudl. Jan Dawid Adriaan Beyers	Orania
Ds. Ruan Kruger Combrink	Orania
Oudl. Bernardus Roode	Orkney
Oudl. Abraham Jacobus Byleveldt	Orkney
Oudl. Pieter Machiel Breytenbach	Ottosdal
Oudl. Nico Johan de Bruyn	Ottosdal
Ds. Johannes Guillaume Brink	Outjo
Oudl. Gert Adriaan Pienaar	Outjo
Oudl. Willem Johannes Lötter	Petrus Steyn
Ds. Ryno van As	Petrus Steyn
Oudl. Gordon Horn	Pietersburg
Oudl. Charles Rhodes Oosthuizen	Pietersburg
Ds. Wickus Jordaan Malan	Pietersburg
Ds. Gideon Frederik Aggenbag	Port Elizabeth
Oudl. Johannes Albertus Smuts	Postmasburg
Oudl. Jan Lodewikus van Rensburg	Potchefstroom
Ds. Johan Christiaan Gericke	Potchefstroom
Oudl. Botha Laubscher	Potchefstroom
Ds. Fredry Pretorius	Potchefstroom
Ds. Henning Johannes Dafel	Potgietersrus
Oudl. Nicolaas Wilhelmus Struwig	Potgietersrus
Oudl. Lambertus Johannes Möller	Potgietersrus
Oudl. Lukas Cornelis Rudolf Beyers	Pretoria-Oos
Oudl. Edward Fredrick Celliers	Pretoria-Oos

VOLLE NAAM EN VAN	GEMEENTE
Prof. dr. Jacobus Augustus Erdzard Adendorff	Pretoria-Oos
Ds. Adam Boshoff	Pretoria-Oos
Ds. Dewald Francous Marthinus Cronjé	Riversdal
Ds. Emile Chris Trollip	Sannieshof
Oudl. Adriaan Jacobus Jansen van Vuuren	Sannieshof
Oudl. Daniël Jacobus Bouwer	Sannieshof
Ds. Martin Johannes Lodewyk Jordaan	Schweizer-Reneke
Oudl. Nico Mostert Kilian	Schweizer-Reneke
Oudl. Theodorus Ernst Pieterse	Schweizer-Reneke
Ds. Jacobus Christoffel Jooste	Standerton
Oudl. Eusebius Sharpe Pretorius	Standerton
Ds. Markus Johannes Mattheus	Steynsburg
Oudl. Jacobus Combrinck Jacobs	Suidkus
Ds. Roelof Frederik Smit	Thabazimbi
Oudl. William Spencer Grimes	Thabazimbi
Oudl. Josef Petrus van Wyk	Thabazimbi
Ds. Leon Antonius du Plessis	Trans-Magalties
Oudl. Christian Johannes de Wet	Trans-Magalties
Oudl. Hendrik de Wet Lategan	Tygerberg
Oudl. Willem Heath	Tygerberg
Ds. Aubrey Hough	Tzaneen
Oudl. Petrus Albertus Venter	Tzaneen
Oudl. Johan Coenraad Weilbach	Vaalwater
Ds. Philippus Johannes Lodewyk Olivier	Vanderbijlpark
Oudl. Frans Jacobus Fourie	Ventersdorp
Oudl. Frederik Jacobus Johannes de Kock	Ventersdorp
Oudl. Willem Johannes Izak Els	Verwoerdburg
Ds. Wynand van Zyl	Verwoerdburg
Oudl. Barend Petrus van Wyk	Verwoerdburg
Oudl. Jacobus Louis Nienaber	Viljoenskroon
Ds. Matthys Rinus Burger	Viljoenskroon
Oudl. Willem Johannes Kiessig	Viljoenskroon
Oudl. Stephanus Jacobus Breytenbach	Vryburg
Ds. Adriaan Stefanus van Staden	Vryburg
Oudl. Lourens Christian Odendaal	Vryburg
Ds. Lourens Erasmus Prinsloo	Waterberg
Oudl. Hendrik Frederik Ferdinandes Grobbelaar	Waterberg
Oudl. Jacobus Johannes Stapelberg	Waterberg
Ds. Theunis Christoffel van der Merwe	Wesmoot
Oudl. Jacobus Johannes Matthee	Wesmoot
Oudl. Hendrik Stephanus van der Riet	Winburg
Ds. Willem Johannes Theron	Windhoek
Oudl. Hendrik Josephus Botha	Witbank
Dr. Johan Hendrik Breytenbach	Witbank

VOLLE NAAM EN VAN	GEMEENTE
Oudl. Jacobus Arnoldus Retief	Witbank
Prof. dr. Gerrit Daniël Stephanus Smit	Wonderboom
Oudl. Lourens Petrus Greyling	Wonderboom
Oudl. Frederik Jacobus van Graan	Wonderboom
Oudl. Jan Harm du Plessis	Zeerust

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.1 Die vergadering konstitueer as Sinode 2022 met 197 afgevaardigdes uit 98 gemeentes.

4. STEMREG (vgl. *Sakelys 2022*, bl. 4, pt. 6.1)



AANBEVELING VERWYS NA TKKS (vgl. ook *Handelinge 2022*, bl. 409, pt. 52) [Kyk ordemosie pt. 11 hier onder]

Die Sinode besluit dat die genoemde gemeentes nie stemreg op die Sinode van 29/08/2022 tot 02/09/2022 het nie (kyk Bylae GKK1, *Sakelys 2022*, bl. 106).

ORDEMOSIE GOEDGEKEUR:

Die Sinode besluit dat Aanbeveling 6.1 (*Sakelys 2022*, bl. 4) uitgestel word totdat die gemeentes die geleentheid gekry het om billike, broederlike ooreenkomste ten opsigte van betaling aan die GKK, onder leiding van die TKKS, te tref.

Voorsteller: Dr. JH Breytenbach (Witbank)

Sekondant: Oudl. HJ Botha (Witbank)

5. VERSKONINGS – Kennis geneem.

Die volgende 55 gemeentes het verskoning aangeteken:

Aberdeen	Kuruman	Reitz
Albertinia	Laersdrif	Reivilo
Balfour	Lindley	Robertson
Bethulie	Magaliesburg	Roedtan
Bloemhof	Memel	Senekal
Carolina	Messina	Somerset-Oos
Clanwilliam	Meyerton	Stella
Clocolan	Newcastle	Stellenbosch/Somerset/Strand
De Aar	Olifantsrivier	Theunissen
Delmas	Oudtshoorn	Uitenhage
Dewetsdorp	Paul Roux	Vaalharts
Douglas	Petrusburg	Vanwyksvlei (ontbind tans)
Engeland en Wallis (ontbind tans)	Phalaborwa	Vereeniging
Fraserburg	Piet Retief	Vryheid
Greylingstad	Piketberg	Warmbad

Groter-Durban	Pofadder	Weskus
Hennenman	Prieska	Wesselsbron
Hoopstad	Randfontein	Worcester
Johannesburg		

6. AFWESIG SONDER VERSKONING

Die Sinode neem kennis van die volgende **48** gemeentes wat afwesig is sonder om verskoning aan te teken:

Bainsvlei	Dealesville	Oos-Rand
Barkly-Oos	Devon (ontbind tans)	Parys
Barkly-Wes	Dundee/Glencoe (ontbind tans)	Richardsbaai
Beaufort-Wes	Excelsior	Sanddrift
Biesiesvlei	Gansbaai (ontbind tans)	Smithfield
Bloemfontein-Noord	Gelofte-Pietermaritzburg	Stormberg
Boshof (ontbind tans)	Harrismith	Strydenburg (ontbind tans)
Brakpan	Hopetown	Sutherland (ontbind tans)
Brakrivier	Kakamas	Tarkastad
Brits	Keetmanshoop	Tuinplaas
Britstown (ontbind tans)	Knysna	Utrecht
Buhrmannsdrif	Kroonstad	Villiers
Calvinia	Marquard	Vrede
Carletonville	Migdol	Welkom
Carnarvon	Morgenzon (ontbind tans)	Welwitschia
Cornelia (ontbind tans)	Namakwaland	Zoar

7. LAAT REGISTRASIE

Die vergadering neem kennis van die volgende broeders wat ná 11:00 geregistreer het.

Ds. Olof Greyling van Rooyen	Witrivier
Oudl. Albertus Jacobus Opperman	Outjo

Hiermee is die aantal afgevaardigdes 199 uit 99 gemeentes.

11. AANWYSING VAN STEMOPNEMERS EN -TELLERS

Die volgende afgevaardigdes word goedgekeur as stemopnemers en -tellers:

Ds. H Scherman (Bloemfontein Moedergemeente) [sameroeper], ouderlinge NJ de Bruyn (Ottosdal), PW Möller (Grootfontein – Tvl.), SCW van Schalkwyk (Grootfontein – Tvl.), JA Bezuidenhout (Hertzogville), ES Pretorius (Standerton).

12. ORDE VAN STEMPROSEDURES

Ds. JL Schütte (Direkteur van Kerkadministrasie) gee 'n verduideliking oor die stemprosedures wat per selfoon via die Vevox-toepassing sal plaasvind.

13. KENNISNAME VAN ORDEREËLS

Die vergadering neem kennis van die ordereëlings (*Sakelys 2022*, bl. 3; vgl. ook bl. 69-76 in *Kerkorde 2018*).

14. NOMINASIES: VOORSITTER

Die waarnemende voorsitter versoek die Sinode om nominasies in te dien vir die verkiesing van 'n voorsitter vir die Sinode. Die volgende broeders word genomineer:

Dr. JH Breytenbach (Witbank), di. A Hough (Tzaneen), MJL Jordaan (Schweizer-Reneke), PJ Möller (Groblersdal), prof. dr. GDS Smit (Wonderboom), di. GCD Stoltz (Kimberley – Die Kruis), WJA van Schalkwyk (Heilbron), A van Zyl (Middelburg), W van Zyl (Verwoerdburg) en HSW Strauss (Grootfontein – Tvl.).

15. BENOEMING VAN TYDELIKE KOMMISSIES

Die vergadering neem kennis dat tydelike kommissies deur die SKK ingedeel is volgens voorkeur en bekwaamhede van afgevaardigdes tydens registrasie.

Die lys van tydelike kommissies is by die ingang aangebring.

16. ORDEMOSIE: KENNIS GENEEM

'n Ander geskikte metode ('n klok of "gewone" orrelspel) sal sowat 12-15 minute voor die aanvang van 'n sittingstyd gebruik word om sinodegangers daaraan te herinner dat 'n nuwe sittingstyd aangebreek het en dat die samesang gevolglik eers 'n aanvang sal neem wanneer alle sinodegangers hul plekke ingeneem het.

Motivering:

1. Persoonlik pleit ek al jare lank dat die samesang nie daarvoor gebruik moet word nie, want die kerkhervormer Johannes Calvyn het al daarop gewys dat 'n kerklied 'n gebed is wat gesing word in die teenwoordigheid van die drie-enige God en sy heilige engele.
2. Dit is dus uiters onstigtelik, oneerbiedig en totaal onaanvaarbaar wanneer onderlinge gesprekke gevoer, allerlei ander leesstof soos koerante gelees en/of selfs grappe gemaak/vertel word terwyl daar tot eer van die Here en stigting van die Sinode gesing word.
3. Dit is vir my as emeritusleraar en oudvoorsitter van die KKM 'n saak van groot erns!

Voorsteller: Ds. DJ Malan (Koster)

17. GOEDKEURING VAN DIE DAGPROGRAM

Die vergadering keur die "Dagprogramme" vir die week (vgl. *Sakelys 2022*, bl. 4-6) goed.

18. UITSLAG VERKIESING: VOORSITTER

Prof. dr. GDS Smit (Wonderboom) word met 'n volstreekte meerderheid verkies. Hy neem die voorsitterstoel in. Prof. dr. JAE Adendorff (Pretoria-Oos) wens hom die seën van die Here toe waarna die Sinode hom Psalm 134:4 toesing.

19. NOMINASIES: ONDERVOORSITTER

Die voorsitter versoek die vergadering om nominasies in te dien vir ondervoorsitter.

Die volgende broeders word genomineer: Prof. dr. JAE Adendorff (Pretoria-Oos), di. PJ Möller (Groblersdal), A Hough (Tzaneen), W van Zyl (Verwoerdburg), WJA van Schalkwyk (Heilbron), dr. JH Breytenbach (Witbank), di. GCD Stoltz (Kimberley – Die Kruis) en A van Zyl (Middelburg).

20. VERKIESING ONDERVOORSITTER: TWEDE RONDE

Die vergadering word versoek om tussen die volgende broeders te stem vir 'n tweede ronde: Prof. dr. JAE Adendorff (Pretoria-Oos), di. PJ Möller (Groblersdal), WJA van Schalkwyk (Heilbron) en W van Zyl (Verwoerdburg).

Prof. dr. JAE Adendorff (Pretoria-Oos) is as ondervoorsitter verkies en word deur die voorsitter gelukgewens.

21. NOMINASIES: SKRIBA

Die voorsitter versoek die vergadering om nominasies vir 'n skriba in te dien.

Die volgende broeders word genomineer: Di. LD Greyling (Jeffreysbaai), A Hough (Tzaneen), HJ Dafel (Potgietersrus), HSW Strauss (Grootfontein – Tvl.), WJA van Schalkwyk (Heilbron), AJ Ferreira (Hoedspruit), W van Zyl (Verwoerdburg), A van Zyl (Middelburg) en GCD Stoltz (Kimberley – Die Kruis).

Ds. HSW Strauss (Grootfontein – Tvl.) word met 'n volstrekte meerderheid tot skriba verkies. Die voorsitter wens hom hartlik geluk.

22. KOFFIETYD

Die Sinode verdaag vir 'n koffiebreuk.

DERDE SESSIE: 16:15-17:30**23. SAMESANG**

Ds. W van Zyl (Verwoerdburg) lei die samesang.

24. AFKONDIGINGS

Die voorsitter doen enkele afkondigings.

25. VERKIESING: HULPSKRIBA

Die voorsitter versoek die vergadering om uit die volgende genomineerde broeders 'n hulpskriba te kies: Di. HJ Dafel (Potgietersrus), JHE du Plessis (Hoëveld-Ermelo/Carolina), LD Greyling (Jeffreysbaai/Somerset-Oos), A Hough (Tzaneen), PJ Möller (Groblersdal) en A van Zyl (Middelburg).

Ds. A Hough (Tzaneen) word met 'n volstrekte meerderheid tot hulpskriba verkies.

26. OPENINGSREDE

Prof. dr. J Bosman (Leerstoel: Diakoniologie en Missiologie) lewer die openingsrede met die tema: “Die AP Kerk van 2037, 50 jaar ná haar ontstaan in 1987” (kyk Bylae 2).

27. VERSLAG: SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK) [Sake/ys 2022, bl. 7]

Ds. HSW Strauss (Grootfontein – Tvl.) hou die verslag voor.

1. PERSONEEL – Kennis geneem.

2. VERGADERINGS – Kennis geneem.

3. SINODALE OPDRAGTE 2017 – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 3.1.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor gemeentes wat eredienste direk uitsaai of dit elektronies beskikbaar stel.
- 3.1.2 Die Sinode moedig kerkrade aan om, waar moontlik, hul eredienste uit te saai of deur middel van elektroniese mediums te versprei.
- 3.1.3 Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die SKK ten opsigte van die bediening aan lidmate in die buiteland.

VOORSTEL GOEDGEKEUR:

- 3.1.4. Die Sinode gee aan die SKK opdrag om gemeentes wat beplan om kerke onder Afrikaners in die buiteland te plant, te adviseer en by te staan.

Voorsteller: Ds. MJL Jordaan (Schweizer-Reneke)

Sekondant: Oudl. NM Kilian (Schweizer-Reneke)

3.2 KONVENT VAN REFORMATORIESE KERKE (*Handelinge 2017*, bl. 340, pt. 3.3) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 3.2.1 Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die SKK.

3.3 PRAKTIESE HULP IN KLEINER GEMEENTES (*Handelinge 2017*, bl. 340, pt. 3.5.1-8) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 3.3.1 Die Sinode neem kennis van die SKK se koördinerings en ondersteuning van die bediening in kleiner gemeentes.
- 3.3.2 Die Sinode spreek waardering en dank uit teenoor leraars en kerkrade wat hulp verleen met die bediening in kleiner gemeentes.
- 3.3.3 Die Sinode doen 'n ernstige beroep op kerkrade en leraars wat tans nie betrokke is by die bediening in kleiner gemeentes nie, om gehoor te gee aan die sinodebesluit (*Handelinge 1988*, bl. 47, pt. 60.4, *Handelinge 2017*, bl. 341, pt. 3.5.8) om hul leraar vir ten minste twee weke per jaar vir die bediening in kleiner gemeentes af te staan. Kerkrade wat nie weet waar om betrokke te raak nie, kan die Gemeenskaplike Kerkkantoor skakel.
- 3.3.4 Die Sinode wys gemeentes wat permanent van leraars uit ander kerkverbande gebruik maak daarop dat daar binne die kerkverband werklik ander moontlikhede is om te oorweeg.

3.4 GESPREKKE MET ANDER CHRISTELIKE KERKE (*Handelinge 2017*, bl. 341, pt. 3.6.1)

3.4.1 GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA (GKSA) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 3.4.1.1 Die Sinode neem met hartseer kennis van die GKSA se besluite oor die AP Kerk tydens hulle vorige sinode.
- 3.4.1.2 Waar daar goeie verhoudings met die GKSA bestaan, moedig die Sinode plaaslike kerke aan om daardie verhoudings met die GKSA uit te bou en te versterk tot eer van die Here.

3.4.2 NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.4.2.1 Die Sinode neem kennis dat geen amptelike gesprekke gevoer is nie.

AANBEVELING GEWYSIG GOEDGEKEUR:

3.4.2.2 Die Sinode neem met dank kennis van die aanbeveling van die Kairos Netwerk dat hulle teologiese studente *onder andere* by die AP Akademie kan studeer. Dit bevestig die hoë standaard van teologiese opleiding en die gereformeerde grondslag wat in die opleiding deur die AP Akademie gehandhaaf word.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.4.2.3 Die Sinode moedig gesprek met die Kairos Netwerk aan.

3.4.3 NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA (NHKA) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.4.3.1 Die Sinode neem kennis van die gesprek wat plaasgevind het.

3.4.4 KONFERENSIE VAN GEREFORMEERDE KERKE VAN SUID-AFRIKA (KGKSA) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.4.4.1 Die Sinode neem kennis van die gesprek met Môrester Afrikaanse Reformatoriese Kerk wat plaasgevind het.

3.4.5 GELOOFSBOND VAN HERVORMDE GEMEENTES (GHG) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.4.5.1 Die Sinode neem kennis van die gesprek wat met die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes gevoer is.

3.4.6 REFORMED CHURCH OF THE NORTH SHORE, AUCKLAND, NIEUW ZEALAND – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.4.6.1 Die Sinode neem kennis dat daar geen amptelike verhouding met die Reformed Church of the North Shore bestaan nie.

3.4.7 VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA (VGKSA) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.4.7.1 Die Sinode neem kennis van die korrespondensie tussen die SKK en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

3.4.8 GEREFORMEERDE GEMEENTEN IN NEDERLAND PRETORIA – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.4.8.1 Die Sinode gee opdrag aan die SKK om 'n studiestuk op te stel oor onderlinge samewerking tussen plaaslike kerke aan die hand van gereformeerd-kerkregtelike beginsels en die ontwikkeling van gedagtes oor korrespondensie en ekumeniese bande.

Motivering – Kennis geneem.

3.5 *ELKEEN ORAL GESTUURDE* (Handelinge 2017, bl. 343, pt. 3.8.1-5) – Kennis geneem. (vgl. *Handelinge 2022*, PK-verslag [bl. 429](#), pt. 4.5). 

3.6 *OPENING VAN SINODE* (Handelinge 2017, bl. 342, pt. 3.9.1-2) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.6.1 Die Sinode neem kennis daarvan dat Sinode 2022 se opening nie op 'n Sondag plaasgevind het nie.

AANBEVELING GEWYSIG GOEDGEKEUR:

3.6.2 Die Sinode neem kennis van die AP Kerk se klas B-lidmaatskap van die Erfenisstigting.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.6.3 Die Sinode moedig kerke en leraars aan om betrokke te wees by die bewaring van die Afrikaner se historiese erfenis.

Die verslag van die SKK word onderbreek.

28. NOMINASIE: AKTUARIUS

Die voorsitter versoek die Sinode om nominasies vir 'n aktuaris.

29. TAFELGEBED

Prof. dr. CA Swanepoel (Leerstoel: Dogmatologie) doen 'n tafelgebed en die vergadering verdaag vir aandete.

Hiermee is die amptelike verrigtinge van die eerste sittingsdag afgehandel.

VIERDE SESSIE (NIEAMPTELIK): 19:15-21:00

30. AFKONDIGINGS

Die voorsitter doen enkele afkondigings.

31. BOEKBEKENDSTELLING

Ds. HSW Strauss (Hoof: Lig in Duisternis Uitgewers) stel enkele boeke aan die vergadering bekend.

32. MET WOORD EN LIED

Die vergadering beleef 'n luisterryke geleentheid en hartlike samesang met die aanbieding van *Met Woord en Lied*. Die volgende kunstenaars dra met groot dank by tot hierdie geleentheid: Ds. JL Schütte (voorleser), André de Vente (orrelis), Braam van Tonder en Wynand 't Hart (trompetters), asook Pieter van Deventer (violis).

33. DAGAFSLUITING

Die dagafsluiting word deur ds. JB Trollip (Kathu/Kuruman) behartig. Hy lees Psalm 103 en doen 'n gebed.

EERSTE SESSIE: 8:30-10:30

34. SAMESANG EN VERWELKOMING

Ds. J Verdoes (Olifantshoek/Postmasburg) lei die samesang.

Die voorsitter verwelkom alle gaste, in die besonder prof. Izak en mev. Annatjie Brink.

35. BIDSTOND

Oudl. JFL Kalp (Gordonia) lei die bidstond. Die Sinode sing Psalm 18:1 en 3. Hy lees 1 Konings 19 en doen 'n gebed. Die Sinode sing Gesang 304.

36. AFKONDIGINGS EN REËLINGS

Die voorsitter doen enkele afkondigings en vra die ondervoorsitter om bepaalde ordereelings duidelik te maak.

37. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR VERLOFAANSOEKE (TKV1)

Ds. JH Bisschoff (Gordonia) lewer die verslag.

1. PERSONEEL – Kennis geneem.

Ds. JH Bisschoff (Gordonia) [sameroeper]; di. DFM Cronjé (Albertinia), R van As (Petrus Steyn), JHE du Plessis (Hoëveld-Ermelo/Carolina); ouderlinge PM Breytenbach (Ottosdal), AJ Slabbert (Gordonia), JFL Kalp (Gordonia).

2. VERLOFAANSOEKE

Die volgende aansoeke vir verlof is ontvang:

BROEDER	TYD	DATUM
Du Preez, MJ (Hartbeespoort)	Hele dag	30/08/2022
	Hele dag	31/08/2022
	Hele dag	02/09/2022
Grobler, NJ (Rustenburg)	18:00 e.v.	29/08/2022 – 01/09/2022
Du Koker, MJ (Alfa)	10:00	12:00 30/08/2022
Smit, AB (Cullinan-Rayton)	09:00	13:00 30/08/2022

2.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

Die Sinode keur die verlofaansoeke goed.

38. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR GELOOFSBRIEWE (TKG2)

Die Sinode neem kennis van die volgende personeelwisseling:

Nuwe afgevaardigdes:

Fonteine Oudl. Johan Hendrik Snyman
Bronkhorstspuit Oudl. Jacobus van der Linde

Daar is 97 gemeentes teenwoordig met 197 afgevaardigdes.

39. VERKIESING VAN AKTUARIUS

Die voorsitter versoek die vergadering om 'n aktuaris uit die volgende genomineerdes te kies: Dr. JH Breytenbach (Witbank); di. WJ Malan (Pietersburg), PJ Möller (Groblersdal); WJA van Schalkwyk (Heilbron) en oudl. JP van Wyk (Thabazimbi).

Ds. WJA van Schalkwyk (Heilbron) word as aktuaris verkies en die voorsitter wens hom geluk.

40. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR MEDIASKAKELING (TKM1)

Ds. MJ Mattheus (Steynsburg/Barkly-Oos/Tarkastad/Stormberg) hou die verslag voor.

1. PERSONEEL – Kennis geneem.

Ds. A Boshoff jr. (Pretoria-Oos) [sameroeper]; ds. MJ Mattheus (Steynsburg/Barkly-Oos/Tarkastad/Stormberg); oudl. LCR Beyers (Pretoria-Oos), oudl. GP van Rhyn (Mosselbaai).

2. OPDRAG

Dien die Sinode met 'n daaglikse verslag oor die werksaamhede en besluite van die Sinode wat, ná goedkeuring deur die Sinode, aan die media vrygestel kan word.

3. VERSLAG GOEDGEKEUR:

1. Die Sestiende Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk het op 29 Augustus 2022, in die 35ste bestaansjaar van die kerkverband, by die Voortrekkermonument in Pretoria 'n aanvang geneem.
2. Die waarnemende voorsitter, prof. dr. JAE Adendorff (Pretoria-Oos), het die sinodegangers verwelkom met 'n herinnering aan die tydsgees waarin die Sinode plaasvind, sowel as die roeping van die kerk in só 'n tyd.
3. Dr. Danie Langner, voorsitter van die Erfenisstigting, het die sinodegangers by die Voortrekkermonument verwelkom. Dit is 'n besondere gebeurtenis, aangesien dit die eerste keer in die geskiedenis is dat 'n sinode van 'n kerkverband deur die Voortrekkermonument gehuisves word. Die Voortrekkermonument en die kerke in Suid-Afrika is inmekaargevleg, omdat die Voortrekkermonument vertel van die geskiedenis van die Afrikanervolk en die pad wat God met die volk geloop het. Die Voortrekkermonument is 'n kulturele baken vir Afrikaners, maar ook 'n uitkykpunt om die omstandighede van die gemeenskap te aanskou.
4. Ds. GF Aggenbag (Port-Elizabeth), op 89 jaar die oudste dienende leraar in die kerkverband, het die Sinode met Skriflesing uit 1 Korintiërs 12 en Efésiërs 4 en gebed geopen.
5. Die vergadering het met 197 afgevaardigdes gekonstitueer.
6. Die volgende ampsdraers is vir die vergadering verkies:

Prof. dr. GDS Smit as voorsitter
Prof. dr. JAE Adendorff as ondervoorsitter
Ds. HSW Strauss as skriba
Ds. A Hough as hulpskriba
Ds. WJA van Schalkwyk as aktuaris

7. Prof. dr. J Bosman het die openingsrede gelewer met die tema: “Die AP Kerk van 2037, 50 jaar ná haar ontstaan in 1987”. Die vraag wat gevra word is: Hoe lyk die AP Kerk vandag, 35 jaar ná haar stigting en hoe sal die AP Kerk in 2037, 50 jaar ná haar stigting lyk? In sy rede voer hy aan dat die kerk bloeiend en groeiend sal wees indien kerk wees verbondsmatig vanuit die huisgesin beoefen word. Die kerk kan dan liefdevol na buite gerig leef, sonder om die eie identiteit prys te gee. Die kerk hoef nie deur kinderloosheid versmoor en deur die heidendom oorweldig te word nie.
8. Die tweede sittingsdag sluit luisterryk af met ’n sanggeleentheid bekend as *Met Woord en Lied* onder leiding van ds. JL Schütte (voorleser), Braam van Tonder en Wynand ’t Hart (trompetters), Pieter van Deventer (violis) en André de Vente (orrelis). Psalms en gesange tot eer van die Here het die hart geraak en sinodegangers besiel om ons roeping biddend en vol lof vir God se grootheid, afhanklik van Hom as sondaarmense, in die sekerheid van ons verlossing deur Christus, belydend teenoor die wêreld, deur Christus opgewek tot nuwe liefde, saam met God die toekoms in en onder die seënende hand van die Here, te volvoer.

41. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR RINGSINDELINGS (TKR1)

1. KONSTITUERING – Kennis geneem.

Die Tydelike Kommissie vir Ringsindeling het Maandagaand gekonstitueer en ds. AP Boshoff (Leonardville) is as voorsitter van die Kommissie aangewys.

2. VERSOEK AAN GEMEENTES – Kennis geneem.

Die Kommissie versoek die gemeentes om enige veranderinge aan die huidige ringsindeling so spoedig moontlik aan die Kommissie deur te gee (dit kan wees dat gemeentes oor ringsgebiede in kombinasie of bedieningsooreenkomste saamgroepeer, of dat daar net een of twee gemeentes in ’n bepaalde ring oorgebly het ná die ontbinding van die gemeentes).

Die voorgestelde veranderinge moet teen Woensdagaand se dagafsluiting by ds. AP Boshoff (Leonardville) of ds. WJ van der Westhuizen (Louis Trichardt), ingedien word.

3. SEËNWENSE – Kennis geneem.

Die Kommissie bid die Sinode ’n geseënde sitting verder toe.

42. BROEDERLIKE GESPREK (kyk bylae 3)

Emeritusprofessor en voormalige Direkteur van Kerkadministrasie, prof. IA Brink, lewer die broederlike gesprek aan die hand van Jesaja 6:3-8.

Die voorsitter gee geleentheid vir bespreking.

43. AFKONDIGINGS

Die voorsitter doen enkele afkondigings en die vergadering verdaag vir teetyd.

TWEEDE SESSIE: 11:15-13:00

44. SAMESANG

Ds. CR Vermaak (Bybelgenootskap van Suid-Afrika) lei die samesang.

45. AFKONDIGINGS

Die voorsitter doen enkele afkondigings.

46. VERSLAG: SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK) VERVOLG (*Sakelys 2022*, bl. 13)

Ds. HSW Strauss (Grootfontein – Tvl.) gaan voort om die verslag aan die Sinode voor te hou.

3.7 GEREFORMEERDE GESPREKSFORUM (*Handelinge 2017*, bl. 345, pt. 5.7)

– Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.7.1 Die Sinode neem kennis van die werksaamhede van die Gereformeerde Gespreksforum.

3.8 AFRIKANERMUSEUM (*Handelinge 2017*, bl. 346, pt. 5.9) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.8.1 Die Sinode neem kennis dat die SKK van die saak afgestap het.

3.9 MEDEWERKERS PRETORIA FM (*Handelinge 2017*, bl. 346, pt. 5.14.1.1-3. Kyk ook *Sakelys 2022*, SKK-verslag bl. 27, pt. 5.7.1) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 3.9.1 Die Sinode neem met dank kennis van die AP Kerk se deelname aan Pretoria FM se godsdiensprogramme.
- 3.9.2 Die Sinode spreek sy hartlike dank teenoor Pretoria FM uit vir die geleentheid om aan hul uitsendings met godsdienstige programinhoud deel te neem.
- 3.9.3 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor leraars en lidmate van die AP Kerk wat as medewerkers optree en help om inhoud vir Pretoria FM se godsdiensprogramme te verskaf.
- 3.9.4 Die Sinode spreek sy kommer uit oor Pretoria FM se besluit om weg te doen met die gereformeerde belydenisgrondslag en dat dit nie meer as maatstaf vir deelnemers aan hul godsdiensprogramme hoef te dien nie. Pretoria FM is in 'n unieke posisie om sout vir die wêreld te wees en behoort daarom nie net die tydsgees te weerspieël nie, maar 'n daadwerklike invloed uit te oefen op die identiteit van sy luisteraars.
- 3.9.5 Die Sinode dra dit aan die SKK op om amptelik met die direksie van Pretoria FM oor hierdie saak te vergader, die AP Kerk se ongelukkigheid met die besluit oor te dra en die versoek te rig tot herbesinning in die lig van hul getuienistaak.

3.10 PASTORALE BEGELEIDING BY LOSMAKING (*Handelinge 2017*, bl. 347, pt. 6.3.1-3 en bl. 381, pt. 5.1.5. Kyk ook *Sakelys 2022*, KKS-verslag bl. 330, pt. 3.4)

– Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 3.10.1 Die Sinode neem met dank kennis van die Direkteur van Kerkadministrasie se begeleiding van en skakeling met leraars wat uit die bediening getree het.
- 3.10.2 Die Sinode neem kennis dat die SKK en die KKS nie uitvoer gegee het aan pt. 5.1.5, bl. 381 in *Handelinge 2017* nie.
- 3.10.3 Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die KKS en die Kuratorium en versoek die KKS om die studie te koördineer.



TERUG NA BL. 460

3.11 MOTIVERING AAN GEMEENTES WAAR HULP NIE GOEDGEKEUR WORD NIE (Handelinge 2017, bl. 348, pt. 6.4.1-3) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.11.1 Die Sinode neem kennis dat die besluit geïmplementeer is in die werkswyse van die SKK.

3.12 STUDIESTUK: TENTMAKERBEDIENING (Kyk ook KKCE-verslag *Sakelys 2022*, bl. 212, pt. 3.2) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.12.1 Die Sinode neem kennis dat die AP kerke teen tentmakerbediening besluit het (vgl. *Handelinge 2017*, bl. 273, pt. 7.2.1).

AANBEVELING GEWYSIG GOEDGEKEUR:

3.12.2 Die Sinode neem kennis van die studiestuk.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR (Aansoek om revisie is later ingedien, maar nie toegestaan nie, vgl. bl. 459):

3.12.3 Die Sinode aanvaar die volgende definisie van tentmakerbediening:

Tentmakerbediening is die praktyk waar 'n leraar sy inkomste aanvul of verdien deur 'n addisionele beroep te beoefen.

Dit kan byvoorbeeld op die volgende maniere gedoen word:

- Volledige onderhoud buite die gemeente:
Dit is 'n leraar wat 'n voltydse beroep buite die kerk beoefen en wat net 'n klein gedeelte van sy tyd, dikwels net prediking en pastorale arbeid, aan die gemeente afstaan. So 'n leraar staan byvoorbeeld in 'n vaste betrekking en bestee sy vrye tyd aan die gemeente.
- Gedeeltelike onderhoud deur die gemeente en 'n ander bedryf:
Dit verdeel sy tyd tussen die gemeente en 'n ander bedryf om in sy lewensonderhoud te voorsien. By nie een van hierdie bronne ontvang hy dus 'n traktement of salaris nie.
- Volle onderhoud van die gemeente, maar met die beoefening van 'n tweede beroep naas die bediening:
By hierdie vorm van tentmakerbediening ontvang die leraar 'n volle traktement van die kerkraad, maar is nie in die diens van die gemeente alleen nie, terwyl hy 'n tweede inkomste verdien.

Bogenoemde definisie kan deur kerkrade gebruik word om hul leraars se verklaarde inkomste te beoordeel.

3.12.4 Die Sinode herbevestig die besluit van Sinode 2017 dat 'n leraar wat selfs geringe tyd aan 'n inkomste buite die ooreenkoms soos vervat in sy beroepsbrief wy, dié belang aan die plaaslike kerkraad, as werkgewer, moet verklaar, wat besluit of die aard en omvang daarvan aanvaarbaar is of nie.

3.12.5 Die Sinode besluit dat bronne van inkomste wat nie inbreuk maak op bedieningstyd nie, nie as tentmakerbediening geag word nie.



4. STATISTIEK: 2017-2021 – Kennis geneem.

4.1 GEMEENTES GESTIG EN ONTBIND SEDERT SINODE 2017 – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 4.1.1 Die Sinode doen 'n dringende beroep op ringe om gehoor te gee aan die sinodebesluit wat bepaal dat, by ontbinding van gemeentes, alle tersaaklike dokumente aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor en Argief deurgestuur moet word.
- 4.1.2 Die Sinode vestig opnuut kerkrade en ringe se aandag op *Kerkorde 2018*, bepaling 37J en 37K.

4.2 LERAARS EMERITEER – Kennis geneem.

4.3 LERAARS UIT DIE BEDIENING MET VERLIES VAN STATUS – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 4.3.1 Die Sinode neem met hartseer kennis van die leraars wat sedert Sinode 2017 die bediening verlaat het.

4.4 LERAARS LOSGEMAAK MET BEHOUD VAN STATUS – Kennis geneem.

4.5 LERAARS OORLEDE – Kennis geneem.

AANBEVELING KENNIS GENEEM (word hanteer tydens die verslag van die KKA, Handeling 2022, bl. 453):

- 4.5.1 Die Sinode neem met hartseer kennis van leraars wat sedert Sinode 2017 oorlede is en spreek sy meegevoel teenoor hulle naasbestaandes uit.

4.6 DIENENDE LERAARS – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR (Het uitgeval in die Sakelys) (vgl. ook KUR-verslag Sakelys 2022, bl. 268):

- 4.6.4. Die Sinode bid die broeders die seën van die Here toe op hulle bediening in die kerk.

5. SAKE KRAGTENS LASGEWING HANTEER

5.1 REËL VAN SINODE (Kyk Sakelys 2022, Ordereëlings bl. 3, pt. 10) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 5.1.1 Die Sinode keur die indeling van tydelike kommissies goed.

5.2 LERAARS WAT REISENDE DIENS GELEWER HET (Kyk Bylae SKK1) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 5.2.1 Die Sinode moedig gemeentes aan wat van reisende leraars se dienste gebruik wil maak, om so 'n versoek aan die SKK te rig.

5.3 HULPBEHOEWENDE GEMEENTES EN EMERITUSHULPFONDS (Kyk Bylae SKK2 en SKK3) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 5.3.1 Die Sinode neem kennis van Bylae SKK2.
- 5.3.2 Die Sinode neem kennis van Bylae SKK3.

5.4 SKAKELING MET DIE REGERING – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 5.4.1 Die Sinode neem kennis dat die SKK namens die AP Kerk kommentaar gelewer het op wetgewing en met die regering gekorrespondeer het.
- 5.4.2 Die Sinode neem met dank kennis van die werk wat FOR SA doen en moedig kerkrade aan om die organisasie finansiële te ondersteun.
- 5.4.3 Die Sinode roep kerkrade ernstig op om toe te sien dat belangrike inligting wat deur middel van verskeie kommunikasiekanale (soos per WhatsApp-boodskap of per e-pos) deurgestuurd word, aan lidmate deurgegee word.
- 5.4.4 Die Sinode moedig kerkrade aan om ook self oor aktuele sake hul profetiese stem te laat hoor.

Motivering: – Kennis geneem.

5.5 AD HOC-KOMMISSIE VIR ADVIES EN LEIDING – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 5.5.1 Die Sinode neem kennis van die werksaamhede van die *Ad hoc*-kommissie vir advies en leiding.
- 5.5.2 Die Sinode neem met hartseer kennis van die AP Kerk Migdol se optrede.

AANBEVELING NIE GOEDGEKEUR NIE:

- 5.5.3 Die Sinode bevestig die feit dat die AP Kerk Migdol haarself met haar optrede buite die kerkverband gestel het. Die AP Kerk Migdol sal hiervan in kennis gestel word en sy sal voortaan nie meer as 'n AP Kerk erken word nie.

5.6 VEROOTMOEDIGINGSdae – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 5.6.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor gemeentes wat erns maak met verootmoediging.
- 5.6.2 Die Sinode herbevestig sy standpunt dat verootmoediging 'n deurlopende handeling moet wees.
- 5.6.3 Die Sinode moedig kerkrade aan om self inisiatief te neem met die reël van verootmoedigingsdae en om veral tydens die erediens, as deel van die liturgiese orde, hieraan aandag te skenk.

5.7 MEDIASKAKELING

5.7.1 Pretoria FM en ander radiostasies – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 5.7.1.1 Die Sinode versoek kerkrade om kerknus vir moontlike uitsending deur Pretoria FM (voor die Maandag van die week waarop dit uitgesaai moet word) na die Gemeenskaplike Kerkkantoor te stuur.

5.7.2 Verklarings – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 5.7.2.1 Die Sinode neem met dank kennis van die wye verskeidenheid aktuele sake waaroor die AP Kerk haar profetiese stem laat hoor het.

5.8 SUSTERSWERKSAAMHEDE EN PREDIKANTEKONFERENSIE (Kyk ook KUR-verslag Sakeyls 2022, bl. 271, pt. 11) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 5.8.1 Die Sinode bedank die Kuratorium en personeel van die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir die reël van die 2022-predikantekonferensie.
- 5.8.2 Die Sinode roep kerkrade op om hul leraars aan te moedig en indien moontlik, finansiëel in staat te stel om geleenthede vir verdere teologiese opleiding by te woon.
- 5.8.3 Die Sinode spreek sy waardering uit dat dit moontlik was om die koste vir die konferensie vanuit die BG Els-erflating te dra.

5.9 DIENS VAN BARMHARTIGHEID – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 5.9.1 Die Sinode neem kennis van die Ring van Moot-Sentraal se inisiatief en versoek die SKK om gemeentes in te lig indien dit sou realiseer.

5.10 BYBELVERSPREIDING: KHOISAN-GEMEENSKAP – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 5.10.1 Die Sinode neem met dank kennis van die verspreiding van Bybels aan lede van die Khoisan-gemeenskap.

5.11 BETROKKENHEID BY DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA (BGSA) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 5.11.1 Die Sinode neem met dankbaarheid kennis van ds. CR Vermaak se aanstelling as deeltydse organiserende sekretaris by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BGSA).
- 5.11.2 Die Sinode gee opdrag aan die GKK om in hul begroting voorsiening te maak vir die tekort op die traktement van ds. CR Vermaak, wat nie deur die BGSA of die gemeente waar hy deeltids betrokke is, bygebring kan word nie.

5.12 SENEKAL: BRENDIN HORNER-HOFSAAK – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 5.12.1 Die Sinode neem goedkeurend kennis van die SKK se teenwoordigheid by die Senekal-protaksie tydens die hofverrigtinge van die Brendin Horner-hofsak.

6. BESKRYWINGSPUNTE – Kennis geneem.

7. BESWAARSKRIFTE

7.1 BESWAARSKRIF TEN OPSIGTE VAN DIE VERANDERING VAN ARTIKEL 4.3 EN PUNT 2.5 VAN BYLAE 2 VAN DIE KERKORDE 2018 AANGAANDE DIE OPNAME VAN LIDMATE VANUIT ERKENDE KERKE – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 7.1.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik.

AANBEVELING VERWYS NA AD HOC-KOMMISSIE (Kyk besluit 7.1.4 hier onder)

7.1.2 Die Sinode keur die beswaarskrif goed.

7.1.3 Die Sinode keur die voorgestelde formulier goed.



ORDEVOORSTEL GOEDGEKEUR (kyk *Handelinge 2022*, [bl. 422](#)):

7.1.4 Punte 7.1.2 en 7.1.3 word verwys na 'n *ad hoc*-kommissie bestaande uit die vorige SKK en afgevaardigdes wat 'n bydrae insake hierdie saak wil lewer.

Die SKK-verslag word onderbreek.



TERUG NA BL. 426

47. AFKONDIGINGS

Die voorsitter doen enkele afkondigings.

48. BOEKBEKENDSTELLING

Ds. HSW Strauss (Hoof: Lig in Duisternis Uitgewers) stel enkele publikasies aan die Sinode bekend.

49. MIDDAGETE

Prof. dr. SD Nel (Registrateur: APA) doen die tafelgebed en die Sinode verdaag vir middagete.

DERDE SESSIE: 14:00-15:30

50. SAMESANG

Ds. DFM Cronjé (Albertinia) lei die samesang.

51. AFKONDIGINGS

Die voorsitter gee ds. HSW Strauss (Grootfontein – Tvl.) geleentheid om enkele afkondigings te doen.

52. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (TKKS1)

Ds. WJA van Schalkwyk (Heilbron) hou die verslag voor.

1. PERSONEEL – Kennis geneem.

Ds. WJA van Schalkwyk (Heilbron) [sameroeper]; di. A Boshoff jr. (Pretoria-Oos), LJ du Preez (Bothaville), A Nieuwhof (Ellisras/Marken), JG Brink (Outjo/Grootfontein); ouderlinge TE Pieterse (Schweizer-Reneke), JJH van Staden (Ellisras); ouderlinge JH van Antwerpen en JH Rossouw het namens die AP Kerk Klerksdorp die vergadering bygewoon en nie as lede van die TKKS nie.

2. OPDRAG – Kennis geneem.

Stemreg van gemeentes waarvan die 15%-bydrae nie oorbetal is nie (vgl. *Handelinge 2022*, [bl. 393](#)).



3. MOTIVERING – Kennis geneem.

Die besluit wat die Sinode geneem het oor die stemreg van gemeentes wat agterstallig is ten opsigte van hul 15%-bydrae, het ten doel gehad om die kerkrade tot bydrae te maan soos tydens vorige sinodes ooreengekom. Met hartseer moet Sinode 2022 kennis neem dat hierdie doel nie gerealiseer het nie.

Die TKKS oordeel dat die besluit om gemeentes stemreg te ontsê indien die 15%-bydrae nie getrou oorbetaal word nie, nie in sy doel slaag nie. Die meerderheid gemeentes wat agterstallig is, woon eenvoudig nie die sinode by nie. Verder neem dit baie tyd van 'n sinode in beslag om telkens die verweer van die gemeentes aan te hoor.

Die GKK het die gemeentes en ringe lank voor die aanvang van Sinode 2022 in kennis gestel dat hul agterstallige 15%-bydrae moontlik tot gevolg kan hê dat hulle nie stemreg tydens Sinode 2022 sal hê nie. Nieteenstaande het die gemeentes in gebreke gebly om 'n reëling met die GKK te tref. 'n Skrywe waarin die GKK ingelig word aangaande die finansiële situasie van die gemeente, is nie 'n reëling nie. Daarom behoort die gemeentes nie stemreg tydens die Sinode te hê nie.

Die TKKS oordeel dat die Sinode aan die GKK opdrag gee om gemeentes wat ten opsigte van hul 15%-bydrae agterstallig is, by te staan deur hul finansiële stelsels te ondersoek en te verbeter. Die oorsake van finansiële probleme in gemeentes is heel dikwels weens 'n gebrek aan behoorlike finansiële bestuur.

Die TKKS wys gemeentes op hul ereplig ten opsigte van die 15%-bydrae. Gemeentes kan nie die voordele van verbondenheid aan die kerkverband geniet, maar nie bydra om dit in stand te hou nie. Daar is baie gemeentes wat bloot net weier om hierdie verantwoordelikheid na te kom en verbreek daarmee hul erewoord met betrekking tot die akkoord.

Die TKKS oordeel dat sodanige gemeentes hul posisie in die kerkverband moet heroorweeg. Die GKK behoort die volgende sinode in te lig watter gemeentes se gesindheid teenoor die kerkverband hulle weerhou om die 15%-bydrae oor te betaal.

Gemeentes wat die hulp van die GKK weier en gemeentes wat weier om hul ereplig na te kom, behoort deur die ring vermaan te word en indien daar geen verandering is nie, deur die volgende sinode buite kerkverband gestel te word.



4. AANBEVELINGS GOEDGEKEUR (vgl. *Handelinge 2022*, bl. 393):

- 4.1 Die Sinode neem kennis dat die besluit om gemeentes stemreg tydens die Sinode te ontnem indien hul 15%-bydrae nie oorbetaal is nie, moontlik nie in sy doel slaag nie.
- 4.2 Die Sinode versoek die SKK en die GKK om die saak grondig te ondersoek en indien nodig, 'n beswaarskrif op te stel sodat die volgende sinode die besluit kan heroorweeg.
- 4.3 Die Sinode besluit dat die gemeentes wat hier teenwoordig is, wat nie hul 15%-bydrae oorbetaal het nie en nie 'n reëling met die GKK getref het nie, nie stemreg tydens die Sinode het nie.
- 4.4 Die Sinode besluit dat die GKK alle gemeentes wat ten opsigte van hul 15%-bydrae agterstallig is, moet kontak en aanbied om sover moontlik met hul finansiële administrasie te help.
- 4.5 Die Sinode besluit dat die name van gemeentes wat ná ernstige gesprek en vermaning weier om van die hulp van die GKK gebruik te maak, asook gemeentes wat weier om hul 15%-bydrae oor te betaal, aan die volgende sinode voorgelê word. Die volgende sinode sal op aanbeveling van die GKK besluit of die betrokke gemeentes buite kerkverband gestel word, al dan nie.
- 4.6 Die Sinode besluit dat punt 4.4 en 4.5 deel van die lasgewing van die GKK word.
- 4.7 Die Sinode besluit dat die GKK in samewerking met die SKK 'n werkswyse opstel waarvolgens die betrokke gemeentes oor die besluite van die sinode ingelig, aangespreek en eindelik deur 'n sinode buite kerkverband gestel word. Die SKK moet rekening hou met leraars wat verbind is aan gemeentes wat buite kerkverband gestel sou word, aangesien hul versorging ter sprake is.



TERUG NA BL. 413

53. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR VERLOFAANSOEKE (TKV2)

Die volgende verlofaansoeke dien voor die Sinode:

BROEDER	TYD	DATUM
Du Preez, MJ (Hartbeespoort)	Hele dag	30/08/2022
Retief, JA (Witbank)	Hele dag	30/08/2022
Greyling, MJ (Groblersdal)	10:00 – 15 00	30/08/2022
De Wet, CJ (Trans-Magalies)	14:30 e.v.	30/08/2022
Cronjé, DFM (Riversdal)	17:00 e.v.	30/08/2022
Pretorius, DE (Mosselbaai)	17:00 e.v.	30/08/2022
J van Rensburg, JW (Frankfort)	15:30 e.v.	30/08/2022
Liebetrau, HG (Frankfort)	15:30 e.v.	30/08/2022

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

Die Sinode keur die verlofaansoeke goed.

54. VERSLAG: GEMEENSKAPLIKE KERKEKOMMISSIE (GKK) [*Sakelys 2022*, bl. 79]

Ds. A Boshoff jr. (Pretoria-Oos) hou die verslag voor.

1. PERSONEEL – Kennis geneem.

1.1 LEDE DEUR DIE SINODE VERKIES – Kennis geneem.

1.2 LEDE BENOEM – Kennis geneem.

1.3 AMPSDRAERS – Kennis geneem.

1.4 EIENDOMSKOMITEE – Kennis geneem.

1.5 RAAD VAN TRUSTEES/WAAKSAAMHEIDSKOMITEE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 1.5.1 Die Sinode neem kennis van die Waaksaamheidskomitee se lede.
- 1.5.2 Die Sinode neem kennis van die verandering in die fondsstruktuur wat deur die verandering aan die Wet op Inkomstebelasting, teweeggebring is.
- 1.5.3 Die Sinode herinner kerkrade en leraars aan die reëls van die pensioenfonds ten opsigte van voortsetting van diens ná die normale aftreeouderdom van 65 jaar bereik is, wat bepaal dat daar jaarliks deur die werkgewer toestemming tot verlengde diens verleen moet word. Hierdie toestemming moet skriftelik met die Gemeenskaplike Kerkkantoor gekommunikeer word.

1.6 VERTEENWOORDIGER OP DIE RAAD VAN DIE AP AKADEMIE – Kennis geneem.

1.7 AD HOC-KOMITEES – Kennis geneem.

2. VERGADERINGS – Kennis geneem

3. PERMANENTE PERSONEEL – Kennis geneem.

3.1 GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOOR – Kennis geneem met die byvoeging van: Multimedia Beampte: Mnr. Marius Gouws

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 3.1.1 Die Sinode neem daarvan kennis dat die GKK uitgawes op die begroting moes inperk deur vakante poste nie te vul nie en dat daar tans nie vir al hierdie poste begroot word nie.
- 3.1.2 Die Sinode neem daarvan kennis dat die GKK deurlopend aandag skenk aan die personeelbehoeftes.
- 3.1.3 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die personeel in die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir die dienste wat elkeen tot voordeel van die hele kerkverband lewer.
- 3.1.4 Die Sinode spreek medelye uit teenoor mej. Bresler se naasbestaandes met haar afsterwe op 31 Julie 2018, ná 'n diensydperk van 27 jaar en 7 maande in diens van die kerkverband.
- 3.1.5 Die Sinode besluit dat die GKK oortollige poste wat vir langer as vyf jaar vakant is, moet skrap en dat die GKK volgens sy lasgewing, soos hierbo verwys, poste moet skep soos wat dit nodig raak.
- 3.1.6 Die Sinode besluit dat die GKK oorweging kan skenk om van deelposte of kontraktering gebruik te maak, indien dit blyk dat dit voordeliger kan wees as om permanente personeel aan te stel.

4. LASGEWING EN SINODALE OPDRAGTE 2017

4.1 SINODALE OPDRAGTE 2017

4.1.1 Traktementskale van leraars – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 4.1.1.1 Die Sinode neem goedkeurend kennis van die voorgestelde aanpassings ten opsigte van leraars se traktementskale.

4.1.2 Salarisskale van personeel – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 4.1.2.1 Die Sinode neem goedkeurend kennis van die aanpassings ten opsigte van personeel se vergoeding.

4.1.3 Reiskostetarief – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 4.1.3.1 Die Sinode neem goedkeurend kennis van die voorgestelde aanpassings ten opsigte van die reiskostetarief.

4.1.4 Trustfondstoelae – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 4.1.4.1 Die Sinode neem goedkeurend kennis van die jaarlikse 5%-verhoging ten opsigte van toelae vanuit die Trustfonds uitbetaal.
- 4.1.4.2 Die Sinode keur die styging in die bydraes deur gemeentes aan die AP Kerk Trustfonds, soos in die voorgestelde skale, goed (kyk *Sakelys 2022*, bl. 83, pt. 4.1.4).

4.1.5 Mediese fonds – Kennis geneem.

4.1.6 Ooreenkoms met Bybel-Media (Handelinge 2017, bl. 352, pt. 5.9.8) – Kennis geneem.

4.1.7 Rekenkundige diensverlening aan gemeentes vanuit die Gemeenskaplike Kerkkantoor (Handelinge 2017, bl. 363, pt. 3.1.25) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 4.1.7.1 Die Sinode besluit om die aanbod van die GKK om rekenkundige dienste aan kerkrade te bied, voort te sit.
- 4.1.7.2 Die Sinode moedig kleiner gemeentes aan om van die diens gebruik te maak.

4.1.8 Verligting van finansiële administratiewe laste (Handelinge 2017, bl. 340, pt. 3.5.6) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 4.1.8.1 Die Sinode beveel aan dat kerkrade dit moet oorweeg om gebruik te maak van Fin/Winkerk in die wolk of Sage Cloud Accounting.
- 4.1.8.1 Die Sinode maan kerkrade om behoorlik aandag te gee aan die finansiële bestuur (rentmeesterskap) van dankofferbydraes.
- 4.1.8.1 Die Sinode herinner kerkrade aan die publikasies beskikbaar by Die Boekwinkel wat spesifiek handel oor die gemeentes se finansies, te wete *Finansiële Bestuur deur Kerkrade en Handleiding vir Kerklike Administrasie*.

4.1.9 Uitbreiding van die multimedia-afdeling (Handelinge 2017, bl. 349, pt. 4.9.1. Kyk *Sakelys 2022*, PK-verslag bl. 217, pt. 4.1 en bl. 231, pt. 6.1) – Kennis geneem.

4.1.10 Selfonderhoudendheid: Publikasie-afdeling (Handelinge 2017, bl. 351, pt. 5.3.4. Kyk *Sakelys 2022*, PK-verslag bl. 217, pt. 4.1; bl. 231, pt. 6.1 en bl. 233, pt. 6.2) – Kennis geneem.

4.1.11 Uitbreiding van die Argief (Handelinge 2017, bl. 361, pt. 5.1.2.1) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 4.1.11.1 Die Sinode neem kennis dat die uitbreidings by die argief aandag sal geniet sodra daar ruimte binne die begroting vanuit die lopende rekening is.

4.1.12 Mediese hulp aan emeriti (Handelinge 2017, bl. 367, pt. 7.4.4-6) – Kennis geneem.

4.1.13 Maatskaplike ondersoek (Handelinge 2017, bl. 367, pt. 7.4.10) – Kennis geneem.

AANBEVELING NIE GOEDGEKEUR NIE:

4.1.13.1 Die Sinode gee opdrag dat die GKK 'n behuisingsbydraefonds, as voordeel vir die leraar by aftrede, moet ondersoek met verslagdoening aan die volgende sinode.

AMENDEMENT GOEDGEKEUR:

Die Sinode gee opdrag dat die GKK 'n behuisingsbydraefonds, as voordeel vir die leraar by aftrede, moet ondersoek. Indien hierdie fonds haalbaar is, kan dit op 'n vrywillige basis geïmplementeer word, waar die leraar en die gemeente daartoe instem.

Voorsteller: Ds. GCD Stoltz (Kimberley – Die Kruis)

Sekondant: Ds. NJ Hefer (Kimberley)

4.1.14 Huweliksverrykingskursus (Handelinge 2017, bl. 387, pt. 7.4) – Kennis geneem.

4.1.15 Verhaling van subsidie deur middel van leningsooreenkomste (Handelinge 2017, bl. 389, pt. 15.6) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.1.15.1 Die Sinode besluit dat dit onprakties is om kontrakte op te stel waarvolgens 'n leraar wat binne 'n bepaalde tyd die bediening sou verlaat, aanspreeklik gehou word vir die subsidie vanuit die kerkverband aan die AP Akademie.

4.1.16 Jaarlikse besinning oor mediese hulp aan afgetredenes (Handelinge 2017, bl. 402, pt. 3.5) – Kennis geneem.

4.1.17 Gemeentes wat nie verpligtinge teenoor die kerkverband nakom nie – Kennis geneem.

AANBEVELING KENNIS GENEEM (REEDS BESLUIT BY TKKS1 [vgl. Handelinge 2022, bl. 409]):

4.1.17.1 Die Sinode besluit dat die genoemde gemeentes nie stemreg gedurende Sinode 2022 (29/08/2022 tot 02/09/2022) sal hê nie.

4.2 LASGEWING

4.2.1 AP Kerk Nelspruit: Afskryf van agterstallige 15%-bydrae – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.2.1.1 Die Sinode bied die AP Kerk Nelspruit die geleentheid om hul versoek om afskrywing van die agterstallige 15%-bydrae, te motiveer.

VOORSTEL GOEDGEKEUR:

4.2.1.2 Die Sinode besluit om nie die agterstallige skuld af te skryf nie.

4.2.2 PJL Olivier-hofsaak – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.2.2.1 Die Sinode neem kennis van die hangende hofsaak.

4.2.3 Inbrake en versekeringseise – Kennis geneem.

4.2.4 'n Vyf jaar finansiële oorsig – Kennis geneem.

5. FINANSIËLE JAARSTATE

5.1 GEOUDITEERDE FINANSIËLE JAARSTATE – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 5.1.1 Die Sinode neem kennis van die geouditeerde finansiële jaarstate van die GKK vir 2017-2021. Kyk: Bylae GKK2.1: 2017; Bylae GKK2.2: 2018; Bylae GKK2.3: 2019; Bylae GKK2.4: 2020; Bylae GKK2.5: 2021
- 5.1.2 Die Sinode neem kennis van die finansiële state van die APA-Ontwikkelingstrust vir die jaar geëindig 31 Desember 2017. Bylae GKK2.6
- 5.1.3 Die Sinode neem kennis dat die Raad van die AP Akademie die APA-Ontwikkelingstrust beëindig het en toestemming gegee het dat Lig in Duisternis Uitgewers aansoek by die Meesterskantoor doen om die Trustakte, die naam van die trust en die Trustees te wysig ten einde Lig in Duisternis Uitgewers in hierdie statutêre formaat te bedryf. Die Trustees sal die volgende poste wees: die Redakteur, die Direkteur en die Rekenmeester.

VOORSTELLE GOEDGEKEUR:

- 5.1.4 Die Sinode versoek weer dat alle gemeentes sal verseker dat hul finansiële bestuur professioneel hanteer word.
- 5.1.5 Die Sinode versoek weer alle gemeentes om hul 15%-bydraes korrek te bereken en getrou oor te betaal.

Voorsteller: Oudl. B Laubscher (Potchefstroom)

Sekondant: Ds. F Pretorius (Potchefstroom)

5.2 FINANSIËLE VERSLAG 2017 TOT 2021 – Kennis geneem.

5.2.1 Lyngrafiek waarin totale uitgawes en totale 15%-bydraes ontvang, aangedui word (kyk Bylae GKK2.7, Sakelys 2022, bl. 193 en GKK2.8, bl. 19) – Kennis geneem.

5.2.2 Begrotingsprestasie vir 2017 tot 2021 (kyk Bylae GKK2.9, Sakelys 2022, bl. 195) – Kennis geneem.

5.2.3 Kommissiewerk vir 2017 tot 2021 (kyk Bylae GKK2.10, Sakelys 2022 bl. 196) – Kennis geneem.

6. BESKRYWINGSPUNTE:

6.1 RING VAN KIMBERLEY – HERVESTIGING VAN DIE GKK SE KANTORE EN WERKSAAMHEDE OP ORANIA – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 6.1.1 Die Sinode besluit dat die beskrywingspunt formeel ontvanklik is.
- 6.1.2 Die Sinode besluit dat die beskrywingspunt nie in die voorgestelde formulering goedgekeur word nie.



Die verslag word onderbreek.

55. AFKONDIGINGS

Die voorsitter doen enkele afkondigings en die vergadering verdaag vir teetyd.

DERDE SESSIE: 14:00-15:30

56. SAMESANG

Ds. AM Appelgryn (Arnot/Hendrina/Belfast) lei die samesang.

57. AFKONDIGINGS

Die voorsitter doen enkele afkondigings.

58. VERSLAG: GEMEENSKAPLIKE KERKEKOMMISSIE (GKK) VERVOLG

[Sakelys 2022, bl. 99]

Ds. A Boshoff jr. (Pretoria-Oos) gaan voort met die verslag.

Die voorsitter reël dat daar eers oor die beginsel van die saak gestem word voordat 6.1.3 aan die orde gestel word, en die volgende ordevoorstel dien voor die Sinode:

ORDEVOORSTEL GOEDGEKEUR:

Die Sinode besluit in beginsel om 'n ondersoek te doen na die hervestiging van die Gemeenskaplike Kerkkantoor op Orania.

AANBEVELING NIE GOEDGEKEUR NIE (Revisie is later oor hierdie punt toegestaan en goedgekeur. Vgl. bl. 459):

- 6.2 Die Sinode besluit om R500 000,00 vanuit die Reserwefonds te oormerk vir 'n ondersoek na die hervestiging van die Gemeenskaplike Kerkkantoor op Orania, met verslag aan die volgende sinode deur 'n komitee wat deur die GKK aangewys word.

6.2 GKK: HANTERING VAN DIE 15%-BYDRAE MET BETREKKING TOT DIE INKOMSTE UIT EFFEKTETRUSTBELEGGINGS – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 6.2.1 Die Sinode besluit om die groei in diskresionêre beleggings eers as inkomste vir die 15%-bydraedoeleindes te beskou, nadat dit gerealiseer of gedeeltelik gerealiseer het.

AMENDEMENT GOEDGEKEUR:

Groei moet bereken word deur die volgende formule: (netto aandeelwaarde by verkope minus aankoopprys van aandele) vermenigvuldig met die aantal aandele wat verkoop word. Die beginsel van eerste in eerste uit geld ten opsigte van dieselfde aandele.

Voorsteller: Oudl. B Laubscher (Potchefstroom)

Sekondant: Ds. F Pretorius (Potchefstroom)

7. BESWAARSKRIFTE

7.1 RING VAN MOOT-SENTRAAL: ONDERTEKENINGSDOKUMENT DEUR LERAARS EN DIE NAKOMING VAN PENSIOEN- EN MEDIESEFONDSBYDRAES – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 7.1.1 Die Sinode besluit dat die beswaarskrif formeel ontvanklik is.
- 7.1.2 Die Sinode besluit dat die beswaarskrif nie goedgekeur word nie.

Motivering – Kennis geneem.

7.2 KERKLIKE BENAMING: SENTRALE KERKKANTOOR TEENoor GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOOR – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 7.2.1 Die Sinode besluit om die benaming van die Sentrale Kerkkantoor te wysig na die Gemeenskaplike Kerkkantoor.

7.3 SINODALE KOMMISSIE BENAMING: SENTRALE KERKEKOMMISSIE TEENoor KOMMISSIE VIR BEDIENINGSONDERSTEUNING EN SKAKELING (KBS) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 7.3.1 Die Sinode besluit om die Sentrale Kerkekommissie se naam na Kommissie vir Bedieningsondersteuning en Skakeling (KBS) te verander.
- 7.3.2 Die Sinode gee opdrag dat alle korrespondensie en verwysings op amptelike publikasies verander word na die Kommissie vir Bedieningsondersteuning en Skakeling (KBS).

7.4 F10-VERSLAE DEUR DIE SINODE VEREIS – Kennis geneem.

AANBEVELING VERWYS NA TYDELIKE KOMMISSIE VIR FINANSIES (*Handelinge 2022*, bl. 458):

- 7.4.1 Die Sinode besluit dat indien 'n gemeente se boekhouding deur die afdeling Finansies van die Gemeenskaplike Kerkkantoor gedoen word, dit nie meer 'n vereiste is dat 'n F10-vorm en verslag deur 'n geoktrooieerde, kommersiële of finansiële rekenmeester ingedien hoef te word nie.

8. BEDANKING – Kennis geneem.

Hiermee is die verslag van die GKK afgehandel.

59. VERSLAG: KOMMISSIE VIR JEUG EN VERBONDSONDERRIG (KJV) [*Sakelys 2022*, bl. 197]

Ds. F de Bruin (Bethlehem) hou die verslag voor.

1. PERSONEEL – Kennis geneem.

2. VERGADERINGS – Kennis geneem.

3. WERKSAAMHEDE VAN DIE KOMMISSIE – Kennis geneem.

3.1 BYBELKENNISEKSAMEN – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 3.1.1 Die Sinode spreek sy dank uit vir die aanbieding van die jaarlikse Bybelkenniseksamen.
- 3.1.2 Die Sinode keur dit goed dat vraestelle op elektroniese toestelle afgelê kan word.
- 3.1.3 Die Sinode keur dit goed dat gemeentes wat vraestelle nie elektronies kan aflê nie, steeds vraestelle via die kerkverband se webblad kan aflaai om uit te druk. Dit sal beskikbaar wees vir twee jaar, waarna slegs elektroniese vraestelle beskikbaar gestel sal word.
- 3.1.4 Gemeentes word steeds aangemoedig om betrokke te bly in die uitbreiding van Bybelkennis deur die jaarlikse aflê van die eksamen deur doop- en belydende lidmate.

VOORSTELLE GOEDGEKEUR:

- 3.1.5 Die Sinode dra dit aan die KJV op om die vraestelle van die Bybelkenniseksamen aan die PK voor te lê vir proeflees en redigering, voordat dit in die kerkverband beskikbaar gestel word.
- 3.1.6 Die Sinode versoek die KJV om die vraestelle ook deur 'n komitee van eksterne opvoedkundiges te laat modereer om toe te sien dat die vraestelle korrek, gebalanseerd en op die vlak van die betrokke graad is.

Voorsteller: Ds. A Boshoff jr. (Pretoria-Oos)

Sekondant: Ds. HSW Strauss (Grootfontein – Tvl.)

3.2 HERSIENING VAN VERBONDSONDERRIGHANDBOEKE – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 3.2.1 Die Sinode neem kennis dat die *Ad hoc*-kommissie vir verbondsonderrighandboeke tydelik verantwoordelik is vir die opstel van handboeke.

3.3 ADVIESE GEGEE – Kennis geneem.

4. BESKRYWINGSPUNTE – Kennis geneem.

5. SLOT – Kennis geneem.

Hiermee is die verslag van die KJV afgehandel.

60. VERSLAG: KOMMISSIE VIR ONDERWYS EN OPVOEDING (KOO) [Sakelys 2022, bl. 199]

Ds. RK Combrink (Orania) hou die verslag voor.

1. LEDE – Kennis geneem.

2. VERGADERINGS – Kennis geneem.

3. OPDRAGTE VAN SINODES – Kennis geneem.

3.1 CHRISTELIK-VOLKSEIE ONDERRIG (Handelinge 2017, bl. 400, pt. 5.1) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 3.1.1 Die Sinode neem met dank kennis van die verslag oor die peiling wat deur die KOO gedoen is.
- 3.1.2 Die Sinode neem kennis dat ouderlengerade, kerkrade en gemeentes volgens die opname van die KOO reeds bewus is van die inligting wat die KOO aan hulle oordra.
- 3.1.3 Die Sinode dra dit aan kerkrade op om bewusmaking oor moontlikhede vir tuisonderrig in hul gemeentes te onderneem.
- 3.1.4 Die Sinode dra dit aan kerkrade op om die onderwyskwalifikasies wat by die APA verwerf kan word, onder lidmate bekend te stel.

AANBEVELING GESKRAP:

- 3.1.5 Die Sinode besluit dat enige verdere navrae oor die saak direk aan die volgende KOO gerig kan word.

3.2 INLIGTING AAN RINGE (Handelinge 2017, bl. 400, pt. 5.1.5) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 3.2.1 Die Sinode neem kennis dat die KOO geen uitnodigings na kerklike vergaderings ontvang het nie.

4. KORRESPONDENSIE – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 4.1 Die Sinode neem kennis van die kerklike adviese deur die KOO hanteer.

5. BESKRYWINGSPUNTE – Kennis geneem.

6. BESWAARSKRIFTE – Kennis geneem.

7. BEGROTING – Kennis geneem.

Hiermee is die verslag van die KOO afgehandel.

61. GOEDKEURING NOTULE EERSTE SITTINGS DAG

Ds. A Boshoff jr. (Pretoria-Oos) hou die notule van die eerste sittingsdag aan die Sinode voor en dit word met enkele wysigings goedgekeur.

62. VERSLAG: KOMMISSIE VIR FORMULIERE EN LITURGIE (KFL) [Sakelys 2022, bl. 205]

Ds. LP Stoltz (Brandfort) hou die verslag voor.

1. PERSONEEL – Kennis geneem.

2. VERGADERINGS – Kennis geneem.

3. SINODALE OPDRAGTE – Kennis geneem.

3.1. KORTBEGRIIP VAN DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS (Handelinge 2017, bl. 395, pt. 6.6. Kyk Sakelys 2022, PK-verslag bl. 219, pt. 4.6) – Kennis geneem.

AANBEVELING GEWYSIG GOEDGEKEUR:

- 3.1.1 Die Sinode neem kennis van die ondersoek en aanvaar die KFL se gevolgtrekking dat wysigings aan *Kortbegrip van die Heidelbergse Kategismus* nie sinvol aangebring kan word nie.

4. ANDER WERKSAAMHEDE VAN DIE KOMMISSIE

4.1 HERSIENING VAN EREDIENSBOEK VIR DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK – *Kennis geneem.*



AANBEVELING GOEDGEKEUR (*Handelinge 2022*, bl. 432):

- 4.1.1 Die Sinode neem kennis van die ondersoek wat gedoen is en hanteer die saak tydens die PK-verslag (*Sakelys 2022*, bl. 229, pt. 5.6).

5. BESKRYWINGSPUNT

5.1 RING VAN MIDDELBURG: LITURGIESE ORDE, FORMULIERE EN VOORSKRIFTE – *Kennis geneem.*

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR (Punt 5.1.2 is later met 'n revisie herroep. Kyk *Handelinge 2022*, bl. 485-487):



- 5.1.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.
- 5.1.2 Die Sinode neem met kommer daarvan kennis dat sommige predikante en ouderlengerade hulle nie aan die diensordes, formuliere en belydenisskrifte, soos gepubliseer in *Erediensboek vir die Afrikaanse Protestantse Kerk*, hou nie.
- 5.1.3 Die Sinode versoek ringe en ouderlengerade om dringend aan die saak aandag te skenk en toe te sien dat predikante, ouderlengerade en gemeentes hulle aan die besluite rakende die erediens en die erediensordes in die AP kerkverband hou.

Hiermee is die verslag van die KFL afgehandel.

63. AFKONDIGINGS

Die voorsitter doen enkele afkondigings.

64. TAFELGEBED

Oudl. FJ van Graan (Wonderboom) doen die tafelgebed.

Hiermee word die amptelike verrigtinge vir die tweede sittingsdag afgesluit.

VYFDE SESSIE: (NIEAMPTELIK) 18:50-20:30

65. SAMESANG

Ds. AJ Bester (Hluhluwe) lei die samesang.

66. AFKONDIGINGS

Enkele afkondigings word gedoen.

67. BESPREKING: KERK EN KULTUUR

Ds. HSW Strauss (Grootfontein – Tvl.) verwelkom die sprekers, mnr. Bennie van Zyl (TLU SA) en mnr. Hannes Noëth (Solidariteit Helpende Hand) en stel hulle aan die woord.

Ná die sprekers se gesprek word geleentheid gegee vir vrae uit die vergadering, waarna ds. HSW Strauss (Grootfontein – Tvl.) die sprekers bedank vir 'n besondere gesprek.

68. DAGAFSLUITING

Ds. MJL Jordaan (Schweizer-Reneke) behartig die dagafsluiting. Hy lees Rigters 2:6-12; 21:25 en Rut 2:1-3 en doen 'n gebed. Die Sinode sing Gesang 263:1.

EERSTE SESSIE: 8:30-10:30

69. SAMESANG

Ds. JH Bisschoff (Gordonia) lei die samesang.

70. BIDSTOND

Die bidstond word deur oudl. AJ Slabbert (Gordonia) gelei. Hy lees Jeremia 18 en die Sinode sing Gesang 318:1-3, waarna hy 'n gebed doen.

71. AFKONDIGINGS

Die voorsitter doen enkele afkondigings.

72. MEELEWING

Die vergadering neem kennis dat ds. AH Botes (Lydenburg) 'n ernstige operasie ondergaan het en tans baie pyn verduur.

Medelye word uitgespreek met br. F Nel (by wie van die sinodegangers tuisgegaan het) en sy gesin wie se eggenote gedurende die nag oorlede is.

Medelye word uitgespreek met prof. dr. SD Nel (Registrateur: APA) wie se eggenote op 22 Julie 2022 oorlede is.

Prof. dr. J Bosman (Diakoniologie en Missiologie: APA) doen 'n gebed waarin voorbidding gedoen word vir br. Frans Nel en sy gesin met die afsterwe van hul geliefde, vir ds. AH Botes wat 'n operasie ondergaan het en vir prof. dr. SD Nel wat sy eggenote die afgelope tyd aan die dood afgestaan het.

73. VERDUIDELIKING VAN KERKLIKE TERMINOLOGIE MET BETREKKING TOT VERGADERINGPROSEDURE

Die voorsitter versoek die aktuaris om sekere terminologie met betrekking tot vergadering-prosedures aan die Sinode te verduidelik, aangesien daar tans so baie afgevaardigdes is wat vir die eerste keer 'n sinode bywoon.

74. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR GELOOFSBRIEWE (TKG4)

Ds. JH Bisschoff (Gordonia) hou die verslag voor.

Die vergadering neem kennis van die volgende personeelwisselings:

Nuwe afgevaardigde:

Orania: Oudl. WJ Nel.

Wisseling van afgevaardigdes:

Frankfort: Oudl. HG Liebetrau word vervang deur oudl. AP Viljoen.

Frankfort: Oudl. JW Janse van Rensburg word vervang deur oudl. HP Grobler.

Hoedspruit: Oudl. GA van der Ryst word vervang deur oudl. DJR Malan.
 Hoedspruit: Oudl. DJ Harding word vervang deur oudl. CDW Lamprecht.
 Standerton: Oudl. PM Breedts word vervang deur oudl. TR Schoonraad.

Daar is 100 gemeentes teenwoordig met 205 afgevaardigdes.

75. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR VERLOFAANSOEKE (TKV3)

Die volgende verlofaansoeke is ontvang:

BROEDER	TYD	DATUM
Venter, J (Bothaville)	Hele dag	Res van die Sinode
Van Staden, AS (Vryburg)	Hele dag	31/08/2022
Van Zyl, A (Middelburg)	Hele dag	31/08/2022
Greyling, MJ (Groblersdal)	Hele dag	31/08/2022
Du Preez, MJ (Hartbeespoort)	Hele dag	31/08/2022

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

Verlof word toegestaan.

Daar is tans 192 stemgeregtigdes.

76. VERSLAG: TYDELIKE AD HOC-KOMMISSIE HERBEVESTIGING VAN GELOOFSBELYDENIS (vgl. *Handelinge 2022*, bl. 408)

Ds. PJ Möller (Groblersdal) hou die verslag voor.

1. PERSONEEL – Kennis geneem.

Lede van die vorige SKK en afgevaardigdes wat 'n inset wou lewer.

2. OPDRAG – Kennis geneem.

Herbesin oor die aanbevelings 7.1.2-3 in die SKK-verslag en dien die Sinode met 'n aanbeveling.

3. AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 3.1 Die Sinode keur nie aanbevelings 7.1.2 en 7.1.3 goed nie (vgl. *Sakelys 2022*, bl. 32).
- 3.2 Die Sinode verwys die inhoud van die beswaarskrif na die KBS.
- 3.3 Die Sinode doen 'n beroep op ouderlengerade om groter erns te maak met die bestaande besluite in verband met lidmaatskapaansoeke. In hierdie verband word kerkrade opnuut gewys op Bylae 2 punte 2.1-5 in *Kerkorde 2018* waarin die prosedure met opname van lidmate, uiteengesit word.
- 3.4 Ouderlengerade moet toesien dat, indien hulle 'n eie aansoekvorm om lidmaatskap gebruik, die inhoud daarvan ook die vyf punte bevat soos dit in die voorgestelde aansoekvorm deur die SKK opgestel, voorkom (vgl. *Kerkorde 2018*, Bylae 2, punt 2.1).

Motivering – Kennis geneem.

77. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR MEDIASKAKELING (TKM2)

Ds. MJ Mattheus (Barkley-Oos/Steynsburg/Tarkastad/Stormberg) hou die verslag voor.

1. PERSONEEL – Kennis geneem.

2. OPDRAG – Kennis geneem.

3. AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 3.1 Die Sinode is nie net 'n werksvergadering waar geredeneer en besluite geneem word nie. Dit is ook 'n geleentheid vir elke ampsdraer om homself te verryk en in die teenwoordigheid van die Here te ondersoek. Die geestelike inslag van die Sinode gee toerusting aan elke leraar en afgevaardigde waarmee ons toegerus word om ons roeping met vreugde te vervul. 'n Broederlike gesprek is deur emeritusprofessor IA Brink waargeneem. Prof. Brink het Jesaja 6:3-8 gelees en die vergadering toegesprek met die tema: “Vervul jou roeping in die lig van God se heerlijkheid”. Ampsdraers is vermaan om getrou te wees in die uitvoering van hul ampswerk, sodat die heerlijkheid van God daardeur geopenbaar kan word. Ons is bemoedig met die troos dat die kerk van Jesus Christus nie deur enige onheilsmag gestuit kan word nie.
- 3.2 Sorg word geneem vir lidmate wat na die buiteland verhuis en na 'n geestelike tuiste in die vreemde soek. Verskeie AP kerke se eredienste word deur middel van die internet uitgesaai. Oorsese lidmate word aangemoedig om ook van hierdie dienste gebruik te maak. Lig in Duisternis Produksies se videomateriaal en die elektroniese weergawe van *Die Boodskapper* word gereeld onder lidmate in die buiteland se aandag gebring.
- 3.3 Kleiner gemeentes in die kerkverband word prakties met hulp bygestaan. Ringe is besoek om bedieningsbeplanning te doen en toerusting aan kerkraadslede vir die plaaslike bediening te gee. Kleiner gemeentes staan mekaar by met bedieningsooreenkomste om bediening deur leraars moontlik te maak. Emerituspredikante en studente met preekvergunning, help ook met die bediening in gemeentes wat nie oor 'n leraar beskik nie. Kleiner gemeentes ontvang bedieningshulp by groter gemeentes. Binne die kerkverband is daar talle wyses waarop bediening moontlik gemaak word aan gemeentes wat nie oor 'n eie leraar beskik nie. Hulpbehoewende gemeentes word met hulp uit die Bedieningsfonds bygestaan.
- 3.4 Openhartige gesprekke met ander kerkverbande het plaasgevind en hierdie gesprekke sal voortgesit word. Dit is vir die AP Kerk belangrik om in 'n tyd waarin die Woord van God so maklik geminag word, met diegene in gesprek te bly wat bely dat hulle dieselfde Here aanbid en sy Woord eer.
- 3.5 Die Sinode het weereens met dank kennis geneem van die AP Kerk se deelname aan Pretoria FM se godsdiensprogramme en spreek sy hartlike dank teenoor Pretoria FM uit vir die geleentheid om aan hul uitsendings met godsdienstige programinhoud deel te neem. Die Sinode spreek sy dank uit teenoor leraars en lidmate van die AP Kerk wat as medewerkers optree en help om inhoud vir Pretoria FM se godsdiensprogramme te verskaf. Die AP Kerk wil Pretoria FM bystaan om sout vir die wêreld te wees en nie net die tydsges te weerspieël nie, maar 'n daadwerklike invloed op die identiteit van sy luisteraars uit te oefen.
- 3.6 Die Sinode het met kommer kennis geneem van kerklike en gemeentelike statistiek met 'n dalende tendens. Daar het 13 leraars sedert die vorige sinode geëmeriteer. Sewe-en-twintig leraars is sedert Sinode 2017 oorlede en meegevoel teenoor hulle naasbestaandes is uitgesprek. Veertien leraars is sedert Sinode 2017 tot die bediening toegelaat. Daar is tans 75 voltydse leraars in die kerkverband en 55 emeriti. Daar is 'n Emeritushulpfonds wat aangewend word om predikante finansiële by te staan.

- 3.7 Die AP Kerk het op verskeie voorgestelde wetsontwerpe reageer en op verskillende maniere met die owerheid gekorrespondeer om 'n profetiese stem te laat hoor.
- 3.8 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor gemeentes wat erns maak met verootmoediging. Die Sinode herbevestig sy standpunt dat verootmoediging 'n deurlopende handeling moet wees. Die Sinode moedig kerkrade aan om self inisiatief te neem met die reël van verootmoedigingsdae en om veral tydens die erediens hieraan aandag te skenk as deel van die liturgiese orde.
- 3.9 Die diens van barmhartigheid is 'n baie belangrike opdrag aan die kerk van Christus. Verskeie leraars van die AP Kerk het die 2019 en 2022 Helpende Kerke Kongres bygewoon. Die AP Kerk is ook genooi om tydens die 2022-kongres 'n aanbieding te doen. Die SKK het in die afgelope verslagtydperk 'n bedrag van R100 000 – bo en behalwe die individuele bydraes deur lidmate en gemeentes – ten opsigte van droogtehelp aan gemeentes in die Noord-Kaap beskikbaar gestel.
- 3.10 Die Sinode het met dank kennis geneem van die verspreiding van Bybels aan lede van die Khoisan-gemeenskap. Die Sinode het met dankbaarheid kennis geneem van ds. CR Vermaak se aanstelling as deeltydse organiserende sekretaris by die Bybelgenootskap. In 2020 was die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BGSA) al vir 200 jaar besig om in ons land die Woord van God te versprei. Met groot verwondering is die tydperk gekenmerk deur hoogtepunte wat nie uit menslike krag nie, maar vanuit die genadige hand van ons hemelse Vader beleef is. Dit is egter verblydend dat selfs in hierdie onsekere tye die BGSA se werksaamhede – om die Bybel vir elkeen in sy eie taal beskikbaar te stel – kan voortgaan. Ons gee in dankbaarheid aan God al die eer vir meer as 200 jaar wat die Bybel in Suid-Afrika versprei kon word.
- 3.11 Finansiële sake in die kerkverband is ook bespreek en die Sinode kan net die hemelse Vader dank dat Hy so ruim aan gemeentes voorsien het. Gemeentes se bydraes het die Gemeenskaplike Kerkkantoor in staat gestel om al sy verpligtinge na te kom, wat insluit die kerk se bydrae tot die AP Akademie om teologiese opleiding moontlik te maak, bedieningshulp, hulp aan emeriti, die koste van sinodale kommissies, publikasies van Lig in Duisternis Uitgewers en Lig in Duisternis Produksies en die administrasie van die Gemeenskaplike Kerkkantoor.
- 3.12 Die Sinode het met dank kennis geneem van die aanbieding van die jaarlikse Bybelkenniseksamen. Gemeentes word steeds aangemoedig om betrokke te bly in die uitbreiding van Bybelkennis deur die jaarlikse aflê van die eksamen deur doop- en belydende lidmate.

78. WISSELING VAN VOORSITTER

Die ondervoorsitter neem die voorsitterstoel in.

79. VERSLAG: KOMMISSIE VIR SENDING EN EVANGELISASIE (KSE)

[*Sakelys 2022*, bl. 208]

Ds. GCD Stoltz (Kimberley – Die Kruis) hou die verslag voor.

1. PERSONEEL – Kennis geneem.

2. LASGEWING – Kennis geneem.

3. VERGADERINGS – Kennis geneem.

4. ADVIES AAN GEMEENTES – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 4.1 Die Sinode neem kennis dat daar nie enige advies van die KSE gevra is nie.
- 4.2 Die Sinode neem met dank kennis van die inisiatief van die AP Kerk Trans-Magalies.

5. VERSLAG OOR DIE STAND VAN SENDING IN DIE AP KERKVERBAND – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 5.1 Die Sinode neem met leedwese kennis dat slegs 40 van die 203 gemeentes hulle vraelyste teruggestuur het.
- 5.2 Die Sinode neem met leedwese kennis van die stand van sending en evangelisasie in die kerkverband.

6. STATUS EN BEROEPING VAN SENDELINGE – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 6.1 Die Sinode neem kennis dat hierdie opdrag nie voltooi is nie.
- 6.2 Die Sinode dra dit aan die volgende KSE op om die studiestuk vir die volgende sinode af te handel en voor te berei.

7. SLOT – Kennis geneem.

Hiermee is die verslag van die KSE afgehandel.

80. VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK (KKCE) **[Sakelys 2022, bl. 212]**

Ds. MJL Jordaan (Schweizer-Reneke) hou die verslag voor.

1. LEDE VAN DIE KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK – Kennis geneem.

2. VERGADERINGS VAN DIE KOMMISSIE – Kennis geneem.

3. OPDRAGTE VAN SINODES – Kennis geneem.

3.1 STUDIESTUK OOR KERKORDE 2018, ARTIKEL 59.3.4 (Handelinge 2017, bl. 373, pt. 7.1.1 en 7.1.2) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 3.1.1 Die Sinode neem kennis dat die KKCE nie die standpunt van die studiestuk gewysig het nie.
- 3.1.2 Die Sinode besluit om te volstaan met die studiestuk in die sakelys van 2017 KKCE Bylae 5 (kyk *Sakelys 2017*, bl. 226).

ORDEMOSIE GOEDGEKEUR:

Die studiestuk soos genoem in 3.1.2 hierbo moet gedupliseer word en aan afgevaardigdes beskikbaar gestel word vir 'n latere besluitneming oor 3.1.3.

Voorsteller: Oudl. AB Smit (Cullinan-Rayton)

AANBEVELING STAAN OOR SODAT STUDIESTUK AAN SINODEGANGERS UITGEDEEL KAN WORD (Kyk *Handelinge 2022*, bl. 442)

3.1.4 Die Sinode neem kennis van die studiestuk.

3.2 VERKLARING VAN WAT DIE SINODE AS TENTMAKERBEDIENING BESKOU

(*Handelinge 2017*, bl. 373, pt. 7.2.3) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

3.2.1 Die Sinode neem kennis van die werkswyse van die KKCE ten opsigte van die studiestuk oor tentmakerbediening.

AANBEVELING KENNIS GENEEM AANGESIEN DIT REEDS AFGEHANDEL IS (vgl. SKK-verslag pt. 3.12, *Handelinge 2022*, bl. 404):

3.2.2 Die Sinode besluit om die aanbevelings van die SKK tydens die bespreking van die SKK-verslag te hanteer.

3.3 TOELATING VAN LIDMATE UIT ANDER KERKE (Handelinge 2017, bl. 371, pt. 3.3.3 en 3.3.4) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

3.3.1 Die Sinode neem kennis dat die sake deur die SKK hanteer is en dat dit nie nodig was om die KKCE by verdere gesprekke te betrek nie.

AANBEVELING KENNIS GENEEM AANGESIEN DIT REEDS AFGEHANDEL IS (vgl. SKK-verslag pt. 7.1, *Handelinge 2022*, bl. 408):

3.3.2 Die Sinode besluit om die “Toelating van lidmate uit ander kerke” tydens die SKK-verslag te hanteer.

3.4 STANDPUNT TEEN DIE EVOLUSIELEER (Handelinge 2017, bl. 371, pt. 5.1.3) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.4.1 Die Sinode besluit om die saak oor die standpunt oor evolusieleer na die *Ad hoc*-kommissie vir die herskryf van verbondsonderrigboeke en -handleidings te verwys.

3.5 DIE ENGELSE WEERGAWE VAN SKRIFLIG OP KERK EN VOLK (Handelinge 2017, bl. 349, pt. 4.3.2) – Kennis geneem.

4. KORRESPONDENSIE – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

4.1 Die Sinode neem kennis van die kerklike adviese deur die KKCE hanteer.

4.2 Die Sinode neem kennis dat daar ’n groeiende behoefte by lidmate, kerkrade en leraars bestaan om advies te ontvang in sake van kerklike- en etiese belang.

4.3 Die Sinode versoek leraars wat sake van aktuele belang in hulle gemeentes behandel, om hul studiestukke aan die KKCE beskikbaar te stel, sodat ’n databasis van sodanige studiestukke saamgestel kan word, wat die adviserings taak van die KKCE van groot hulp kan wees.

5. BESKRYWINGSPUNTE – Kennis geneem.

6. BESWAARSKRIFTE – Kennis geneem.

7. BEGROTING – Kennis geneem.

Hiermee is die verslag van die KKCE afgehandel.

81. WISSELING VAN VOORSITTER

Die voorsitter neem weer die voorsitterstoel in.

82. ORDEMOSIE

Die volgende ordemosie dien voor die vergadering en word goedgekeur:

Die Sinode is besig om vinnig agter te raak. Ek stel dus die volgende ordemosie dat ons etenstye beperk tot 'n uur totdat ons weer in lyn met die program is.

Voorsteller: Ds. LJ du Preez (Bothaville)

Sekondant: Ds. WJA van Schalkwyk (Heilbron)

83. VERSLAG: PUBLIKASIEKOMMISSIE (PK) [*Sake/lys 2022*, bl. 216]

Ds. LD Greyling (Jeffreysbaai) hou die verslag voor.

'n Video waarin die hoogtepunte van die PK-verslag uitgelig word, word vertoon.

Die verslag word onderbreek.

84. AFKONDIGINGS

Enkele afkondigings word gedoen waarna die Sinode verdaag vir teetyd.

TWEEDE SESSIE: 11:15-13:00

85. SAMESANG

Ds. GM Blom (Christiana) lei die samesang.

86. AFKONDIGINGS

Die voorsitter doen enkele afkondigings.

87. MOSIE

Br. Lammie Treurnich, 'n jare lange sinodeganger, het twee weke gelede 'n beroerte gehad. Hy is in Vanderbijlpark in die hospitaal opgeneem, waar dit baie sleg met hom gaan. Weens 'n gebrek aan 'n mediese fonds, ontvang hy nie die sorg wat nodig is nie. Die vergadering se voorbidding word gevra.

Voorsteller: Ds. PJJ Olivier (Vanderbijlpark)

88. VERSLAG: PUBLIKASIEKOMMISSIE (PK) VERVOLG [Sakelys 2022, bl. 216]

Ds. LD Greyling (Jeffreysbaai) gaan voort met die lewering van die verslag.

1. LEDE VAN DIE PUBLIKASIEKOMMISSIE (PK) – Kennis geneem.**2. PERSONEEL IN DIE GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOOR – Kennis geneem.****AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

- 2.1 Die Sinode neem met groot waardering kennis van die diens wat deur die personeel van die Publikasie-afdeling gelewer word.
- 2.2 Die Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor mev. JP van Lille en mnr. JJ Coetzer vir jare lange getroue en toegewyde diens gelewer en wens hulle 'n geseënde aftrede toe.

3. VERGADERINGS – Kennis geneem.**4. SINODALE OPDRAGTE**

4.1 UITBREIDING (Handelinge 2017, bl. 350-351, pt. 4.9.1 en pt. 5.3.1 tot 5.3.4. Kyk ook Sakelys 2022, bl. 231, pt. 6.1, asook GKK-verslag Sakelys 2022, bl. 85, pt. 4.1.9) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 4.1.1 Die Sinode bedank die PK en die GKK vir die kreatiewe wyse waarop hulle probeer om, ten spyte van uitdagende omstandighede en 'n beperkte begroting, die Publikasie-afdeling uit te brei en te laat groei.
- 4.1.2 Die Sinode bedank die lede van die PK wat baie van hul tyd opoffer om die Publikasie-afdeling by te staan.
- 4.1.3 Die Sinode roep kerkrade op om Lig in Duisternis Uitgewers finansiëel te sterk sodat die Publikasie-afdeling selfstandig kan funksioneer en minder afhanklik van befondsing uit die 15%-bydraes kan word. Dit kan op verskeie maniere gebeur:
 - Gereelde deurkollekte wat spesifiek vir Lig in Duisternis Uitgewers oorbetaal word.
 - Gereelde bydraes deur kerkrade wat spesifiek vir Lig in Duisternis Uitgewers oorbetaal word.
 - Die aanmoediging van lidmate om 'n gereelde maandelikse bydrae (aftekorder) van tussen R50,00 en R100,00 vir Lig in Duisternis Uitgewers te oorweeg.

Dit kan in die GKK se rekening betaal word met die volgende verwysing:
LID + selfoonnommer.

4.2 DIE BOEKWINKEL (Handelinge 2017, bl. 351, pt. 5.3.2) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 4.2.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor lidmate en kerkrade wat Die Boekwinkel getrou ondersteun.
- 4.2.2 Die Sinode moedig kerkrade en lidmate aan om voort te gaan om Die Boekwinkel te ondersteun en te help om Lig in Duisternis Uitgewers se produkte ook buite die AP kerkverband te bemark.

4.3 BYBELKENNISEKSAMEN (Handelinge 2017, bl. 349, pt. 4.6.1-4 en bl. 361, pt. 3.2) – Kennis geneem.

4.4 DIE BOODSKAPPER IN ELEKTRONIESE FORMAAT (Handelinge 2004, bl. 405, pt. 9.5; Handelinge 2017, bl. 349, pt. 4.4.1) – Kennis geneem.

4.5 HERSIENING: ELKEEN ORAL GESTUURDE EN JOU ROEPING IN DIE KONINKRYK (Handelinge 2013, bl. 261, pt. 21; Handelinge 2017, bl. 343, pt. 3.8.3 en bl. 349, pt. 4.5.1) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.5.1 Die Sinode kontinueer sy 2017-opdrag aan die SKK en die PK (kyk *Handelinge 2017*, bl. 343 pt. 3.8.3 en bl. 349, pt. 4.5.1).



TERUG NA BL. 399

4.6 HEIDELBERGSE KATEGISMUS KORTBEGRIIP (Handelinge 2017, bl. 395, pt. 6.6. Kyk ook *KFL-verslag*, Sakelys 2022, bl. 205, pt. 3.1) – Kennis geneem.

4.7 KERKJAARBOEK (Handelinge 2017, bl. 350, pt. 5.1.2.1 tot 5.1.2.5. Kyk ook *Sakelys 2022*, bl. 223, pt. 5.1.2) – Kennis geneem.

4.8 KERKREGWOORDEBOEK (Handelinge 2017, bl. 377, pt. 3.2, bl. 383, pt. 5.9) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

4.8.1 Die Sinode neem kennis van die redes waarom die publikasie nog nie afgehandel is nie.

4.8.2 Die Sinode herbevestig die belangrikheid van die publikasie en kontinueer sy opdrag aan die PK en die KKS vir die afhandeling van die publikasie.

4.9 PAMFLETTE (Handelinge 2017, bl. 351, pt. 5.7.1 en 5.7.2. Kyk ook *Bylae PK1 verslag DB en DJB*, Sakelys 2022, bl. 251, pt. 11). – Kennis geneem.

4.10 PSALM- EN GESANGEBOEK (Handelinge 2017, bl. 351 en 352, pt. 5.9.1-8. Kyk ook *GKK-verslag*, Sakelys 2022, bl. 84, pt. 4.1.6) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

4.10.1 Die Sinode neem met dank kennis dat 'n herdruk van die *Psalms en Gesange vir die AP Kerk* beplan word.

4.10.2 Die Sinode moedig steeds kerkrade aan om die sangbundeltoepassing gereeld onder lidmate se aandag te bring en die gebruik daarvan aan te moedig.

4.10.3 Die Sinode herinner kerkrade aan vorige sinodebesluite waarvolgens bepaal word dat gemeentes wat die *Psalms en Gesange vir die AP Kerk* digitaal vertoon, verantwoordelik is om die nodige jaarlikse lisensiegeld aan die Christian Copyright Licensing International oor te betaal vir die wettige gebruik van die produk.

4.11 PREEKBANK VAN LEESPREEKE (Handelinge 2017, bl. 351, pt. 5.4.2 en 5.4.3) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

4.11.1 Die Sinode neem met dank kennis van die preekbank met leespreke.

4.11.2 Die Sinode moedig kerkrade aan om van die preekbank gebruik te maak vir leesdienste in plaaslike kerke.

4.11.3 Die Sinode moedig leraars aan om preke vir die preekbank, veral aan die hand van die kerklike jaar, aan die Publikasie-afdeling deur te gee. Sodanige manuskripte moet 'n volledig uitgewerkte liturgie bevat.

4.12 SKRIFLIG OP KERK EN VOLK: ENGELSE VERTALING (Handelinge 2007, bl. 340 en Handelinge 2017, bl. 349, pt. 4.3.1 en 4.3.2. Kyk KKCE-verslag Sakelys 2022, bl. 214, pt. 3.5) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 4.12.1 Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die KKCE om die publikasie te keur.
- 4.12.2 Die Sinode versoek die KKCE om, waar nodig, voorstelle ter verbetering van die vertaling aan die PK deur te gee.
- 4.12.3 Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die PK om die voltooië publikasie elektronies beskikbaar te stel.

4.13 SLYPSKOLE VIR SKRYWERS (Handelinge 2017, bl. 351, pt. 5.3.3) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 4.13.1 Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die PK om in samewerking met die AP Akademie gereelde skryf- en vaardigheidskursusse/slypskole te ontwikkel en vir voornemende skrywers aan te bied.

4.14 PUBLIKASIE VAN STUDIESTUKKE (Handelinge 2013, bl. 294-295, pt. 5.3; Handelinge 2017, bl. 351, pt. 5.3.3) – Kennis geneem.

4.15 UITBREIDING VAN VERBONDSONDERRIGHANDBOEKE (Handelinge 2004, bl. 400, pt. 4.2.6; Handelinge 2007, bl. 339; Handelinge 2010, bl. 274, pt. 3.9; Handelinge 2013, bl. 311, pt. 6; Handelinge 2017, bl. 350, pt. 4.8.1-4 en bl. 369, pt. 3.1.4) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 4.15.1 Die Sinode neem met dank kennis van die volgehoue voorsiening van die huidige verbondsonderrigmateriaal vir gebruik binne gemeentes.

4.16 VERTAALPROJEK: GAY CHILDREN STRAIGHT PARENTS – A PLAN FOR FAMILY HEALING (Handelinge 2017, bl. 351, pt. 5.8 en 5.8.1) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 4.16.1 Die Sinode neem kennis van die PK se besluit om weens die hoë koste daaraan verbonde, nie tans met die uitgee van die publikasie voort te gaan nie.
- 4.16.2 Die Sinode versoek die PK om die uitgee van die publikasie weer te oorweeg en met die uitgewers oor die koste van die vertaalregte te onderhandel.

4.17 ONDERHANDELING OOR REGTE: DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS BOEK 1 EN 2 (Handelinge 2017, bl. 401, pt. 3.1) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 4.17.1 Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die PK.

4.18 BEVORDERING VAN BYBELKENNIS ONDER DIE JEUG (Handelinge 2017, bl. 361, pt. 4.1) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 4.18.1 Die Sinode neem met dank kennis van die PK en Lig in Duisternis Uitgewers se pogings ter bevordering van Bybelkennis onder die jeug.
- 4.18.2 Die Sinode moedig kerkrade aan om hul lidmate bekend te stel aan die hulpmiddels wat deur die PK daargestel word ter bevordering van Bybelkennis onder die jeug.

4.19 STANDPUNT TEEN EVOLUSIELEER (Handelinge 2017, bl. 371, pt. 5.1) – *Kennis geneem.*

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 4.19.1 Die Sinode neem kennis daarvan dat die skeppingsleer deurgaans in die nuwe verbondsonderrigmateriaal gehandhaaf word.

5. VERSLAG OOR PUBLIKASIES

5.1 SINODAAL-GOEDGEKEURDE PUBLIKASIES WAT SEDERT SINODE 2017 VERSKYN HET:

5.1.1 KERKORDE 2018 – *Kennis geneem.*

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 5.1.1.1 Die Sinode neem met dank kennis van die aantal eksemplare van *Kerkorde 2018* wat gedruk en versprei is.
- 5.1.1.2 Die Sinode neem met dank kennis van die elektroniese weergawe van *Kerkorde 2018* en versoek die PK en Lig in Duisternis Uitgewers om in die toekoms meer aandag te gee aan die verspreiding van die elektroniese weergawe.

5.1.2 KERKJAARBOEK 2018, 2019, 2020, 2021, 2022 (*Kyk ook Sakelys 2022, bl. 219, pt. 4.7*) – *Kennis geneem.*

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 5.1.2.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die personeel van Lig in Duisternis Uitgewers, die PK en skrywers vir die aktuele temas in en keurige versorging van die Bybelse dagstukkies, kerklike statistiek en inligting.
- 5.1.2.2 Aangesien die Bybelse dagstukkies 'n waardevolle hulpmiddel vir geestelike groei, persoonlike stiltetyd en huisgodsdien is, moedig die Sinode kerkrade aan om die aankoop van die publikasie deur lidmate aan te moedig en, waar moontlik, dit te finansier.
- 5.1.1.3 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die PK en Lig in Duisternis Uitgewers vir die nuwe formate waarin die publikasie uitgegee word, wat die bemarkbaarheid en bruikbaarheid daarvan verhoog.
- 5.1.1.4 Die Sinode moedig kerkrade, lidmate en kolporteurs aan om moeite te doen om die Bybelse dagstukkies buite die AP Kerk te bemark en die publikasie op so 'n wyse as evangelisasiehulpmiddel aan te wend.
- 5.1.1.5 Die Sinode doen 'n dringende beroep op saakgelastigdes van gemeentes en ringe om betyds te reageer op die versoek om gegewens aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor te stuur vir opname in die volgende jaar se jaarboek.

5.1.3 DIE BOODSKAPPER EN DIE JEUGBOODSKAPPER. (*Kyk Sakelys 2022, Bylae PK1, bl. 251*) – *Kennis geneem.*

5.2 VERBONDSONDERRIGPUBLIKASIES (LEERBOEKE EN LESGIDSE) – *Kennis geneem.*

5.3 ANDER PUBLIKASIES WAT SEDERT SINODE 2017 VERSKYN HET – *Kennis geneem.*

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 5.3.1 Die Sinode spreek sy dank en waardering teenoor die PK en Lig in Duisternis Uitgewers uit vir die groeiende getal en hoogstaande gehalte van nuwe publikasies waarmee die kerk bedien word.
- 5.3.2 Die Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor skrywers wat deur middel van hul skryfwerk die koninkryk dien.

5.4 ANDER BEPLANDE PUBLIKASIES – Kennis geneem.**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

- 5.4.1 Die Sinode neem kennis van die beoogde publikasies en sien met verwagting daarna uit.

5.5 VERTALINGSPROJEKTE – Kennis geneem.**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

- 5.5.1 Die Sinode is saam met die PK en Lig in Duisternis Uitgewers dankbaar teenoor ons hemelse Vader vir die geleentheid wat Hy aan ons kerk bied om by vertaalprojekte soos hierdie betrokke te raak waardeur die breër Afrikaanssprekende kerkgemeenskap gedien word.
- 5.5.2 Die Sinode neem kennis van die vertaalprojekte waarmee Lig in Duisternis Uitgewers tans besig is en sien met verwagting uit na die voltooiing daarvan.
- 5.5.3 Die Sinode moedig die PK en Lig in Duisternis Uitgewers aan om voort te gaan met die vertaalprojekinisiatief; om ook maniere te vind om van ons eie publikasies in ander tale, veral een of meer van Suid-Afrika se amptelike landstale, te laat vertaal en sodoende te help dat elke volk die evangelie in sy eie taal hoor.

5.6 DIVERSE PUBLIKASIES WAT SEDERT 2017 VERSKYN HET, HERDRUK OF HERSIEN IS – Kennis geneem.**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

- 5.6.1 Die Sinode neem met dank kennis van die diverse publikasies, herdrukke en hersiene uitgawes wat sedert 2017 verskyn het.
- 5.6.2 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die personeel van Die Boekwinkel wat toesien dat daar voldoende voorraad van publikasies beskikbaar is.

AANBEVELINGS GEWYSIG GOEDGEKEUR:

- 5.6.3 Die Sinode keur die hersiening van die inhoud van die *Erediensboek vir die Afrikaanse Protestantse Kerk*, waarvolgens nuwe liturgiese navorsing binne gereformeerde kringe verreken moet word, goed, vir goedkeuring deur 'n volgende Sinode.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 5.6.4 Die Sinode gee opdrag dat die hersiening van die inhoud van die *Erediensboek vir die Afrikaanse Protestantse Kerk* deur die KFL en die dosent in Diakoniologie gedoen word met die reg om ook ander kundiges te koöpteer.
- 5.6.5 Die Sinode versoek lidmate en kerkrade om die KFL met voorstelle te bedien met die oog op die hersiening van die *Erediensboek vir die Afrikaanse Protestantse Kerk*.

5.7 PUBLIKASIES: BUIITE-UITGEWERS – Kennis geneem.**TERUG NA BL. 419****AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

- 5.7.1 Die Sinode neem met dank kennis van die buitepublikasies wat in Die Boekwinkel verkoop word.
- 5.7.2 Die Sinode bedank die PK en Lig in Duisternis Uitgewers vir die soort leesstof wat met sorg uitgesoek word sodat lidmate die publikasies met vertroue kan aankoop.

5.8 PUBLIKASIES: ELEKTRONIES BESKIKBAAR – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 5.8.1 Die Sinode neem met dank kennis van die PK en Lig in Duisternis Uitgewers se pogings om soveel as moontlik van ons publikasies ook in elektroniese formaat beskikbaar te stel.
- 5.8.2 Die Sinode versoek die PK en Lig in Duisternis Uitgewers om die beskikbaarheid van ons publikasies in e-boekformaat, 'n prioriteit te hou.

5.9 SKRYWERSGELDE – Kennis geneem.

6. BEMARKING

6.1 LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS (Kyk Sakelys 2022, GKK-verslag, bl. 85, pt. 4.1.9-10) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 6.1.1 Die Sinode neem met dankbaarheid kennis van Lig in Duisternis Uitgewers se groter selfstandigheid en moedig die verdere ontwikkeling hiervan aan.
- 6.1.2 Die Sinode moedig alle leraars en kerkrade aan om Lig in Duisternis Uitgewers daadwerklik onder lidmate bekend te stel deur die bemarkingsvideo doelbewus onder die aandag van elke lidmaat te bring.

6.2 AANSTELLING VAN BEMARKINGSPAN (EDGE COMMUNICATIONS) (Kyk Sakelys 2022, GKK-verslag, bl. 85, pt. 4.1.10) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 6.2.1 Die Sinode bedank die PK en Lig in Duisternis Uitgewers wat, ten spyte van 'n beperkte begroting, moeite doen om Lig in Duisternis Uitgewers so effektief moontlik te bemark en uit te bou.
- 6.2.2 Die Sinode bedank Edge Communications vir hulle professionele diens en waardevolle insette ten opsigte van Lig in Duisternis Uitgewers se bemarking teen 'n baie billike tarief.
- 6.2.3 Die Sinode moedig die PK en Lig in Duisternis Uitgewers aan om voort te gaan met hulle bemarkingstrategie om sodoende Lig in Duisternis Uitgewers tot 'n toonaangewende en selfstandige uitgewery uit te bou.
- 6.2.4 Die Sinode moedig kerkrade aan om hul lidmate se inligting aan Lig in Duisternis Uitgewers te voorsien, ten einde hulle in staat te stel om meer effektief en gefokus in hul bemarkingsveldtogte te wees.

6.3 BUITEVERKOPE – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 6.3.1 Die Sinode spreek sy hartlike dank uit teenoor die personeel van Lig in Duisternis Uitgewers wat bereid is om die buiteverkope, wat dikwels oor naweke val of waarvoor daar dikwels gereis moet word, te behartig.
- 6.3.2 Die Sinode moedig kerkrade aan om Lig in Duisternis Uitgewers uit te nooi om uitstallings by hulle te behartig en Lig in Duisternis Uitgewers in hul gemeentes bekend te stel.

6.4 HELPENDE KERKE KONGRES – Kennis geneem.**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

- 6.4.1 Die Sinode doen 'n beroep op kerkrade om die skakel na Lig in Duisternis Uitgewers se aanbieding by die Helpende Kerke Kongres onder lidmate te versprei.

6.5 WHATSAPP-GROEPE – Kennis geneem.**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

- 6.5.1 Die Sinode neem met dank kennis van die onderskeie WhatsApp-groepe waarop belangrike inligting met kerkrade en lidmate gedeel word. In die digitale era waarin ons leef, is dit 'n noodsaaklike kommunikasiemiddel.
- 6.5.2 Die Sinode versoek kerkrade om toe te sien dat daar altyd iemand uit hul geledere deel van een van dié groepe is. Indien 'n skakelpersoon se inligting verander, moet dit aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor deurgegee word, sodat die nodige veranderinge gemaak kan word.
- 6.5.3 Die Sinode versoek kerkrade om toe te sien dat inligting wat op hierdie groepe gedeel word, onder die aandag van lidmate gebring word deur dit in afkondigings, nuusblaai, op kerklike webblaaie of op plaaslike sosialemediabladsye te plaas en dit op plaaslike WhatsApp-groepe te deel.

6.6 WEBBLAAIE – Kennis geneem.**6.7 SOSIALE MEDIA – Kennis geneem.****6.8 DIE KOLPORTEURSTELSEL – Kennis geneem.****AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

- 6.8.1 Die Sinode roep kerkrade op om hul plaaslike kolporteur se hande te versterk en die stelsel te ondersteun.
- 6.8.2 Die Sinode versoek kerkrade wat nog nie oor die dienste van 'n kolporteur beskik nie, om ernstige oorweging aan die aanwysing van 'n kolporteur te gee.
- 6.8.3 Die Sinode moedig kerkrade aan om, waar moontlik, jonger persone as kolporteurs of as hulp vir kolporteurs te laat dien.
- 6.8.4 Die Sinode spreek sy hartlike dank uit teenoor al die kolporteurs vir die besondere wyse waarop hulle die kerk en koninkryk dien, asook vir die gesindheid van hartlike samewerking met die Gemeenskaplike Kerkkantoor en Die Boekwinkel wat hulle aan die dag lê.
- 6.8.5 Die Sinode moedig ringe en gemeentes aan om op eie onkoste Die Boekwinkel uit te nooi na ringsvergaderings en gemeentes vir die bekendstelling van publikasies en opleiding van kolporteurs. Dit kan ook in virtuele formaat gebeur.

6.9 LIG IN DUISTERNIS BOEKWINKELS, KOMMERSIËLE EN AANLYN BOEKWINKELS – Kennis geneem.**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

- 6.9.1 Die Sinode moedig kerkrade aan om oorweging te skenk aan die moontlikheid om 'n satellietwinkel vir Lig in Duisternis Uitgewers in hul omgewing te begin.
- 6.9.2 Die Sinode moedig kerkrade en kolporteurs aan om Lig in Duisternis Uitgewers se publikasies aan plaaslike boekwinkels te bemark en hul inligting aan Lig in Duisternis Uitgewers se bemarkingspan deur te gee.

6.10 VENNOOTSKAPPE MET GOEDGESINDE ORGANISASIES – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 6.10.1 Die Sinode moedig kerkrade aan om lidmate in te lig aangaande die feit dat hulle met elke aankoop op Lig in Duisternis Uitgewers se webblad, die opsie het om 'n R10-skenking aan Solidariteit Helpende Hand te maak.

6.11 SPESIALE AANBIEDINGS, PROMOSIES EN KOMPETISIES – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 6.11.1 Die Sinode moedig kerkrade aan om spesiale aanbiedings gereeld onder die aandag van lidmate te bring.

7. PROJEKTE

7.1 ONS LIG LUISTERSTORIES – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 7.1.1 Die Sinode moedig kerkrade aan om die projek onder die aandag van lidmate te bring.

7.2 SKOOLTASSIEPROJEK (SOLIDARITEIT HELPENDE HAND) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 7.2.1 Die Sinode neem met dank kennis van Lig in Duisternis Uitgewers se betrokkenheid by Solidariteit Helpende Hand se skooltassieprojek en moedig toekomstige betrokkenheid aan.
- 7.2.2 Die Sinode moedig kerkrade en lidmate, wat as borge by die projek betrokke wil raak, aan om met Lig in Duisternis Uitgewers in verbinding te tree.

Motivering – Kennis geneem.

7.3 HOOP ONGEGRENDELD – Kennis geneem.

8. LIG IN DUISTERNIS-PRYS – Kennis geneem.

8.1 PRYSWENNERS – Kennis geneem.

8.2 SPESIALE VERMELDINGS – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 8.2.1 Die Sinode wens die wenners van die Lig in Duisternis-prys van harte geluk.
- 8.2.2 Die Sinode wens ook die skrywers wat spesiaal vermeld is, geluk met hul prestasies.

9. MULTIMEDIA

9.1 WEBWERWE

9.1.1 AP KERK: AMPTELIKE WEBWERF www.apk.co.za (Handelinge 2017, bl. 340, pt. 3.2 en bl. 349, pt. 4.6.4 en bl. 351, pt. 5.6.2) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 9.1.1.1 Die Sinode moedig kerkrade aan om die amptelike webwerf van die AP Kerk met sy verskillende onderafdelings, gereeld onder die aandag van lidmate te bring.
- 9.1.1.2 Die Sinode herinner kerkrade aan al die amptelike dokumente wat op die intekengedeelte van die webblad beskikbaar is.
- 9.1.1.3 Die Sinode neem met waardering kennis van die amptelike verklarings en kommentaarartikels wat op die webwerf en ander mediaplatforms verskyn het.
- 9.1.1.4 Die Sinode moedig kerkrade aan om veral amptelike verklarings en kommentaarstukke onder lidmate se aandag te bring, aangesien dit die AP Kerk se getuienis oor aktuele sake verteenwoordig.

9.1.2 *LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS: WEBWERF www.liginduisternis.co.za
– Kennis geneem.*

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 9.1.2.1 Die Sinode neem met dankbaarheid kennis van Lig in Duisternis Uitgewers se nuwe webblad met toegang tot 'n aanlyn boekwinkel.
- 9.1.2.2 Die Sinode moedig kerkrade aan om Lig in Duisternis Uitgewers se nuwe webblad daadwerklik onder lidmate se aandag te bring.

9.2 *YOUTUBE: LIG IN DUISTERNIS PRODUKSIES – Kennis geneem.*

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 9.2.1 Die Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor Lig in Duisternis Uitgewers vir die daarstel van 'n baie aktiewe YouTube-kanaal waardeur lidmate en gelowiges wêreldwyd met die evangelie bedien word.
- 9.2.2 Die Sinode moedig kerkrade aan om Lig in Duisternis Produksies se YouTube-kanaal, asook die onderskeie video's wat daarop verskyn, gereeld onder die aandag van lidmate te bring en hulle aan te moedig om gratis op die kanaal in te skryf.
- 9.2.3 Die Sinode moedig kerkrade en lidmate aan om die video's van Lig in Duisternis Produksies so ver en wyd as moontlik te versprei.
- 9.2.4 Die Sinode moedig kerkrade aan om die inhoud van die YouTube-kanaal te benut vir Bybelstudie en toerusting van lidmate en kerkraadslede.

VOORSTEL GOEDGEKEUR

- 9.2.5 Die Sinode taak die PK en Lig in Duisternis Produksies om die aantal en tipe produksies wat aangebied word, aansienlik uit te brei, ten einde die gereformeerde en behoudende stem in Suid-Afrika in Afrikaans duidelik hoorbaar te maak.

Voorsteller: Oudl. AB Smit (Cullinan-Rayton)

Sekondant: Ds. LP Stoltz (Brandfort)

9.3 SOSIALE MEDIA

9.3.1 *AP Kerk: Facebook-blad – Kennis geneem.*

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 9.3.1.1 Die Sinode neem met dank kennis van die groei en effektiwiteit van die kerk se amptelike Facebook-blad (www.facebook.com/apkerk/) en die belangrike kommunikasie- en getuienisfunksie wat dit vervul.
- 9.3.1.2 Die Sinode moedig kerkrade aan om van die kerk se amptelike Facebook-blad gebruik te maak en dit aan lidmate bekend te stel.

9.3.2 Die BoodsAPPER: Facebook-groep – Kennis geneem.

9.3.3 Lig in Duisternis Uitgewers: Facebook-blad – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 9.3.3.1 Die Sinode neem met waardering kennis van Lig in Duisternis se Facebook-blad.
- 9.3.3.2 Die Sinode moedig kerkrade aan om die Facebook-blad deur middel van afkondigings en ander kommunikasiekanale gereeld onder lidmate se aandag te bring en deelname aan te moedig. www.facebook.com/LIDuitgewers

9.3.4 Lig in Duisternis Uitgewers: Instagram-rekening – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 9.3.4.1 Die Sinode neem met dank kennis van Lig in Duisternis Uitgewers se Instagram-rekening (lid_uitgewers).
- 9.3.4.2 Die Sinode moedig kerkrade aan om Lig in Duisternis Uitgewers se Instagram-rekening onder die aandag van lidmate, veral die jeug, te bring en hulle aan te moedig om dit te volg.

10. BESKRYWINGSPUNTE

10.1 RING VAN MIDDELBURG: LEERBOEKE SE INHOUD – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 10.1.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is ontvanklik.
- 10.1.2 Die Sinode oordeel dat die saak meriete het en gee opdrag aan die PK om toe te sien dat die aangehaalde bewoording voortaan in geen sinodale publikasie verskyn nie.
- 10.1.3 Die Sinode besluit om die inhoud van die huidige verbondsonderrigreeks amptelik goed te keur aangesien dit al jare in gebruik is.

10.2 RING VAN OUTJO: VERTALING VAN KERKORDE IN ENGELS – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 10.2.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is nie formeel ontvanklik nie, aangesien dit reeds 'n staande besluit is.
- 10.2.2 Die Sinode besluit om nie die beskrywingspunt goed te keur nie, aangesien daar reeds 'n bestaande besluit daaroor is.
- 10.2.3 Die Sinode neem kennis dat die PK reeds met die vertaling begin het en moedig hulle aan om dit so spoedig moontlik af te handel.

10.3 BESKRYWINGSPUNT VANAF PK: NUWE LIEDERE VIR PSALMS EN GESANGE VIR DIE AP KERK – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 10.3.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

Ds. A Hough (Tzaneen) wys daarop dat daar reeds in 2007 'n besluit hieroor (vgl. *Handelinge* 2007, bl. 338, pt. 6.4) geneem is en dus is die beskrywingspunt nie ontvanklik nie.

Op grond hiervan herroep die Sinode sy besluit by 10.3.1. Die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.

AANBEVELINGS NIE GOEDGEKEUR NIE:

- 10.3.2 Die Sinode keur in beginsel die byvoeging van die voorgestelde liedere goed.
- 10.3.3 Die Sinode verwys die finale goedkeuring en Skriftuurlike beoordeling na die PK en die KKCE vir afhandeling.
- 10.3.4 Die Sinode laat die rubriekindeling van die liedere, ná finale goedkeuring, aan die diskresie van die PK en die KKCE oor.
- 10.3.5 Die Sinode versoek die PK om toe te sien dat die toevoeging ook op die toepassing vir slimfone aangebring word.

11. BESWAARSKRIFTE – Kennis geneem.**11.1 IN MEMORIAM – Kennis geneem.****AANBEVELINGS GOEDGEKEUR****(Foutiewe nommering van *Sakelys 2022* word gevolg):**

- 11.1.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik.
- 11.1.2 Die Sinode besluit om voortaan IN MEMORIAM oor leraars wat ons tussen sinodes ontval het, slegs in *Die Boodskapper* en die sakelys van die sinode op te neem.

12. BEGROTING – Kennis geneem.**13. DANKBETUIGING – Kennis geneem.****AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

- 13.1 Die Sinode betuig sy dank teenoor:
 - 13.1.1 Die lede van die Publikasiekommissie vir hul getrouheid in die werk van die Kommissie, hul harde arbeid in die keuring van publikasies en die nougesette wyse waarop 'n wakende oog oor die gehalte van ons publikasies gehou word.
 - 13.1.2 Alle personeel wat betrokke is by ons publikasies vir die bekwame wyse waarop hulle hul take behartig, in die besonder vir die samestelling van *Sakelys 2022*.
 - 13.1.3 Alle skrywers, voorlopige beoordelaars en keurders wat daartoe meewerk dat ons publikasies van hoë standaard is.

Die PK-verslag word onderbreek.

89. LIG IN DUISTERNIS-PRYS

Geleentheid word gegee vir die toekenning van die Lig in Duisternis-prys vir 2021. Dit is toegeken aan die skrywers van die Oktober- en November 2021-uitgawes van *Die Boodskapper*.

90. AFKONDIGINGS

Die voorsitter doen enkele afkondigings.

91. TAFELGEBED

Ds. H Scherman (Bloemfontein Moedergemeente) doen 'n tafelgebed en die vergadering verdaag vir middagete.

DERDE SESSIE: 14:00-15:30

92. SAMESANG

Ds. JP Boonzaier (Nigel/Fonteine) lei die samesang.

93. AFKONDIGINGS

Die voorsitter doen enkele afkondigings.

94. VERSLAG: PUBLIKASIEKOMMISSIE (PK) VERVOLG [*Sakelys 2022*, bl. 251]

Ds. HSW Strauss (Redakteur: DB) hou die verslag van *Die Boodskapper* (Bylae PK1) voor.

1. REDAKSIE VAN *DIE BOODSKAPPER* (DB) EN *DIE JEUGBOODSKAPPER* (DJB) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 1.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor redaksielede wat vir soveel jare getrou op die redaksie van DB en DJB gedien het, asook die nuwe redaksielede wat met onderskeiding hul skoen vol staan.

2. PERSONEEL – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 2.1 Die Sinode spreek sy dank teenoor mev. JP van Lille uit wat vir 23 jaar as publikasiebeampte en sekretaresse van *Die Boodskapper* diens gedoen en haar verantwoordelikhede met sorg en uitnemendheid nagekom het.

3. VERGADERINGS – Kennis geneem.

4. AANTAL UITGAWES – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 4.1 Die Sinode spreek sy dank teenoor die redaksie uit vir die wye verskeidenheid aktuele temas wat behandel is.

5. VERSPREIDING DB EN DJB: MAART 2018 – FEBRUARIE 2022 – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 5.1 Die Sinode bevestig opnuut dat *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* as uiters belangrike kommunikasiemiddele gesien word waardeur kerknuus, maar ook geestelik-opbouende inligting versprei word om lidmate weerbaar te maak vir die geloofstryd in ons tyd. Die Sinode ag *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* verder as belangrike middele tot opbou van 'n gemeenskaplike etos in die kerkverband.
- 5.2 Die Sinode herhaal sy versoek tot kerkrade om noulettend toe te sien dat *Die Boodskapper* by elke besoekpunt tuiskom – verkieslik deur die wyksouderling of -diaken afgelewer, en dat eksemplare van *Die Jeugboodskapper* gereeld binne die bereik van elke verbondskind gebring word.
- 5.3 Die Sinode moedig kerkrade aan om elektronies op *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* in te teken, aangesien dit grootliks daartoe sal bydra dat elke lidmaat en dooplidmaat *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* ter hand sal neem.
- 5.4 Die Sinode bring dit onder die aandag van kerkrade dat vyf gratis eksemplare per uitgawe van *Die Boodskapper* beskikbaar is vir gemeentes wat daarom vra.
- 5.5 Die Sinode neem kennis daarvan dat *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* elektronies op die webblad beskikbaar is by <https://apk.co.za/tydskrifte/>

6. VESTIGING VAN 'N LEESKULTUUR – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 6.1 Die Sinode roep kerkrade weereens met die grootste erns op om alles in hulle vermoë te doen om 'n leeskuiluur by ons verbondsouers en -kinders te help vestig. Klem behoort gereeld gelê te word op die lees van ons kerklike tydskrifte en ander publikasies. Ouers behoort ook versoek te word om hul kinders te stimuleer om die kerklike leesstof gereeld te lees en om elke maand gepaste gedeeltes uit die jeugblad aan hulle kleuters voor te lees en die inhoud binne gesinsverband te bespreek.
- 6.2 Die Sinode versoek predikante en ander persone wat die afkondigings by geleentheid van eredienste waarneem, om moeite te doen om elke nuwe uitgawe van *Die Boodskapper* te adverteer. Die Sinode wys daarop dat gereelde bekendstelling van artikels, berigte, ensovoorts, in *Die Boodskapper*, belangstelling prikkel.

7. REDAKTEURSFORUM – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 7.1 Die Sinode spreek sy dank teenoor Pretoria FM uit vir die geleentheid om die inhoud van *DB* en *DJB* op hierdie wyse onder die aandag van die breër publiek te bring.
- 7.2 Die Sinode moedig lidmate aan om gereeld op Sondae by Pretoria FM in te skakel om na hierdie insetsel te luister, of om ter geleger tyd daarna te luister by www.apk.co.za/blog/category/multi-media/redakteursforum/

8. MENINGSPEILING – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 8.1 Die Sinode neem met dank kennis van die meningspeiling wat deur die Publikasie-afdeling ten opsigte van *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* gedoen is.
- 8.2 Die Sinode bedank lidmate wat aan die meningspeiling deelgeneem het vir hulle terugvoer.
- 8.3 Die Sinode beveel aan dat die Publikasie-afdeling gereeld (soos nodig) soortgelyke meningspeilings sal doen en moedig lidmate aan om entoesiasies daaraan deel te neem.

9. FACEBOOK-GROEP VIR *DB* EN *DJB* – Kennis geneem.**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

- 9.1 Die Sinode neem kennis van die Facebook-groep vir *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* en die belangrike inligting wat daarop gedeel word.
- 9.2 Die Sinode versoek kerkrade om lidmate aan te moedig om aan te sluit by die groep, dit gereeld te besoek en om dit ook met vriende, kennisse en ander belanghebbendes te deel. www.facebook.com/groups/537515880204135

10. INTERNASIONALE PUBLIKASIE VAN ARTIKELS – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 10.1 Die Sinode neem met dank kennis van die publisering van *Die Boodskapper*-artikels op internasionale platforms.

11. VRAAG-EN-ANTWOORD-AFDELING OP WEBBLAD – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 11.1 Die Sinode neem met dank kennis van die vraag-en-antwoord-afdeling op die AP Kerk se webblad.
- 11.2 Die Sinode roep kerkrade op om hierdie afdeling pertinent onder lidmate, veral die jeug, se aandag te bring.

12. KOSTE – Kennis geneem.

13. INTEKENGELDE – Kennis geneem (nommering bygevoeg aangesien dit in *Sakelys 2022* uitgeval het).

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 13.1 Die Sinode spreek sy dankbaarheid uit teenoor die gemeentes wat hulle rekeninge ten opsigte van inskrywing op *Die Boodskapper* getrou betaal het.
- 13.2 Die Sinode versoek kerkrade weereens om hulle intekengeld getrou te vereffen en seker te maak dat agterstallige rekeninge vereffen word.
- 13.3 Die Sinode moedig kerkrade aan om potensiële adverteerders na *Die Boodskapper* te verwys. Veral die binne- en buiteagterblad bied 'n groot inkomstepotensiaal.

14. BEMARKING BUIITE DIE AP KERK – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 14.1 Die Sinode neem met dank kennis van die redaksie se pogings om *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* ook buite AP kerkgeledere te bemark.

15. DANKWOORD – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 15.1 Die Sinode betuig sy hartlike dank teenoor alle medewerkers wat help om van *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* 'n lesenswaardige publikasie te maak.
- 15.2 Die Sinode betuig sy hartlike dank teenoor die Publikasie-afdeling in die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir hulle bydrae tot die beplanning, versorging, verpakking en versending van *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper*.
- 15.3 Die Sinode spreek sy hartlike dank uit teenoor alle ondersteuners van ons kerkblaai: lesers, adverteerders, intekenaars en almal wat daartoe meewerk om van dié spreekbuis binne die AP Kerk 'n sukses te maak. Die Sinode spreek die bede uit dat die Here steeds *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* tot sy eer en tot opbou van die geloof sal gebruik – binne en buite die AP Kerk.

Hiermee is die verslag van die PK afgehandel. Die voorsitter bedank ds. Strauss vir die verslag.

95. VERWELKOMING

Die voorsitter verwelkom ds. Marius Hartzenberg (emerituspredikant) by die Sinode.

96. WISSELING VAN VOORSITTER

Die ondervoorsitter neem die voorsitterstoel in.

97. VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK (KKCE) VERVOLG [Sakelys 2022, bl. 212]

Ds. MJL Jordaan (Schweizer-Reineke) gaan voort met die lewering van die verslag.

VOORSTEL GEWYSIG GOEDGEKEUR (vgl. *Handelinge 2022*, bl. 425):

3.1.3 Die Sinode keur die studiestuk goed.

VOORSTEL GOEDGEKEUR:

3.1.4 'n Ondersoekvergadering wat bevind dat 'n aangeklaagde aan 'n sonde skuldig is wat deur die vergadering as 'n ergerlike sonde beskou word, maar nie in die lys by art. 59.3.4 verskyn nie, moet dit aan die eersvolgende sinode voorlê om daaroor te besluit.

Dr. JH Breytenbach (Witbank)

Oudl. HJ Botha (Witbank)

Hiermee is die verslag van die KKCE afgehandel.

98. WISSELING VAN VOORSITTER

Die voorsitter neem weer die voorsitterstoel in.

99. VERSLAG: KURATORIUM (KUR) [Sakelys 2022, bl. 267]

Ds. PJ Möller (Groblersdal) hou die verslag voor.

Afdeling A: Kuratorium

INLEIDING – Kennis geneem.

1. PERSONEEL – Kennis geneem.

1.1 LEDE VAN DIE KURATORIUM – Kennis geneem.

1.2 VERANDERINGE IN DOSEERPERSONEEL – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

1.2.1 Die Sinode beveel aan dat die kieskollege steeds moet poog om, sodra moontlik en in ooreenstemming met die ooreenkoms met die Raad van die AP Akademie, die vyfde leerstoel te vul.

2. VERGADERINGS – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

2.1 Die Sinode neem kennis van die aantal kere wat die Kuratorium vergader het.

3. DAGBESTUUR – Kennis geneem.

4. AANSOEKE OM PREDIKANTSTATUS – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

4.1 Die Sinode bid die predikante wat sedert die vorige sinode toegelaat en beroepbaar gestel is, die seën van die Here in hulle bediening toe.
4.2 Die Sinode neem kennis dat daar onsuksesvolle aansoeke was.

5. BEHOUD VAN STATUS – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 5.1. Die Sinode neem kennis van die behoud van status wat aan ds. CR Vermaak toegestaan is en bid hom die seën van die Here met sy werk by die Bybelgenootskap toe.
- 5.2. Die Sinode neem kennis dat aan ds. OG van Rooyen jr. behoud van status toegeken is vir verdere studie.

6. TEOLOGIESE STUDENTE VAN DIE AP AKADEMIE GELEGITIMEER – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 6.1. Die Sinode neem kennis van die studente wat gelegitimeer is.
- 6.2. Die Sinode bid hierdie predikante die seën van die Here toe in hulle bediening.

Die Sinode sing al die broeders wat tydens hierdie verslagtydperk tot die bediening toegelaat is, Psalm 134:4 as seënbede toe.

7. SKAKELING MET DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 7.1. Die Sinode neem met dank kennis van die verteenwoordiging van die Kuratorium op die Raad en die skakeling wat die kerkverband met die Akademie by wyse van die Kuratorium het.
- 7.2. Die Sinode neem kennis van die reëling dat die Kuratorium as waarnemers by die eksamens teenwoordig is.
- 7.3. Die Sinode neem kennis van die betrokkenheid van Kuratoriumlede by proefpreke.

8. SKAKELING MET TEOLOGIESE DOSENTE – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 8.1. Die Sinode neem met dank kennis dat al die dosente, asook die AP Akademie self, as suiwer gereformeerde instelling, aan alle akademiese, kerklike en leerstellige vereistes van die AP kerkverband voldoen.
- 8.2. Die Sinode betuig opnuut sy dank en waardering vir die werk wat die dosente en hulp-dosente by die AP Akademie doen en bid hulle die seën van die Here op hul werk toe.
- 8.3. Die Sinode versoek dat gemeentes gereelde voorbidding vir die AP Akademie en dosente doen.

9. OMSENDERBRIEF AAN EMERITI – Kennis geneem (vgl. Beswaarskrif hieroor, bl. 448, pt. 17.5).

10. TEOLOGIESE BEGELEIDING VAN STUDENTE – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 10.1. Die Sinode neem met dank kennis van die voortgesette skakeling tussen die Kuratorium en studente.
- 10.2. Die Sinode neem kennis van die implementering van die persoonsontwikkelingskursus vir studente.
- 10.3. Die Sinode besluit dat die Kuratorium in samewerking met die GKK ondersoek moet instel na moontlike finansiering van die persoonsontwikkelingskursus.

11. PREDIKANTEKONFERENSIE (Kyk ook SKK-verslag, *Sakelys 2022*, bl. 28, pt. 5.8)
– Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 11.1 Die Sinode neem met dank kennis van die predikantekonferensie wat gereël is.

12. WILLIE LUBBE TEOLOGIESE STUDIEFONDS (WLTSF) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 12.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor gemeentes en individue wat oor baie jare heen gehelp het om die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds (WLTSF) daar te stel.
- 12.2 Die Sinode versoek kerkrade en gemeentes om, afgesien van die naaste Sondag aan die datum van kerkstigting, naamlik 27 Junie, ook tydens Pinkster op 'n wyse soos deur die kerkraad besluit, 'n kollekte ten bate van die WLTSF te hou.
- 12.3 Die Sinode versoek lidmate om by wyse van erflatings die WLTSF aan te vul.

13. SUBKOMMISSIE: BEURSE EN LENINGS – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 13.1 Die Sinode neem kennis van die lenings, behoefte- en prestasiebeurse wat uitbetaal is.

14. BYBELKENNIS VAN STUDENTE – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 14.1 Die Sinode neem kennis dat die Kuratorium met 'n program besig is om die Bybelkennis van studente te verruim.

15. HANDLEIDING BY DIE WERKSWYSE VAN DIE KURATORIUM – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 15.1 Die Sinode neem kennis van die opskrifstelling van die Kuratorium se interne werkswyse om as praktiese handleiding te dien.

16. BESKRYWINGSPUNTE – Kennis geneem.

17. BESWAARSKRIFTE – Kennis geneem.

17.1 BESWAARSKRIF: LANGVERLOF – Kennis geneem.

AANBEVELING GEWYSIG GOEDGEKEUR:

- 17.1.1 Die Sinode oordeel dat die beswaarskrif ontvanklik is.

Die verslag word onderbreek.



TERUG NA BL. 473

100. AFKONDIGINGS

Die voorsitter doen enkele afkondigings.

101. TEETyd

Die vergadering verdaag vir teetyd.

102. SAMESANG

Ds. A Boshoff jr. (Pretoria-Oos) lei die samesang.

103. AFKONDIGINGS

Die voorsitter doen enkele afkondigings.

104. VERSLAG: KURATORIUM (KUR) VERVOLG [*Sake/ys* 2022, bl. 277]

Ds. PJ Möller (Groblersdal) gaan voort met die lewering van die verslag.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

17.1.2 Die Sinode keur die herinstelling van langverlof in beginsel goed.

17.1.3 Die Sinode besluit om 'n bepaling 14F1.4 tot die kerkorde by te voeg: Leraars ontvang dertig dae langverlof in 'n driejaarsiklus.

AMENDEMENT GOEDGEKEUR (Revisie is later oor hierdie punt gevra, maar nie goedgekeur nie. Vgl. bl. 486):

17.1.4 Die Sinode besluit om Sinodebesluit 35 agter in *Kerkorde 2018* te vervang met die volgende bewoording:

Hierdie gewysigde artikel geld egter eers by enige beroep wat ná afloop van Sinode 2022 uitgebring en aanvaar word, tensy 'n predikant en sy huidige kerkraad skriftelik ooreenkom om die besluit as deel van sy bestaande verlof volgens die beroepsbrief te implementeer.

AANBEVELINGS VERWYS NA VORIGE KURATORIUM AS TYDELIKE KOMMISSIE (vgl. bl. 478):

17.1.5 Die Sinode besluit:

- a. Langverlof kan eers geneem word nadat 'n leraar reeds drie jaar in 'n gemeente werksaam was en daarna in 'n driejaarsiklus.
- b. Langverlof kan nie oploop tot meer as dertig dae nie.
- c. Langverlof is nie uitbetaalbaar nie. Alle langverlof verval indien 'n beroep aanvaar word en kan nie saam met gewone uitstaande verlof geneem word nie.
- d. Langverlof moet aaneen geneem word.
- e. 'n Leraar moet 'n uitbrandingstoets aflê wat deur die Kuratorium aanbeveel word voordat langverlof geneem kan word. Indien 'n leraar aan uitbranding ly, behoort hy daaraan te werk om die oorsake van die uitbranding te identifiseer. Daar moet bewys aan die kerkraad gelewer word dat die toets wel afgelê is. Die leraar hoef nie die toetsuitslae aan die kerkraad bekend te maak nie (let wel: 'n Leraar hoef nie noodwendig aan uitbranding te lei om langverlof te neem nie, aangesien die doel van langverlof juis is om uitbranding te voorkom. 'n Uitbrandingstoets is egter verpligtend om langverlof te neem aangesien dit 'n leraar kan aanspoor om die oorsake van uitbranding beter te hanteer.).
- f. Kerkrade moet toesien dat die leraar sy langverlof gereeld neem.



TERUG NA BL. 478



TERUG NA BL. 486

- g. 'n Leraar mag nie tydens sy langverlof in 'n ander gemeente werksaam wees nie. Hy moet verkieslik ook nie tuis bly nie, maar buite die gemeente se grense gaan rus.
- h. Die voorsitter van die ouderlingeraad behoort die konsulent te kontak om in te staan wanneer die leraar met verlof of langverlof is. Dit sou goed wees indien daar voor die aanvang van die langverlof met die konsulent gereël word om in te staan, sodat moontlike nood in die gemeente betyds die nodige aandag kan geniet. Die gemeente behoort nie die leraar te kontak om noodgevalle in die gemeente te hanteer nie.
- i. Gedurende die langverlof word tien dae gebruik vir studie wat moet lei tot geestelike groei. Die Kuratorium bepaal die inhoud van die materiaal wat gebruik word vir tersaaklike geestelike verryking.
- j. Die leraar moet verkieslik sy versoek om langverlof ten minste ses maande voor die aanvangsdatum by die kerkraad indien, sodat daar genoeg tyd vir die nodige beplanning is.

17.1.6 Die Sinode besluit om die reëlings rakende langverlof agter in die kerkorde onder die sinodebesluite op te neem.

17.2 BESWAARSKRIF: AANTAL DAE SONDAGVERLOF – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR (kyk *Sake/ys* 2022, bl. 278, pt. 17.2):

- 17.2.1 Die Sinode oordeel dat die beswaarskrif ontvanklik is.
- 17.2.2 Die Sinode keur die beswaarskrif goed.

17.3 BESWAARSKRIF: WYSIGING VAN DIE AKTE VAN LEGITIMASIE EN DIE ONDERTEKENINGSFORMULIER – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 17.3.1 Die Sinode besluit dat die beswaarskrif ontvanklik is.

AANBEVELING NIE GOEDGEKEUR NIE:

- 17.3.2 Die Sinode besluit om die voorgestelde nuwe bewoording vir die Legitimasie-akte goed te keur en as bylae in die kerkorde op te neem.



TERUG NA BL. 487

AMENDEMENT GOEDGEKEUR:

- 17.3.2 Die Sinode besluit om slegs die eerste wysiging van die voorgestelde nuwe bewoording vir die Legitimasie-akte goed te keur en as bylae in die kerkorde op te neem.

Voorsteller: Ds. HSW Strauss (Grootfontein – Tvl.)
Sekondant: Ds. HJ Dafel (Potgietersrus)

Dit beteken dat die gewysigde akte voortaan soos volg lui:

Akte van Legitimasie

Hiermee verklaar ek, die ondergetekende, _____, met die oog op toelating tot die openbare bediening van die Woord deur die Kuratorium, daartoe gemagtig deur die Sinode, in alle opregtheid voor die Here:

- dat ek die Bybel as die enigste onfeilbare en geïnspireerde Woord van God aanvaar en bely;
- dat ek van harte aanvaar en glo dat al die artikels en leerstukke vervat in die belydenisskrifte en Formuliere van Eenheid – naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, deur die Sinode van Dordrecht aanvaar in die jare 1618 en 1619 – ooreenkom met die Woord van God;
- dat ek belowe om hierdie voornoemde leer met alle ywer en getrou te handhaaf, sonder om iets teen die leer – hetsy regstreeks of onregstreeks – te leer of te skrywe;
- dat, soos ek hierdie leer in goedertrou aanneem en van harte glo, ek so alle dwalinge verwerp wat teen hierdie leer stry, en beloof ek om dit te weerlê, teë te spreek en alles in my vermoë te doen om dit uit die kerk te weer;
- dat ek verder belowe om my met alle ywer toe te lê op die uitbreiding van die ryk van Christus, deur bevordering van die kennis van die Christelike geloof, Christelike sedes, en die orde en eendrag;
- dat ek belowe om my aan die verordeninge van die Afrikaanse Protestantse Kerk te hou;
- dat, indien dit gebeur dat ek later 'n beswaar of ander insig omtrent voornoemde leer kry, ek so belowe dat ek dit nóg openlik, nóg heimlik sal voorstaan, leer of verdedig deur prediking of geskrif, alvorens ek dit aan die Kuratorium openbaar vir nadere ondersoek en totdat die saak finaal afgehandel is;
- dat, indien enige bevoegde kerklike liggaam te eniger tyd, ten einde die enigheid en suiwerheid van die leer te bewaar, besluit om 'n nadere verklaring van my standpunt omtrent een of meer van voormelde artikels en leerstukke te eis, ek plegtig so belowe dat ek altyd daartoe gewillig en bereid sal wees;
- dat, indien dit bevind word dat ek teen enige gedeelte van hierdie verklaring en belofte gehandel het, ek belowe om my aan die uitsprake van die bevoegde kerklike vergaderinge te onderwerp, sonder om afstand te doen van die reg tot appèl by die sinode;
- dat ek, om 'n standplaas te verkry, geen ooreenkoms aangegaan of gifte gegee het of ooit sal aangaan of gee nie; dat ek nie daarvan bewus is dat dit deur iemand van my kant of in my belang aangegaan of gegee is, of aangegaan en gegee sal word nie; dat ek ook nimmer 'n standplaas sal soek of aanvaar waarvan ek mag vermoed dat dit deur enige voorwaarde, belofte of watter middele ook al van 'n voorafgegane ooreenkoms aan my opgedra word nie.

Ek verbind my deur my handtekening tot al die voormelde.

Geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20 ____

Handtekening _____

Namens die Kuratorium word _____ hiermee as leraar toegelaat tot die Afrikaanse Protestantse kerkverband.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

17.3.3 Die Sinode besluit dat dieselfde verandering aan die ondertekeningsformulier in die kerkorde gemaak word.



17.4 BESWAARSKRIF: OORBRUGGINGSKURSUS – Kennis geneem.**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

17.4.1 Die Sinode besluit dat die beswaarskrif ontvanklik is.

AANBEVELING GEWYSIG GOEDGEKEUR:

17.4.2 Die Sinode besluit dat daar in die toekoms van alle aansoekers wat nie by die AP Akademie afgestudeer het nie, verwag word om voor toelating, 'n oorbruggingskursus deur die Kuratorium opgestel, te voltooi.

VOORSTEL GOEDGEKEUR:

17.4.3 Hierdie besluit is onmiddellik van krag en nie eers wanneer *Handelinge 2022* verskyn nie.

17.5 BESWAARSKRIF: OMSENDBRIEF AAN EMERITI (Kyk *Sakelys 2022*, bl. 270, pt. 9) – Kennis geneem.**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

17.5.1 Die Sinode besluit dat die beswaarskrif ontvanklik is.

17.5.2 Die Sinode besluit om bovermelde besluit te skrap.

17.6 BESWAARSKRIF: HUWELIKSVERRYKINGSKURSUS – Kennis geneem.**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

17.6.1 Die Sinode besluit dat die beswaarskrif ontvanklik is.

17.6.2 Die Sinode besluit om bovermelde besluit te skrap.

17.6.3 Die Sinode moedig predikante aan om daadwerklik aandag aan hulle huwelike te skenk en waar moontlik, huweliksverrykingsgeleenthede by te woon.

17.6.4 Die Sinode dra dit aan gemeentes en/of ringe op om binne streeksverband huweliksverrykingsgeleenthede aan te bied (Revisie is later oor hierdie punt toegestaan en goedgekeur. Vgl. [bl. 487](#)). 

18. SLOT – Kennis geneem.**105. VERSLAG: KURATORIUM AFDELING B. FAKULTEITSRAAD TEOLOGIE VAN DIE AP AKADEMIE (*Sakelys 2022*, bl. 284).**

Ds. PJ Möller (Groblersdal) hou die eerste deel van die verslag voor.

1. INLEIDING – Kennis geneem.**2. SAMESTELLING VAN DIE FAKULTEITSRAAD TEOLOGIE – Kennis geneem.****3. DEKAAN – Kennis geneem.****AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

3.1 Die Sinode bedank prof. dr. JAE Adendorff en prof. dr. GDS Smit vir die werk gelewer in die posisies waarin hulle gedien het tot aan die einde van 2018.

3.2 Die Sinode wens prof. dr. GDS Smit geluk met sy aanwysing as rektor en visekanselier van die AP Akademie en bid hom die seën van die Here toe.

3.3 Die Sinode wens prof. dr. JAE Adendorff geluk met sy aanwysing as dekaan van die Fakulteit Teologie en bid hom die seën van die Here toe.

Ds. PJ Möller (Groblersdal) gee aan prof. dr. JAE Adendorff (Dekaan: Teologie) oor om die res van die verslag voor te hou.

4. TEOLOGIESE DEPARTEMENTE, CURRICULA EN PERSONEEL (2022) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 4.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor elkeen van die dosente vir hul pligsgetroue en harde werk en verseker hulle van die kerkverband se voortdurende voorbidding.

5. PROGRAMME

5.1 BACCALAUREUS THEOLOGIAE (BTh) – Kennis geneem.

5.2 BACCALAUREUS DIVINITATIS (BDiv) – Kennis geneem.

5.2.1 Aansoek om akkreditasie – Kennis geneem.

5.2.2 Goedgekeurde sillabus – Kennis geneem.

5.2.3 Aanvang en infasering van die graad – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 5.2.3.1 Die Sinode neem met dank kennis dat die BDiv-program goedgekeur en reeds infaseer is.
- 5.2.3.2 Die Sinode neem kennis dat die Kuratorium deurgaans geken en op hoogte gehou is tydens die proses van die ontwikkeling van die nuwe teologiese kwalifikasie.
- 5.2.3.3 Die Sinode ondersteun die Fakulteitsraad Teologie in sy soeke na die beste wyse om studente te ontwikkel sodat hulle die BDiv-program suksesvol kan voltooi.

6. STUDENTEGETALLE (2018-2022) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 6.1 Die Sinode neem met dank kennis van die getal teologiese studente by die AP Akademie, maar spreek terselfdertyd sy teleurstelling en kommer uit dat die getal nie noemenswaardig groei nie.

7. NAGRAADSE KWALIFIKASIE – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 7.1 Die Sinode neem kennis van die besluit van die Fakulteitsraad om 'n tweejarige Kerklike Lisensiaat ná afhandeling van die BDiv-program aan te bied wat op die vlak van 'n meestersgraad sal wees.

8. DOSENTETOER – Kennis geneem.

8.1 ACTON KONFERENSIE – Kennis geneem.

8.2 KONTAK MET AMERIKAANSE PRIVAAT UNIVERSITEITE – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR (Nommering van *Sakelys 2022* word behou):

- 8.2.1 Die Sinode neem kennis dat die teologiese dosente van die AP Akademie die VSA in 2018 besoek het.
- 8.2.2 Die Sinode spreek sy waardering uit dat die teologiese program aan die AP Akademie van hoogstaande gehalte is en gunstig met soortgelyke internasionale programme vergelyk.

9. ISRAELTOER – Kennis geneem.**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

- 9.1 Die Sinode bedank prof. dr. J Bosman vir sy harde werk met die organisering van die toer en ook die gepaardgaande tematiese uitgawe van *Die Boodskapper* vir Februarie 2020.
- 9.2 Die Sinode neem kennis dat die volgende toer DV vir 2023 onder leiding van prof. dr. GDS Smit beplan word.

10. PRAKTIESE OPLEIDING – Kennis geneem.**10.1 HOMILETIEK PRAKTIES – Kennis geneem.****10.1.1 Klaspreke – Kennis geneem.****10.1.2 Kritiekpreek – Kennis geneem.****10.2 PRAKTIESE WERK IN 'N PLAASLIKE KERK – Kennis geneem.****10.3 PREEKVERGUNNING – Kennis geneem.****10.4 POIMENIEK PRAKTIES – Kennis geneem.****10.5 VERBONDSONDERRIG – Kennis geneem.****11. ONDERRIGFOOIE – Kennis geneem.****AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

- 11.1 Die Sinode boekstaaf sy dank teenoor die donateurs vir hulle belangstelling in en spontane finansiële ondersteuning aan die Fakulteit Teologie van die AP Akademie.
- 11.2 Die Sinode doen weereens 'n beroep op lidmate om voortdurend skenkings aan die Fakulteit Teologie van die AP Akademie te doen by wyse van erflatings, donasies en bemakings.

12. SKENKINGS EN FONDSE – Kennis geneem.**13. OOREENKOMSTE EN VERKENNENDE GESPREKKE – Kennis geneem.****13.1 GELOOFSBOND VAN HERVORMDE GEMEENTES (GHG) – Kennis geneem.****13.2 KAIROS NETWERK (KN) – Kennis geneem.****AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

- 13.2.1 Die Sinode neem kennis dat die ooreenkoms met die GHG nie meer van krag is nie.
- 13.2.2 Die Sinode moedig die Fakulteit Teologie aan om voort te gaan met verkennende gesprekke met geesgenootskaplike instellings.

14. FINANSIES – Kennis geneem.

15. SLOT – Kennis geneem.

Hiermee is die verslag van die Kuratorium afgehandel. Die voorsitter bedank prof. dr. JAE Adendorff (Dekaan: Teologie). Die voorsitter bedank ook ds. PJ Möller (Groblersdal) vir die meelewing van die Kuratorium.

106. VERSLAG: KOMMISSIE VIR DIE KERKARGIEF (KKA) [*Sakelys 2022, bl. 300*]

Ds. LD Greyling (Jeffreysbaai) hou die verslag voor.

1. PERSONEEL – Kennis geneem.

2. VERGADERINGS – Kennis geneem.

3. OPDRAGTE VAN DIE VYFTIENDE SINODE

3.1 ALGEMENE TAAKSPAN ARGIEFVERGADERINGS IN STELLENBOSCH (Handelinge 2017, bl. 359, pt. 3.2) – Kennis geneem.

3.2 INTERKERKLIKE ARGIEFFORUMVERGADERINGS – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 3.2.1 Die Sinode neem met dank kennis van die Interkerklike Argiefforum wat tot stand gekom het en waarby die AP kerkargief betrokke is en ook waardevolle insette lewer.
- 3.2.2 Die Sinode besluit dat die voorsitter van die Kommissie vir Kerkargief asook die argivaris (of argiefassistent) die Interkerklike Argiefforum se vergaderings sal bywoon en dra dit aan die GKK op om daarvoor te begroot.

3.3 WEBWERF VIR DIE SENTRALE KERKARGIEF (Handelinge 2017, bl. 359, pt. 3.3) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 3.3.1 Die Sinode kontinueer die opdrag van die Vyftiende Sinode en dra dit aan die Kommissie vir die Kerkargief op om in oorleg met die Publikasiekommissie se elektroniese ondersteuningsbeampte, die huidige webblad van die AP Kerk uit te brei om ook die kerkargief te akkommodeer.

3.4 OPLEIDING VAN LERAARS, STUDENTE EN ADMINISTRATIEWE PERSONEEL (Handelinge 2017, bl. 359, pt. 3.4) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 3.4.1 Die Sinode kontinueer die opdrag aan die volgende Kommissie vir die Kerkargief om daadwerklik aandag aan hierdie saak te skenk.

4. WERKSAAMHEDE – Kennis geneem.

4.1 GEMEENTELIKE VERSLAGVORM AAN DIE RING (Statistiek en visitasieverslag) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 4.1.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor skribas van gemeentes en/of die skribas van ringe wat op 'n gereelde basis en baie pligsgetrou die gemeentelike statistiek asook die visitasieverslagvorme, soos vereis word, aan die kerkargief stuur.
- 4.1.2 Die Sinode doen 'n dringende beroep op die gróóte aantal gemeentes wat nie jaarliks hul gemeentelike statistiek en visitasieverslagvorme aan die kerkargief stuur nie, om dit voortaan gereeld te doen.

4.2 AFSKRIFTE VAN DOOP- EN LIDMAATREGISTERS – Kennis geneem.**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

- 4.2.1 Die Sinode doen 'n beroep op gemeentes wie se afskrifte van die doop- en lidmaatregister by die kerkargief nie op datum is nie, om dit onverwyld op datum te bring en voortaan jaarliks op datum te hou.
- 4.2.2 Die Sinode moedig gemeentes aan om die *Handleiding vir Kerklike Administrasie* te gebruik vir die korrekte wyse waarop die lidmaat- en doopregisters ingevul moet word.

4.3 GEOUDITEERDE FINANSIËLE STATE – Kennis geneem.**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

- 4.3.1 Die Sinode vermaan gemeentes wat versuim om jaarliks geouditeerde finansiële state na die Gemeenskaplike Kerkkantoor te stuur en versoek alle kerkrade om toe te sien dat dit jaarliks gedoen word.

4.4 HUWELIKSREGISTER – Kennis geneem.**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

- 4.4.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor leraars wat getrou die huweliksregisterblad van die kerkverband voltooi van elke huwelik wat gesluit word en hierdie registerblaaie ook na die kerkargief stuur.
- 4.4.2 Die Sinode doen 'n beroep op leraars wat nie gereeld die huweliksregisterblad van die kerkverband voltooi en instuur nie, om dit voortaan getrou te doen.
- 4.4.3 Die Sinode doen weereens 'n beroep op leraars om afskrifte van die staat se huweliksregisterblaaie te maak voordat dit by die Departement van Binnelandse Sake ingehandig word en om hierdie afskrifte ook na die kerkargief vir bewaring te stuur.

4.5 GEMEENTELIKE ARGIVALIA – Kennis geneem.**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

- 4.5.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor gemeentes wat argivalia aan die kerkargief stuur en moedig al die gemeentes aan om op 'n gereelde basis argivalia aan die kerkargief te stuur.
- 4.5.2 Die Sinode herinner gemeentes weereens daaraan dat alle gemeentelike argivalia wat in digitale formaat geskep en gestoor word, ook na die kerkargief ingestuur kan word vir veilige bewaring.
- 4.5.3 Die Sinode versoek die skribas van die verskillende vergaderings wat binne die plaaslike gemeente gehou word, om noukeurig notule te hou van elke vergadering en notules dan aan die kerkargief te stuur (geskrewe en/of elektronies) vir bewaring.
- 4.5.4 Die Sinode rig 'n versoek aan gemeentes om gereeld foto's wat geneem word by gemeentelike funksies na die kerkargief te stuur. Foto's waarop persone voorkom, moet asseblief voorsien word van onderskrifte met die betrokke persone se name, die geleentheid waartydens die foto geneem is asook die datum van die betrokke geleentheid.

4.6 RINGSDOKUMENTE – Kennis geneem.**AANBEVELING GOEDGEKEUR:**

- 4.6.1 Die Sinode wys ringskribas op bepaling 37E van *Kerkorde 2018* en versoek dat daaraan uitvoering gegee word.

6. BESKRYWINGSPUNT – Kennis geneem.

6.1 RING VAN MIDDELBURG – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 6.1.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.
- 6.1.2 Die Sinode besluit om die beskrywingspunt nie goed te keur nie.
- 6.1.3 Die Sinode herbevestig die besluite wat geneem is met betrekking tot die veilige en brandvrye bewaring van gemeentes se argivalia.
- 6.1.4 Die Sinode herbevestig die besluit wat geneem is met betrekking tot die skriftelike bewaring (geskrewe bron) van argivalia.
- 6.1.5 Die Sinode herbevestig die besluit dat die lidmaat- en doopregister op die goedgekeurde vorms ingevul moet word.
- 6.1.6 Die Sinode doen 'n beroep op gemeentes om alle argivalia te hanteer (die bewaring daarvan asook die instuur na die kerkargief) soos in die *Handleiding vir Kerklike Administrasie* uiteengesit en beskryf word.
- 6.1.7 Die Sinode doen 'n beroep op visitatore om tydens die ringsvisitasie die nodige toesig te hou oor die wyse waarop elke gemeente in die ringsresort se administratiewe pligte verrig word en om toe te sien dat alle dokumente en argivalia wat na die Gemeenskaplike Kerkkantoor gestuur moet word, wel pligsgetrou gedoen en op datum gehou word.

Motivering – Kennis geneem.

7. IN MEMORIAM (Bylae KKA1) – Kennis geneem.



TERUG NA BL. 405

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 7.1 Die voorsitter reël dat die Sinode op gepaste wyse meelewing betoon met die afsterwe van leraars sedert die vorige sinode.

Die Sinode neem kennis van di. AS van Jaarsveld en GG le Roux se afsterwe sedert *Sakelys 2022* se verskyning.

Die Sinode staan vir 'n oomblik uit respek en eerbied in herinnering van hierdie broeders.

Hiermee is die verslag van die KKA afgehandel.

107. GOEDKEURING VAN NOTULE TWEEDE SITTINGS DAG

Die notule word met enkele wysigings goedgekeur.

108. VERSLAG: AD HOC-KOMMISSIE VIR DIE HERSKRYF VAN VERBONDSONDERRIGHANDBOEKE (*Sakelys 2022*, bl. 325)

Prof. dr. CA Swanepoel (Leerstoel: Dogmatologie) hou die verslag voor:

1. INLEIDEND – Kennis geneem.

1.1 HERSKRYF VAN VERBONDSONDERRIGHANDBOEKE (Handelinge 2007, bl. 334, pt. 6.1.3, bl. 336, pt. 6.1.10.) – Kennis geneem.

1.2 VOORTSETTING VAN VERBONDSONDERRIGHANDBOEKE (Handelinge 2013, bl. 311, pt. 6.1-4.) – Kennis geneem.

2. PERSONEEL – Kennis geneem.

3. VERSLAG – Kennis geneem.

5. WERKSBEPLANNING – Kennis geneem. (Nommering van die *Sakelys 2022* word behou.)

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 5.1 Die Sinode keur die verslag van die *Ad hoc*-kommissie goed.
- 5.2 Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die *Ad hoc*-kommissie om voort te gaan met die herskryf van die verbondsonderrighandboeke en -handleidings en dit so gou moontlik ná voorlegging aan en goedkeuring van die SKK, PK en KJV te implementeer.

Hiermee is die verslag van die *Ad hoc*-kommissie vir die herskryf van verbondsonderrighandboeke afgehandel.

109. BOEKBEKENDSTELLING

Ds. HSW Strauss (Hoof: Lig in Duisternis Uitgewers) stel enkele publikasies aan die Sinode bekend.

110. AFKONDIGINGS

Die ondervoorsitter doen enkele afkondigings.

Die vergadering neem kennis dat ds. P Janse van Rensburg (Dendron) in die hospitaal opgeneem is en doen voorbidding vir hom.

111. TAFELGEBED

Ds. WJ Malan (Pietersburg) doen die tafelgebed en die vergadering verdaag vir aandete.

Hiermee word die amptelike verrigtinge vir die derde sittingsdag afgesluit.

VYFDE SESSIE (NIEAMPTELIK): 19:00-20:30

112. SAMESANG

Ds. AP Boshoff (Leonardville) lei die samesang.

113. AFKONDIGINGS

Die voorsitter doen enkele afkondigings.

114. GESPREK: KERK EN WETGEWING

Ds. JL Schütte (Direkteur van Kerkadministrasie) stel Daniela Ellerbeck van Freedom of Religion South Africa (FOR SA) bekend en verwelkom haar. Sy lei die gesprek in.

Vrae en bespreking word deur ds. JL Schütte gelei.

115. DAGAFSLUITING

Ds. GCD Stoltz (Kimberley – Die Kruis) lees Handelinge 4:23-31 en doen 'n gebed.

EERSTE SESSIE: 8:00-10:30

116. SAMESANG

Ds. LE Prinsloo (Waterberg) lei die samesang.

117. BIDSTOND

Oudl. CJ Volschenk (Hendrina) lei die bidstond. Hy lees Psalms 99 en 100. Die vergadering sing Gesang 8 en oudl. Volschenk doen 'n gebed.

118. AFKONDIGINGS

Die ondervoorsitter doen enkele afkondigings.

119. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR GELOOFSBRIEWE (TKG5 en TKG6)

Ds. JH Bisschoff (Gordonia) hou die verslae voor.

TKG5

Die Sinode neem kennis van die volgende personeelwisselings wat plaasgevind het:

Wisseling van afgevaardigdes:

Grobbersdal: Oudl. MJ Greyling word vervang deur oudl. GS Vosloo.

Thabazimbi: Oudl. JP van Wyk word vervang deur oudl. HJ Botha.

Daar is 100 gemeentes teenwoordig met 205 afgevaardigdes.

TKG6

Die Sinode neem kennis van die volgende personeelwisselings wat plaasgevind het:

Wisseling van afgevaardigdes:

Fonteine: Oudl. JH Snyman word vervang deur oudl. AH de Vries.

Standerton: Oudl. TR Schoonraad word vervang deur oudl. GP van der Westhuizen.

Grobbersdal: Oudl. GS Vosloo word vervang deur oudl. MJ Greyling.

Marble Hall: Oudl. JH Fouché word vervang deur oudl. BF Burger.

Daar is 100 gemeentes teenwoordig met 205 afgevaardigdes.

120. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR VERLOFAANSOEKE (TKV4 en TKV5)

Ds. JH Bisschoff (Gordonia) hou die verslae voor.

TKV4

BROEDER	TYD	DATUM
Van Zyl, W (Verwoerdburg)	13:00 e.v.	31/08/2022
Potgieter, TF (Koster)	14:00 e.v.	31/08/2022
Janse van Rensburg, P (Dendron)	14:30 – 16:30	31/08/2022

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

Die Sinode keur die verlofaansoeke goed.

Die aantal stemgeregtigdes vir die tweede sessie van 31 Augustus 2022 staan dus op 190 afgevaardigdes (uitgesluit die afgevaardigdes van die gemeentes wat nie stemreg het nie).

TKV5

BROEDER	TYD	DATUM
Stapelberg, JJ (Waterberg)	Hele dag	01/09/2022
Janse van Rensburg, P (Dendron)	Res van sinode	01/09 – 02/09/2022
Weilbach, JC (Vaalwater)	Res van sinode	01/09 – 02/09/2022
Viljoen, AP (Frankfort)	Res van sinode	01/09 – 02/09/2022
Pretorius, DB (Lebombo)	Res van sinode	01/09 – 02/09/2022
Horn, G (Pietersburg)	07:00 – 11:00	01/09/2022
Oosthuizen, CR (Pietersburg)	07:00 – 11:00	01/09/2022
Eagar, CO (Dendron)	Hele dag	01/09/2022
Smit, RF (Thabazimbi)	Hele dag	01/09/2022
Grimes, WS (Thabazimbi)	Hele dag	01/09/2022
Van Wyk, JP (Thabazimbi)	Hele dag	01/09/2022
Du Koker, MJ (Alfa)	10:00-13:00	01/09/2022

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

Die Sinode keur die verlofaansoeke goed.

Die aantal stemgeregtigdes vir die eerste sessie van 1 September 2022 staan dus op 184 afgevaardigdes (uitgesluit die afgevaardigdes van die gemeentes wat nie stemreg het nie).

121. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR MEDIASKAKELING (TKM3)

Ds. MJ Mattheus (Steynsburg/Barkly-Oos/Tarkastad/Stormberg) hou die verslag voor.

VERSLAG GOEDGEKEUR:

- Die Sinode het kennis geneem van 'n digitale peiling wat die steun aan Christelike skole peil. Vanuit die opname is die Sinode van oordeel dat die ideaal van Christelik-volkseie skole en die AP Kerk se beleid daarvoor en ook die gevare wat onderrig in openbare skole vir verbondskinders inhou, welbekend is. Die Sinode dra dit aan kerkrade op om ook bewusmaking oor moontlikhede vir Christelike tuisonderrig in hul gemeentes te onderneem. Die Sinode dra dit aan kerkrade op om die onderwyskwalifikasies wat by die AP Akademie verwerf kan word, onder lidmate bekend te stel.
- Die Sinode het met dankbaarheid kennis geneem van gemeentes se ondersteuning van verskeie uitreikaksies om die evangelie uit te dra, binnelands sowel as buitelands.

3. Lig in Duisternis Uitgewers

- 3.1 Die Sinode het met dankbaarheid kennis geneem van die kreatiewe wyses waarop Lig in Duisternis Uitgewers en Lig in Duisternis Produksies, ten spyte van uitdagende omstandighede en 'n beperkte begroting, uitgebrei en gegroei het. Waar die fokus voorheen baie sterk was: Uit die kerk, vir die kerk, is daardie visie verbreed na: Uit die kerk, vir die kerk en die gemeenskap wat ons geroep is om te dien. Die slagspreuk van Lig in Duisternis Uitgewers is: “Kyk hoër, delf dieper, sien meer”.
- 3.2 Die Sinode vra gelowiges om Lig in Duisternis Uitgewers finansiël te sterk en te ondersteun. 'n Wye verskeidenheid hoogstaande boeke, met Skrifgetroue en behoudende inhoud, is by Die Boekwinkel beskikbaar. Die aanlyn boekwinkel maak landswye aankope moontlik. Die Sinode moedig kerkrade aan om oorweging te skenk aan die moontlikheid om 'n satellietwinkel vir Lig in Duisternis Uitgewers in hul omgewing te begin.
- 3.3 Verskeie kerklike publikasies het ook in elektroniese formaat die lig gesien om “lig in duisternis” te bring.
- 3.4 Die Sinode neem met dank kennis van Lig in Duisternis Uitgewers se werk ter bevordering van Bybelkennis onder die jeug en moedig gelowiges aan om die hulpmiddels wat daargestel word ter bevordering van Bybelkennis, onder die jeug te gebruik en te ondersteun. So word die skeppingsleer byvoorbeeld deurgaans in nuwe verbondsonderrigmateriaal gehandhaaf.
- 3.5 *Die Kerkjaarboek* (Bybelse dagstukkies) bly een van die AP Kerk se vlagskippublicasies en is jaarliks Lig in Duisternis Uitgewers se topverkoper. Dit weerspieël in 'n hoë mate die beeld van die AP Kerk, bevat nuttige naslaaengegewens en die dagstukkies kan baie vrugbaar aangewend word vir huisgodsdienste of persoonlike stiltetyd. Die Sinode versoek kerkrade om die aankoop van *Die Kerkjaarboek* deur lidmate aan te moedig en, waar moontlik, dit te finansier.
- 3.6 Die Sinode moedig kerkrade aan om die amptelike webwerf van die AP Kerk met sy verskillende onderafdelings, gereeld onder die aandag van lidmate te bring, waar onder meer amptelike verklarings en kommentaarartikels verskyn.
- 3.7 Die Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor Lig in Duisternis Uitgewers vir die daarstel van 'n baie aktiewe YouTube-kanaal waardeur lidmate en gelowiges wêreldwyd met die evangelie bedien word. Die Sinode moedig kerkrade aan om die kanaal, asook die onderskeie video's wat daarop verskyn, gereeld onder die aandag van gelowiges te bring. Die Sinode moedig kerkrade aan om die inhoud van die YouTube-kanaal te benut vir Bybelstudie en toerusting van lidmate en kerkraadslede.

4. Teologiese opleiding

- 4.1. Die Sinode het met groot waardering kennis geneem van tien teologiese studente wat sedert die vorige sinode by die AP Akademie afstudeer het en deur die Kuratorium gelegitimeer is. Daar is ook vier predikante, wat aansoek om predikantstatus in die AP Kerk gedoen het, deur die Kuratorium tot die bediening toegelaat. Die Sinode neem met dank kennis dat al die dosente, asook die AP Akademie self, as suiwer gereformeerde instelling, aan alle akademiese, kerklike en leerstellige vereistes van die AP kerkverband voldoen. Die Sinode betuig opnuut sy dank en waardering vir die werk wat die dosente en hulpdosente by die AP Akademie doen en bid hulle die seën van die Here op hul werk toe. Die Sinode versoek dat gemeentes gereelde voorbidding vir die AP Akademie en dosente doen.

- 4.2. Die Sinode is dankbaar teenoor die AP Akademie vir hoogstaande teologiese opleiding wat gebied word. Die BDiv-program soos dit aan die Raad op Hoër Onderwys aangebied is, is tydens 'n toer van die APA se teologiese dosente in die VSA aan behoudende teologiese instellings voorgelê vir evaluering. Na aanleiding van die gesprekke het dit duidelik geword dat die BTh-program asook die BDiv-program op 'n hoë standaard is en internasionaal goed vergelyk.
5. Die bewaring van kerklike argiefstukke kan nooit genoeg beklemtoon word met die oog op die toekoms nie. Die Sinode spreek sy dank uit teenoor gemeentes wat getrou alle argivalia na die AP kerkargief stuur.
6. Die Sinode het meelewing betoon met die families van 27 leraars wat oorlede is sedert die vorige sinode.

122. AFKONDIGINGS EN NOMINASIES GKK EN APA-RAAD

Die voorsitter doen enkele afkondigings en versoek die Sinode om nominasies vir die GKK en die APA-Raad in te dien.

123. WISSELING VAN VOORSITTER

Die ondervoorsitter neem die voorsitterstoel in.

124. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR FINANSIES (TKF1)

Ds. AJ Ferreira (Hoedspruit) hou die verslag voor.

1. PERSONEEL – Kennis geneem.

Ds. AJ Ferreira (Hoedspruit) [sameroeper]; Di. LAF Kirstein (Nelspruit), PJ Möller (Groblersdal), C Rautenbach (Heidelberg); ouderlinge PL Vlok (George), Bennie Cornelissen (Leonardville), NM Kilian (Schweizer-Reneke), HFF Grobbelaar (Waterberg), MJ Greyling (Groblersdal), W Nel (Orania).

2. OPDRAG – Kennis geneem.

Aanbeveling 7.4.1 van die GKK verslag, bl. 104 van *Sakelys 2022* (vgl. *Handelinge 2022*, [bl. 416](#)).



3. AANBEVELING GOEDGEKEUR:

Die Kommissie beveel aan dat die staande aanbeveling vir die besluit van die Sinode dien:

Die Sinode besluit dat indien 'n gemeente se boekhouding deur die afdeling Finansies van die Gemeenskaplike Kerkkantoor gedoen word, dit nie meer 'n vereiste is dat 'n F10-vorm en verslag deur 'n geoktrooieerde, kommersiële of finansiële rekenmeester ingedien hoef te word nie.

Motivering:

Die F10-vorm dien as opsomming en bevestiging van die sinodale verpligtinge van die gemeentes aan die GKK. Indien die gemeente se boekhouding deur die afdeling Finansies van die Gemeenskaplike Kerkkantoor gedoen word, kan hulle self die F10-vorm invul vanuit die finansiële state en F1-vorms, soos deur hulle opgestel.

Die rekenmeester/afdeling Finansies van die Gemeenskaplike Kerkkantoor sal die gemeentes begelei om die nodige inligting vir akkurate boekhouding te verskaf. Die afdeling Finansies van die Gemeenskaplike Kerkkantoor dien ook as die eksterne kontrole vir die gemeentes.

125. WISSELING VAN VOORSITTER

Die voorsitter neem weer die voorsitterstoel in.

126. KENNIS VAN REVISIE

Die Sinode neem kennis van die volgende versoeke om revisies wat ontvang is (vgl. *Handelinge 2022*, Revisies, [bl. 485-487](#)): 

1. Insake beskrywingspunt: Ring van Middelburg – Liturgiese orde, formuleer en voorskrifte (Verslag: Kommissie vir Formuleer en Liturgiek), Sinodebesluit 5.1.2, *Sakelys 2022*, bl. 207 (vgl. ook *Handelinge 2022*, [bl. 419](#), pt. 5.1.2). 

Voorsteller: Ds. JP Boonzaier (Nigel/Fonteine)

Sekondant: Ds. LJ du Preez (Bothaville)

2. Insake *Studiestuk: Tentmakerbediening* (Verslag: Sentale Kerkekommissie), Sinodebesluit 3.12.1 – 3.12.5, *Sakelys 2022*, bl. 22 (vgl. ook *Handelinge 2022*, [bl. 404](#), pt. 3.12.1 – 3.12.5). 

Voorsteller: Ds. DJ Malan (Koster)

Sekondant: Ds. H Scherman (Bloemfontein Moedergemeente)

3. Insake beskrywingspunt: Ring van Kimberley – hervestiging van die GKK se kantore en werksaamhede op Orania (Verslag: Gemeenskaplike Kerkekommissie), Ordereëling 6.1.4 (kyk *Handelinge 2022*, [bl. 485](#)). 

Voorsteller: Ds. A Boshoff jr. (Pretoria-Oos)

Sekondant: Ds. RK Combrink (Orania)

4. Insake Beswaarskrif: Huweliksverrykingskursus (Verslag: Kuratorium), Sinodesbesluit 17.6.4, *Sakelys 2022*, bl. 283 (vgl. ook *Handelinge 2022*, [bl. 487](#), pt. 17.6.4). 

Voorsteller: Dr. JH Breytenbach (Witbank)

Sekondant: Oudl. W Heath (Tygerberg)

Die voorsitter neem die onderskeie revisies ter tafel vir die vergadering om te besluit of die versoek tot revisie toegestaan word.


Besluite goedgekeur: (vgl. Revisies, *Handelinge 2022*, [bl. 485-487](#)).

Revisie word toegestaan aan:

Revisie-aansoek 1 hierbo;

Revisie-aansoek 3 hierbo;

Revisie-aansoek 4 hierbo.

127. VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (KKS) [*Sakelys 2022*, bl. 329]

Ds. WJA van Schalkwyk (Heilbron) hou die verslag voor.

1. PERSONEEL – Kennis geneem.

2. VERGADERINGS – Kennis geneem.

3. SAKE IN OPDRAG VAN DIE VYFTIENDE SINODE – Kennis geneem.

3.1 WYSIGINGS AAN DIE KERKORDE – Kennis geneem.

3.2 BESTUUR VAN FINANSIËLE EN ADMINISTRATIEWE LASTE (Handelinge 2017, bl. 340, pt. 3.5.6) – Kennis geneem.

3.3 KERKREGWOORDEBOEK (Handelinge 2017, bl. 377, pt. 3.2.2. Kyk ook PK-verslag, Sakelys 2022, bl. 219, pt. 4.8) – Kennis geneem.

3.4 PASTORALE VERSORGING (Handelinge 2017, bl. 381, pt. 5.1.5. Kyk ook SKK- verslag, Sakelys 2022, bl. 30, pt. 3.10) – Kennis geneem.

AANBEVELING KENNIS GENEEM



(Reeds goedgekeur. Kyk **Handelinge 2022, bl. 403**):

- 3.4.1 Die Sinode besluit die opdrag word gekontinueer met die wysiging dat dit aan die Kuratorium en KKS opgedra word om die studie af te handel.

4. AANBEVELINGS EN KERKORDELIKE WYSIGINGS: LASGEWING PUNT 7

4.1 ARTIKEL 19.6.1 – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 4.1.1 Die Sinode keur die wysiging van artikel 19.6.1 goed:

Nuwe redaksie:

Indien 'n bedienaar van die Woord volgens artikel 19 losgemaak is, geen beroep binne die eerste drie maande (ná **bekendmaking in** die kerkverband) ontvang of opgevolg het nie, is hy ná oorleg met die ring vir nog drie maande beroepbaar, maar sonder aanspraak op die versorging deur die kerkraad volgens artikel 19.5.

4.2 BEPALING 53 – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 4.2.1 Die Sinode keur die byvoeging van bepaling 53F goed:

Nuwe redaksie:

Bepaling 53F

Ouderlingeraad en ringe mag nie sloer om klagtes te hanteer nie. 'n Ouderlingeraad moet 'n klag binne 28 kalenderdae nadat dit ontvang is, ondersoek. Wanneer die ouderlingeraad die saak na die ring verwys, moet die ring dit binne 40 kalenderdae aanhoor.

4.3 BEROEPSBRIEF D – Kennis geneem.



AANBEVELINGS VERWYS NA TKKS (vgl. **Handelinge 2022, bl. 477-478**):

- 4.3.1 Die Sinode besluit dat 'n leraar wat volgens 'n ses maande diensooreenkoms na 'n gemeente beroep word, se diensooreenkoms net een keer deur die kerkraad hernu kan word. Aan die einde van 'n jaar verval die diensooreenkoms. Om weer 'n diensooreenkoms met die leraar aan te gaan, moet die kerkraad 'n kerkraadsvergadering waartoe die gemeente vir deelname opgeroep word, belê, sodat die gemeente oor die voortsetting van die diensooreenkoms kan stem. Die uitslag van die stemming is bindend.
- 4.3.2 Die Sinode keur die voorgestelde wysiging van Beroepsbrief D goed.

4.4 BEËINDIGING VAN KOMBINASIE (Kerkorde 2018, bl. 129, pt. 4.3) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.4.1 Die Sinode besluit om die wysiging van punt 4.3 van die Kombinasieakte goed te keur:

Nuwe redaksie:

4.3 Indien die gekombineerde kerkrade nie eenstemmigheid oor die beëindiging al dan nie van die kombinasie kan bereik nie, word 'n buitengewone ringsvergadering aangevra, en sal die ring ná deeglike ondersoek 'n beslissende antwoord daaroor gee.

4.5 BEPALINGS 23C EN 23D – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.5.1 Die Sinode keur die wysiging van bepalings 23C en 23D goed:

Nuwe redaksie:

Bepaling 23C

Enige belydende lidmaat van die gemeente wat nie onder sensuur is nie, het die reg om, voor verstryking van die periode van approbasie, skriftelike beswaar by die kerkraad aan te teken op grond van onreëlmatigheid in verband met die verkiesing of by die ouderlingeraad op grond van klagtes teen die leer of lewenswandel van 'n verkosene.

Bepaling 23D

Wanneer die voorsitter of skriba van die kerkraad of ouderlingeraad die beswaar ontvang, word 'n vergadering onverwyld belê om die beswaar te oorweeg, met dien verstande dat, as dit gegronde is, die verkiesing in die geheel nietig verklaar word, indien dit oor onreëlmatigheid tydens die verkiesing gaan. Indien die beswaar oor die leer of lewenswandel van die verkosene geldig is, word die betrokke broeder se verkiesing nietig verklaar en tree die ouderlingeraad verder na gelang van omstandighede volgens die bepalings van die kerkorde op.

5. BESWAARSKRIFTE

5.1 BESWAARSKRIF AP KERK GROOTFONTEIN TEEN DIE GEBRUIK VAN DIE UITDRUKKINGS “ERKENDE KERK/KERKE/KERKVERBAND”, “ERKENDE GEREFORMEERDE KERKE”, “ERKENDE GEREFORMEERDGESEINDE KERKE” EN “NIE-ERKENDE KERKE/KERKVERBAND” – Kennis geneem.

AANBEVELINGS NIE GOEDGEKEUR NIE:

5.1.1 Die Sinode besluit dat die beswaarskrif formeel ontvanklik is.

5.1.2 Die Sinode keur nie die beswaarskrif goed nie..

5.1.3 Die Sinode besluit om ter wille van eenvormigheid die volgende artikels en bepalings soos volg te wysig:

Artikel 4.3

opname ná goedkeuring deur die ouderlingeraad van die attestaat of bewys (verklaring) van lidmaatskap, of op grond van die getuienis van twee lidmate van AP kerke of van die gemeente van herkoms insake die aansoeker se vorige kerklidmaatskap wat deur belydende lidmate vanuit ander **erkende kerke** as aansoek om lidmaatskap ingelewer is (ná approbasie deur die gemeente);

Artikel 5.3

oorgaan na 'n ander kerk of sekte;

Artikel 5.4

skrap in geheel en wysig nommering daarna.

Artikel 6.1

as belydende lidmaat met attestaat of bewys (verklaring) van lidmaatskap aansoek doen om terug te keer vanuit 'n erkende kerk en deur die ouderlingeraad ná approbasie deur die gemeente, aanvaar is;

Artikel 6.2

as belydende lidmaat aansoek doen om terug te keer vanuit 'n nie-erkende kerk of sekte en, ná approbasie deur die gemeente, deur die ouderlingeraad toegelaat is tot aflegging van belydenis van geloof ná verbondsonderrig;

Bepaling 43C

Die heilige nagmaal is toeganklik vir alle belydende lidmate van die gemeente wat nie onder sensuur is nie. Vanweë die wese van die nagmaal en toesighouding deur die ouderlingeraad kan besoekende ongesensureerde belydende lidmate uit ander AP kerke (gemeentes) of uit gemeentes van ander erkende kerke, tot deelname toegelaat word, mits hulle vooraf by die ouderlingeraad aansoek gedoen het en die ouderlingeraad positiewe mondelinge, maar verkieslik skriftelike getuienis oor die aansoeker ontvang het van die aansoeker se plaaslike ouderlingeraad, wyksouderling of predikant, of van 'n ongesensureerde lidmaat van die kerk waar die nagmaal bedien word (kyk Sinodebesluit 15).

Bylae 2 punt 2

In die geval waar 'n persoon vanuit 'n erkende kerk (nl. die NGK, die NHK, die GKSA of die Gereformeerde Protestantse Kerk Brakpan) aansoek doen om opgeneem te word:

5.2 AP KERK WITBANK – ARTIKEL 57.2 – Kennis geneem.**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

5.2.1 Die Sinode besluit dat die beswaarskrif formeel ontvanklik is.

5.2.2 Die Sinode keur die beswaarskrif goed:

Die Sinode besluit om die volgende artikel by artikel 57.2 te voeg:

57.2.3 *waar aflegging van geloofsbelydenis teruggehou is en die volwasse dooplidmaat in die sonde volhard, mag hy deur die ouderlingeraad, ná raadpleging van die ring, uit die kerk uitgesluit word deur die gebruik van die betrokke verklaring.*

Die volgende verklaring word in die Erediensboek vir die Afrikaanse Protestantse Kerk opgeneem:

Bekendmaking van die naam van 'n dooplidmaat wat in sonde volhard:

Die ouderlingeraad maak met droefheid bekend dat NN, wat as lid van Christus se gemeente gedoop is, ondanks ernstige vermanings volhard het in die sonde van _____. Indien hy/sy nie binne _____ maande duidelike bewyse van berou en bekering uit die sonde toon nie, sal die ouderlingeraad voortgaan om hom/haar buite die gemeenskap van die gemeente te stel. Die gemeente word opgeroep om NN ernstig en in liefde te vermaan en om vir hom/haar te bid sodat daar inkeer en bekering kan kom.

Verklaring van uitsluiting van dooplidmate:

Die ouderlingeraad het NN se naam _____ maande gelede afgekondig en die gemeente versoek om hom/haar ernstig te vermaan en om vir bekering te bid. Dit is met groot droefheid dat die ouderlingeraad bekend maak dat NN deur sy/haar volgehoue weiering om te buig voor dié God wat hom/haar in sy verbond beseël het deur die doop, die gemeenskap met Christus en sy kerk verbreek het.

Hierdie optrede noodsaak die ouderlingeraad om NN uit die gemeente van God uit te sluit en verklaar daarmee op grond van Mattheüs 16:19 en 18:18 dat hy/sy geen deel meer het aan die ryk van Christus nie, tensy daar ernstige berou en bekering plaasvind.

Die gemeente word opgeroep om aan te hou om vir hom/haar te bid en in liefde te vermaan, want wie weet of dit God nie sal behaag nie om hom/haar weer terug te bring op die pad van die verbond. Laat ons ernstig waak en bid om self nie ook in sonde en hardnekkige ongeloof te val en die verbond van God te verlaat nie.

Motivering – Kennis geneem.

5.3 RING VAN MOOT-SENTRAAL: BESWAARSKRIF TEEN SAMESTELLING VAN SINODALE KOMMISSIES – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 5.3.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik.
- 5.3.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.
- 5.3.3 Die Sinode besluit om die lasgewing van permanente sinodale kommissies, punt 2.2 uit te brei:

“wat die leraars betref, saamgestel uit niegeëmeriteerde leraars van die AP kerke. Leraars op kommissies wat wel emeriteer (art. 20), of status behou kragtens art. 17.3.1 en 17.3.2 en art. 19, dien tot en met die volgende sinode.

Indien leraars om mediese redes emeriteer, kan hulle by die kommissie aandui of hulle as vol lede wil aanbly, of gekoöpteer kan word.

Indien ’n leraar status verloor, word ’n sekundus opgeroep.”

- 5.3.4 Die Sinode besluit om Ordereël 28.3 te skrap.

Motivering – Kennis geneem.

5.4 AP KERK BRONKHORTSPRUIT: BESWAARSKRIF OOR “VOLWAARDIGE” – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 5.4.1 Die Sinode besluit dat die beswaarskrif formeel ontvanklik is.
- 5.4.2 Die Sinode keur die beswaarskrif goed:

In die formulier vir belydenisaflegging word die volgende wysiging aangebring:

Ou bewoording:

“Die ouderlingeraad het met vreugde daarvan kennis geneem dat u begerig en gereed is om as volwaardige, belydende lidmate van hierdie kerk toegelaat te word.”

Nuwe bewoording:

“Die ouderlingeraad het met vreugde daarvan kennis geneem dat u begerig en gereed is om as belydende lidmaat/lidmate van hierdie kerk toegelaat te word.”

Motivering – Kennis geneem.

5.5 RING VAN BRANDFORT: BESWAARSKRIF OOR WIE MAG IN DIE AP KERK PREEK?

(Handelinge 2010, bl. 245, pt. 1.4) – Kennis geneem.

Ds. DJ Malan (Koster) het ’n ordemosie laat dien dat die saak na ’n permanente kommissie verwys word. Die vergadering het dit nie goedgekeur nie en ds. Malan vra dat sy teenstem aangeteken word.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

5.1.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik.

ORDEMOSIE GOEDGEKEUR:

Die saak (5.5.2) sal tydens teetyd deur alle belanghebbende partye bespreek en ná teetyd aan die orde gestel word.

**AANBEVELING STAAN OOR (kyk Handelinge 2022, bl. 470):**

5.1.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.

Motivering – Kennis geneem.

5.6 RING VAN MIDDELBURG: BESWAARSKRIF OOR “STATUS” – Kennis geneem.**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

5.6.1 Die Sinode besluit dat die beswaarskrif formeel ontvanklik is.

5.6.2 Die Sinode besluit dat die beswaarskrif nie gehandhaaf word nie.

Motivering – Kennis geneem.

5.7 BESWAARSKRIF KKS: PUBLIKASIE VAN STUDIESTUKKE (Handelinge 2017, bl. 350, pt. 4.8.3. Kyk ook PK-verslag, Sakelys 2022, bl. 221, pt. 4.14) – Kennis geneem.**AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:**

5.7.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik

5.7.2 Die Sinode keur die beswaarskrif goed.

5.7.3 Die Sinode versoek elke betrokke kommissie wat alreeds studiestukke aan die Sinode voorgelê het, om ’n bepaling te maak van watter studiestukke hulle reken die kerkverband se standpunte oor bepaalde sake duidelik stel en dit aan die Sinode voor te lê vir goedkeuring vir publikasie.

5.7.4 Die Sinode gee opdrag aan die PK om goedgekeurde studiestukke van elke kommissie wat alreeds studiestukke aan die Sinode voorgelê het, sowel as ander studiestukke waarvan vroeër net kennis geneem is, maar by ’n latere geleentheid deur ’n sinode goedgekeur is, in ’n elektroniese bundel, tesame met ’n behoorlike indeks, as ’n gratis publikasie op die kerk se webblad beskikbaar te stel.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 5.8.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik.
- 5.8.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.

Motivering – Kennis geneem.

Die verslag word onderbreek.

128. WISSELING VAN VOORSITTER

Die ondervoorsitter neem die voorsitterstoel in.

129. VERSLAG: AD HOC-KOMMISSIE VIR BYBELVERTALING (*Sakelys* 2022, bl. 367)

Prof. dr. GDS Smit (Wonderboom) hou die verslag voor:

1. INLEIDING – Kennis geneem.

2. LEDE VAN DIE AD HOC-KOMMISSIE VIR BYBELVERTALING – Kennis geneem.

3. LASGEWING – Kennis geneem.

4. WERKSAAMHEDE VAN DIE KOMMISSIE – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 4.1 Die Sinode neem kennis van die werksaamhede van die *Ad hoc*-kommissie vir Bybelvertaling.

5. VOORTSETTING VAN DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE KOMITEE – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GEWYSIG GOEDGEKEUR (Kyk *Sakelys* 2022, SKK-verslag, bl. 57, pt. 2.1.8. Kyk ook *Handelinge* 2022, verslag van die Bybelgenootskap, bl. 468):

- 5.1 Die Sinode besluit om die werksaamhede van die *Ad hoc*-kommissie vir Bybelvertaling te kontinueer, sodat die kommissie die AP Kerk kan adviseer oor Bybelvertaling en die bronteks, indien nodig, met verslag aan die volgende sinode.
- 5.2 Die Sinode besluit die *Ad hoc*-kommissie mag nuwe lede koöpteer soos nodig.
- 5.3 Die Sinode besluit dat die *Ad hoc*-kommissie vir Bybelvertaling navrae en adviese elektronies moet hanteer en dat daar geen voorsiening deur die GKK vir 'n jaarlikse begroting vir die kommissie gemaak hoef te word nie.

6. SLOT – Kennis geneem.

Hiermee is die verslag van die *Ad hoc*-kommissie vir Bybelvertaling afgehandel.

130. WISSELING VAN VOORSITTER

Die voorsitter neem weer die voorsitterstoel in.

131. AFKONDIGINGS

Die voorsitter doen enkele afkondigings.

132. TEETyd

Die vergadering verdaag vir tee.

TWEEDE SESSIE: 11:00-13:15

133. SAMESANG

Ds. RH Botes (Hugene-Vallei/Worcester) lei die samesang.

134. AFKONDIGINGS

Die voorsitter doen enkele afkondigings.

135. SUIWERING VAN DIE VERGADERING

Die voorsitter reël dat die vergadering volgens Ordereël 3 (*Kerkorde 2018*, bl. 70) gesuiwer word en versoek alle lede wat nie afgevaardig is nie, om die Sinode te verlaat.

BESLUIT GOEDGEKEUR:

Die Sinode keur die suiwering goed. Persone wat 'n adviserende stem volgens die kerkorde het, hoef nie die vergadering te verlaat nie.

Die vergadering neem met dank teenoor die bestuur van die Voortrekkermonument kennis dat die Voortrekkermonument gesluit is tot middagete.

136. VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (KKS) VERVOLG [*Sakelys 2022*, bl. 358]

Ds. L Lubbe (Moot-Sentraal) doen 'n gebed voor die aanvang van die behandeling van hierdie gedeelte van die verslag.

Ds. WJA van Schalkwyk (Heilbron) gaan voort met die lewering van die verslag.

Die Sinode besluit dat 'n drie minuut lange spreekbeurt aan elke spreker toegelaat sal word.

5.9 BESWAARSKRIF AP KERK PRETORIA-OOS TEN OPSIGTE VAN ARTIKEL 3 – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

5.9.1 Die Sinode besluit dat die beswaarskrif formeel ontvanklik is.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

5.9.2 Die Sinode keur nie die beswaarskrif goed nie..

AMENDEMENT GOEDGEKEUR:

Aanvaar voorgestelde bewoording van die beswaarskrif van die AP Kerk Pretoria-Oos rakende artikel 64.1, met 'n enkele wysiging:

Art. 64.1 Aangesien daar in Suid-Afrika verskeie volke, tale en kulture bestaan, sal kerke dienooreenkomstig hulle eie plaaslike en meerdere vergaderings hê.

Voorsteller: Oudl. dr. JA Schlebusch

Sekondant: Dr. CF Meiring

Hoewel die amendement goedgekeur is, is die beswaarskrif van Pretoria-Oos nie gehandhaaf nie. Hierdie amendement het later weer gedien tydens die beswaarskrif wat deur die KKS ingedien is (kyk *Handelinge 2022*, [bl. 470](#)). 

Die verslag word onderbreek.

137. AFKONDIGINGS

Die voorsitter doen enkele afkondigings.

138. TAFELGEBED

Ds. DJ Malan (Koster) doen die tafelgebed en die vergadering verdaag vir middagete.

DERDE SESSIE: 14:00-15:30

139. SAMESANG

Ds. JG Brink (Outjo/Grootfontein) lei die samesang.

140. VERWELKOMING

Die voorsitter verwelkom die verteenwoordigers van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BGSA), past. Mike Roodt en dr. Gerhard Lindeque, by die Sinode.

141. VERSLAG: BYBELGENOOTSAP VAN SUID-AFRIKA (BGSA) [*Sakelys 2022*, bl. 56 BYLAE SKK7]

Ds. CR Vermaak (BGSA); past. Mike Roodt en dr. Gerhard Lindeque van die BGSA hou die verslag voor:

1. INLEIDING – Kennis geneem.

2. WERKSAAMHEDE VAN DIE BYBELGENOOTSAP – Kennis geneem.

2.1 VERTALING – Kennis geneem.

2.1.1 Afrikaanse Bybelvertalingsprojek – Kennis geneem.

2.1.2 isiZulu Bybelvertalingsprojek – Kennis geneem.

2.1.3 Bybelvertaling in San-tale – Kennis geneem.

2.1.4 Engelse Bybel vir Dowes – Kennis geneem.

2.1.5 Deuterokanonieke boeke in isiNdebele – Kennis geneem.

2.1.6 Nuwe vertalingsprojekte – Kennis geneem.

2.1.7 Hersienings – Kennis geneem.

2.1.8 AANBEVELINGS

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR**(vgl. ook *Ad hoc*-Kommissie vir Bybelvertaling, *Handelinge 2022*, bl. 465):**

- 2.1.8.1 Die Sinode beveel aan dat gemeentes elke jaar die laaste Sondag van Augustus as Bybelsondag sal inrig.
- 2.1.8.2 Die Sinode versoek gemeentes om in die opstel van hul jaarprogramme vir 2023 aandag te gee aan die 90-jarige bestaan van die Bybel in Afrikaans.
- 2.1.8.3 Die Sinode bedank elkeen van die afgevaardigdes en lidmate wat pligsgetrou hul taak in die vertaalproses verrig het.
- 2.1.8.4 Die Sinode neem met dank kennis van die hoofletteruitgawe wat gedruk word.
- 2.1.8.5 Die Sinode neem kennis dat Die Bybel 2020-vertaling by Die Boekwinkel beskikbaar is.
- 2.1.8.6 Die Sinode versoek lidmate en kerkrade om Die Bybel 2020-vertaling aan die hand van die riglyne van Sinode 2004 te bestudeer en kommentaar te lewer aan die *Ad hoc*-kommissie vir Bybelvertaling wat dit aan die BGSA kan deurgee.
- 2.1.8.7 Die Sinode versoek die *Ad hoc*-kommissie vir Bybelvertaling om in hul kommentaar onderskeid te maak tussen (a) die vertaalde teks en (b) die kommentaar wat in die voorwoord, woordelys, voetnotas en inleidings van elke Bybelboek bygevoeg is.
- 2.1.8.8 Die Sinode versoek gemeentes om leesgroepe wat die *Ad hoc*-kommissie vir Bybelvertaling in die taak kan bystaan, te vorm.
- 2.1.8.9 Die Sinode wys leraars daarop dat Die Bybel 2020-vertaling slegs ter toeligting gebruik kan word volgens Sinode 2004 se besluit oor Bybelvertalings.

*Motivering – Kennis geneem.***2.2 PRODUKSIE – Kennis geneem.***2.2.1 Gedrukte produkte – Kennis geneem.**2.2.2 Oudioprodukte – Kennis geneem.**2.2.3 Digitale produkte – Kennis geneem.**2.2.3.1 BibleSa – Kennis geneem.**2.2.3.2 Alive Resource (AR) Bybel – Kennis geneem.**2.2.3.3 Elektroniese verspreiding van digitale publikasies – Kennis geneem.**2.2.3.4 Selfstandige Bybeltoepassings (Stand-Alone Bible-toepassings) – Kennis geneem.***2.3 VERSPREIDING***2.3.1 Bybels en Bybelgedeeltes in alle tale – Kennis geneem.**2.3.2 Verspreidingsprojekte – Kennis geneem.**2.3.2.1 Bybelluisterprogram – Kennis geneem.**2.3.2.2 Bybels vir die armes – Kennis geneem.**2.3.2.3 Bybels vir graad 7-leerders – Kennis geneem.**2.3.2.4 Bybelgebaseerde geletterdheidsprogram – Kennis geneem.**2.3.2.5 Bybels vir gevangenes – Kennis geneem.*

3. FINANSIES

3.1 INKOMSTE EN UITGAWES – Kennis geneem.

3.2 AP KERK-BYDRAE – Kennis geneem.

3.2.1 AP Kerk-bydrae – Kennis geneem.

3.2.2 Bydrae per belydende lidmaat – Kennis geneem.

3.3 AANBEVELINGS

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 3.3.1 Die Sinode neem kennis van die BGSA se dank wat uitgespreek is aan die gemeentes en lidmate van die AP Kerk wat getrou bydraes gemaak het.
- 3.3.2 Die Sinode versoek gemeentes om jaarliks, soos deur die verskeie ringsittings aanbeveel word, hul bydrae aan die BGSA oor te betaal.
- 3.3.3 Die Sinode versoek gemeentes om hul bydraes maandeliks oor te betaal.

Motivering – Kennis geneem.

4. BETROKKENHEID VAN DIE AP KERK – Kennis geneem (nommering het in *Sakelys 2022* uitgeval).

4.1 GEMEENTES BESOEK – Kennis geneem.

4.2 RINGE BESOEK – Kennis geneem.

4.3 ANDER AMPTELIKE GELEENTHEDE – Kennis geneem.

4.4 STREEKVERGADERINGS EN ALGEMENE JAARVERGADERING – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR (kyk TTK-verslag, bl. 484):

- 4.1.1 Die Sinode wys vir al die streke van die BGSA en vir die BGSA se Algemene Jaarvergadering (AJV) verteenwoordigers aan.
- 4.1.2 Vir elke streek en vir die AJV word 'n primarius- en 'n sekunduspredikant aangewys.
- 4.1.3 Vir elke streek en vir die AJV word 'n primarius- en 'n sekundusouderling aangewys.

5. DIE BGSA SE 2025-STRATEGIE – Kennis geneem.

6. SLOT – Kennis geneem.

Die voorsitter bedank die verteenwoordigers van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en bid hulle die seën van die Here op hulle werk toe.

Hiermee is die verslag van die SKK afgehandel.

142. MOSIES GOEDGEKEUR

Die Sinode spreek sy dank uit vir die Bybels wat die BGSA aan afgevaardigdes geskenk het. Dit word opreg waardeer. Mag dit tot uitbreiding van God se koninkryk wees.

Voorsteller: Ds. HJ Dafel (Potgietersrus)

Sekondant: Ds. HSW Strauss (Grootfontein – Tvl.)

Die Sinode verseker die Bybelgenootskap van Suid-Afrika van sy voorbidding vir die proses om 'n nuwe uitvoerende hoof aan te stel.

Voorsteller: Prof. dr. JAE Adendorff (Pretoria-Oos)

Sekondant: Ds. HSW Strauss (Grootfontein – Tvl.)

143. VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (KKS) VERVOLG

[*Sakelys 2022*, bl. 247-351]

Ds. WJA van Schalkwyk (Heilbron) gaan voort met die lewering van die verslag.

Saak verwys by punt 127, bl. 464 (VIERDE SITTINGSDAG, SESSIE 1) word nou ter tafel geneem:

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

5.5.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.

Dit beteken dat die beswaarskrif van die Ring van Brandfort nie slaag nie.

VOORSTEL GOEDGEKEUR:

Die Sinode besluit om by bylae 1 van *Kerkorde 2018* 'n nuwe punt 1.3 by te voeg waarin voorsiening gemaak word vir 'n nuwe kategorie van persone wat Woord en sakramente mag bedien.

Voorgestelde punt 1.3 lui soos volg:

- 1.3 Emerituspredikante vanuit ander gereformeerde kerke, wat weens geldige redes nie as leraar na die AP Kerk kan oorkom nie, ná ondersoek en goedkeuring deur die Kuratorium. (Hierdie goedgekeurde leraars mag die Woord en sakramente bedien asook die aflegging van geloofsbelydenis en bevestiging van ampsdraers waarneem.)

Voorsteller: Oudl. B Laubscher (Potchefstroom)

Sekondant: Ds. F Pretorius (Potchefstroom)



TERUG NA BL. 464

Die voorsitter stel aanbevelings 5.9.3-5.9.6 aan die orde [vervolg vanaf [bl. 466](#) *Handelinge 2022*] (vgl. *Sakelys 2022*, bl. 362).



AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.9.3 Die Sinode besluit om artikel 3 soos volg te wysig:

Art. 3.1 Die één, heilige, algemene, Christelike kerk wat ons bely is die vrug van die werk van die drie-enige God onder die koningskap van Christus.

Art. 3.2 Hierdie één kerk word verbondsmatig sigbaar in haar verskeidenheid onder al die volke, tale, stamme en nasies wat God geskep het. Die inheemse kerk is 'n verskyningsvorm van die kerk soos God dit wil (vgl. Gén. 11, Deut. 32:8, Hand. 2:8, Hand. 17:26-27, Openb. 5:9, Openb. 7:9, Openb. 21:24 en 26, Openb. 22:2). Die AP Kerk is 'n inheemse vergestaltung van die kerk van Christus onder die Afrikanervolk, naas ander kerke.

Art. 3.3 Afrikaners wat die saligmakende geloof in Christus bely (vgl. Rom. 10:9-10) en wat die belydenis, leer en Kerkorde van die Afrikaanse Protestantse kerke in kerkverband (kyk art. 66) onderskryf, kan saam met hulle kinders lidmaatskap van 'n plaaslike kerk (gemeente) verkry.

5.9.4 Die Sinode besluit om die volgende bevestigende verklaring van ons verstaan van artikel 3 agter in die kerkorde op te neem:

Die Afrikaanse Protestantse kerke in kerkverband glo dat inheemse kerke deel van God se wil is. Ons is van harte daarvan oortuig dat die Woord van God leer:

- dat alle mense vanuit 'n enkele huisgesin afkomstig is (vgl. Gén. 9:19, Gén. 10:32 en Hand. 17:26) en daarom ook gelykwaardig is ongeag afkoms, volk, taal of kultuur;
- dat die verskillende stamme, tale, volke en nasies uit hierdie een huisgesin gegroei het in antwoord op God se opdrag om te vermeerder en die aarde te vul (vgl. Gén. 1:28). Die volkereverskeidenheid is dus die handewerk van God (vgl. Gén. 11:7-9) en Hy het die woonplek en grense van die volkere vasgestel (vgl. Deut. 32:8, Hand. 17:26) met die doel dat hulle Hom sal soek (vgl. Hand. 17:27);
- dat God in sy Christus en deur sy Gees en Woord vir Hom 'n kerk vergader, beskerm en onderhou. In die proses van kerkvorming en kerk wees gaan God verbondsmatig te werk. Individue vorm deel van 'n verbondsgesin, terwyl verbondsgesinne op hulle beurt 'n volk vorm;
- dat hierdie heilige, algemene en Christelike kerk in die Godbeskikte verskeidenheid van stamme, tale, volke en nasies (vgl. Openb. 5:9, vgl. ook Gén. 10; Gén. 11; Deut. 32:8; Jer. 13:23; Hand. 17:26) tot openbaring kom as inheemse kerke wat in hulle onderskeie tale van die groot daad van God hoor (vgl. Hand. 2:8, 11) en Hom in en vanuit hulle volk wees dien (vgl. Openb. 21:24, 26; 22:2);
- dat die Bybel dus ruimte bied vir belydende kerke binne elke volksverband, wat nie die eenheid van die kerk van Christus in gedrang bring of verbreek nie;
- dat bogenoemde die gereformeerde verstaan van die Skrif verwoord en dat dit reeds in die Kerkorde van Dordt (1618) beslag gekry het in artikels 51 en 52;
- dat die Afrikaner deur die Here aan die suidpunt van Afrika as volk geplant is; 'n kind is van die Hervorming en van die godsdienstige vervolging van die gereformeerdes in Europa; hulleself deur drie geloftes aan die Here onderskei het as 'n eiesoortige volk naas ander volke op aarde.

AANBEVELING KENNIS GENEEM

(aangesien Pretoria-Oos se beswaarskrif nie gehandhaaf is nie):

5.9.5 Die Sinode besluit dat die voorgestelde wysiging van artikel 64 nie goedgekeur word nie. Daar word nie *duidelike gronde vir die beswaar* aangevoer nie (bepaling 31A).

AANBEVELINGS NIE GOEDGEKEUR NIE:

5.9.1 Die Sinode besluit om artikel 64 soos volg te wysig:

- 64.1 Die kerke in kerkverband strewe daarna om met ander Christelike kerke kontak op te neem en te behou, veral met kerke wat in belydenis die naaste aan hulle staan, ten einde die eenheid in geloof, leer en lewe te bewaar.
- 64.2 Met kerke van gereformeerde belydenis binnelands en buitelands word, sover wenslik, deur middel van kerklike korrespondensie Christelike gemeenskap beoefen.
- 64.3 Die Sinode besluit oor die aard en/of graad van die kerklike korrespondensie.

AMENDEMENT GOEDGEKEUR:

Die Sinode besluit om artikel 64 soos volg te wysig:

- 64.1 Aangesien daar in Suid-Afrika verskeie volke, tale en kulture bestaan, sal kerke dienooreenkomstig hulle eie plaaslike en meerdere vergaderings hê.
- 64.2 Die kerke in kerkverband strewe daarna om met ander Christelike kerke kontak op te neem en te behou, veral met kerke wat in belydenis die naaste aan hulle staan, ten einde die eenheid in geloof, leer en lewe te bewaar.
- 64.3 Met kerke van gereformeerde belydenis binnelands en buitelands word, sover wenslik, deur middel van kerklike korrespondensie Christelike gemeenskap beoefen.
- 64.4 Die Sinode besluit oor die aard en/of graad van die kerklike korrespondensie.

Voorsteller: Oudl. dr. JA Schlebusch (Lichtenburg)

Sekondant: Dr. CF Meiring (Lichtenburg)

Motivering – Kennis geneem.

6. APPÈLLE – Kennis geneem.

Hiermee is die verslag van die KKS afgehandel.

144. AFKONDIGINGS

Die voorsitter doen enkele afkondigings en die vergadering verdaag vir teetyd.

VIERDE SESSIE: 17:00-18:00

145. SAMESANG

Ds. MR Burger (Viljoenskroon) lei die samesang.

146. AFKONDIGINGS

Die voorsitter doen enkele afkondigings.

147. GOEDKEURING NOTULE DERDE SITTINGSdag

Ds. A Boshoff jr. (Pretoria-Oos) hou die notule voor.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

Die notule vir die derde sittingsdag word goedgekeur.

148. VERKIESING: LEDE VIR DIE RAAD VAN DIE AP AKADEMIE

Die voorsitter versoek die Sinode om vier primarii en twee sekundi te kies om op die Raad van die AP Akademie te dien. Die volgende broeders is genomineer en kry geleentheid om hulself aan die Sinode bekend te stel:

Ouderlinge: TB Cloete (Mosselbaai), MJ Greyling (Groblersdal), DB Pretorius (Lebombo), WDR Scholtz (Groblersdal), dr. JA Schlebusch (Lichtenburg), AB Smit (Cullinan-Rayton), FJ van Graan (Wonderboom), GP van Rhyn (Mosselbaai).

149. VERKIESING: LEDE VIR DIE GKK

Die voorsitter versoek die Sinode om vier primarii en twee sekundi te kies om op die GKK te dien. Die volgende broeders is genomineer en kry geleentheid om hulself aan die Sinode bekend te stel:

Ouderlinge: LCR Beyers (Pretoria-Oos), MJ Greyling (Groblersdal), CH Hancke (Bethal), LJ Möller (Potgietersrus), PW Möller (Grootfontein – Tvl.), LJ Nel (Hoëveldrif), W Nel (Orania), SCW van Schalkwyk (Grootfontein – Tvl.)

150. KENNIS VAN REVISIE

Die Sinode neem kennis van die volgende versoek om revisie wat ontvang is:

Insake Beswaarskrif: Langverlof (Verslag: Kuratorium en AP Akademie), Amendement op 17.1.4 (kyk *Handelinge 2022*, [bl. 444](#)). 

Voorsteller: Ds. MJ Mattheus (Steynsburg/Barkley-Oos/Tarkastad/Stormberg)
Sekondant: Ds. PJ Möller (Groblersdal)

 **BESLUIT GOEDGEKEUR (vgl. Revisies, *Handelinge 2022*, [bl. 486](#)):**

Revisie word toegestaan.

151. AFKONDIGINGS

Die voorsitter doen enkele afkondigings.

152. DAGAFSLUITING

Ds. PJ Möller (Groblersdal) lees Psalm 57 en doen 'n gebed.

Hiermee is die amptelike dagprogram afgesluit en die Sinode verdaag vir 'n kuieraand en kampvuurgesprek: Kerk en Ossewabrandwag.

EERSTE SESSIE: 8:00-10:30

153. SAMESANG

Ds. WA Burger jr. (Krugersdorp) lei die samesang.

154. BIDSTOND

Oudl. AB Smit (Cullinan-Rayton) lei die bidstond. Die Sinode sing Gesang 71:1. Oudl. Smit lees Job 37:1-13, Psalm 90:1-17 en Romeine 11:33-36 en doen 'n gebed.

155. AFKONDIGINGS EN REËLINGS

Die voorsitter doen enkele afkondigings en gee sekere reëlins deur. Ds. P Janse van Rensburg (Dendron) is steeds in die hospitaal en dit gaan nie baie goed met hom nie. Hy en sy gemeente word aan die genade van die Here opgedra.

156. UITSLAG: VERKIESING APA RAAD EN LEDE VAN DIE GKK

APA RAAD	
Primarii	Oudl. GP van Rhyn (Mosselbaai)
	Oudl. AB Smit (Cullinan-Rayton)
	Oudl. WDR Scholtz (Groblersdal)
	Oudl. dr. JA Schlebusch (Lichtenburg)
Sekundi	Oudl. TB Cloete (Mosselbaai)
	Oudl. FJ van Graan (Wonderboom)

GKK	
Primarii	Oudl. MJ Greyling (Groblersdal)
	Oudl. PW Möller (Grootfontein – Tvl.)
	Oudl. SCW van Schalkwyk (Grootfontein – Tvl.)
	Oudl. LJ Nel (Hoëveldrif)
Sekundi	Oudl. LCR Beyers (Pretoria-Oos)
	Oudl. CH Hancke (Bethal)

157. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR VERLOFAANSOEKE (TKV6)

Die volgende aansoeke vir verlof is ontvang:

AFGEVAARDIGDE	TYD	DATUM
Pretorius, F (Potchefstroom)	12:00 – 15:00	01/09/2022
Sweetnam, T (Olifantshoek)	Hele dag	02/09/2022
Sweetnam, P (Olifantshoek)	Hele dag	02/09/2022
Verdoes, J (Olifantshoek/Postmasburg)	Hele dag	02/09/2022

AFGEVAARDIGDE	TYD	DATUM
Smit, J (Postmasburg)	Hele dag	02/09/2022
Malan, PJ (Marble Hall)	Hele dag	02/09/2022
Du Plessis, JH (Zeerust)	Hele dag	02/09/2022
De Villiers, DJC (Delarayville)	Hele dag	02/09/2022
Burger, MR (Viljoenskroon)	Hele dag	02/09/2022
Kiessig, WJ Viljoenskroon	Hele dag	02/09/2022
Nienaber, JL (Viljoenskroon)	Hele dag	02/09/2022
Booyesen, HJ (Heidelberg)	Hele dag	02/09/2022
Trollip, JB (Kathu/Kuruman)	Hele dag	02/09/2022
Van Eeden, FJ (Heidelberg)	Hele dag	02/09/2022

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

Die Sinode keur die verlofaansoeke goed.

Daar is tans 188 afgevaardigdes teenwoordig.

158. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR MEDIASKAKELING (TKM4)

Ds. MJ Mattheus hou die verslag voor.

VERSLAG GOEDGEKEUR:

1. Die Sinode het met dankbaarheid kennis geneem van ds. CR Vermaak se aanstelling as deeltydse organiserende sekretaris by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika sedert 2018.
2. Die Sinode het met dank kennis geneem van die verspreiding van Bybels aan lede van die Khoisan-gemeenskap.
3. In 2020 was die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BGSA) al vir 200 jaar besig om in ons land die Woord van God te versprei. Met groot verwondering is die tydperk gekenmerk deur hoogtepunte wat nie uit menslike krag nie, maar vanuit die genadige hand van ons hemelse Vader beleef is. Dit is egter verblydend dat selfs in hierdie onsekere tye die BGSA se werksaamhede – om die Bybel vir almal in sy eie taal beskikbaar te stel – kan voortgaan. Ons gee in dankbaarheid aan God al die eer vir meer as 200 jaar wat die Bybel in Suid-Afrika versprei kon word.
4. Die Sinode het kennis geneem van talle nuwe Bybelvertalingsprojekte. Die Afrikaanse Direkte Vertaling is op 29 November 2020 in gebruik geneem. Die Sinode neem met dank kennis dat die AP Kerk se afgevaardigdes wat met die 2020 Afrikaanse Bybelvertalingsprojek behulpsaam was, hulself onderskei het.
5. Die Sinode het kennis geneem van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika se waardering vir die AP Kerk se volgehoue ondersteuning van die BGSA.
6. As 'n gereformeerde kerk handhaaf die AP Kerk die beginsel van *semper reformanda* (altyd reformerend) en daarom is daar 'n aantal wysigings aan die kerkorde aangebring.
7. Die Sinode het die dag se sitting afgesluit met 'n heerlike kuieraand en kampvuurgesprek oor die onderwerp: “Die Kerk en die Ossewabrandwag” onder leiding van dr. Danie Langner van die Erfenisstigting.

159. WISSELING VAN VOORSITTER

Die ondervoorsitter neem die voorsitterstoel in.

160. VERSLAG: AD HOC-KOMMISSIE OOR DIE VIERING VAN SONDAG AS RUSDAG (*Sakelys 2022*, bl. 369)

Prof. dr. CA Swanepoel (Leerstoel: Dogmatologie) hou die verslag voor.

1. INLEIDING – Kennis geneem.

2. WAAROM VIER ONS DIE RUSDAG OP SONDAG EN NIE OP SATERDAG NIE? – Kennis geneem.

3. DIE VIERING VAN SONDAG AS RUSDAG

3.1 INLEIDENDE OPMERKINGS – Kennis geneem.

3.2 EVALUERING VAN BYDRAES – Kennis geneem.

3.2.1 Die bydrae van dr. Breytenbach – Kennis geneem.

3.2.2 Die bydrae van ds. Van Schalkwyk – Kennis geneem.

4. GEVOLGTREKKING EN VOORSTELLE – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

- 4.1 Die Sinode bevestig dat, in die lig van die gegewens in die Skrif en die geskiedenis van die vroeg-Christelike kerk, Christene Sondag as die Dag van die Here beskou en dat ons derhalwe nie mag verval in 'n Joodse Saterdag-sabbat soos die Sabbatariërs dit wil nie.
- 4.2 Die Sinode neem kennis dat dr. JH Breytenbach (Witbank), ds. WJA van Schalkwyk (Heilbron) en dosente van die APA, wat toepassing betref, sterk ooreenstemmende oortuigings het oor die aard van die Dag van die Here wat nie in sekularisering moet opgaan nie.
- 4.3 Die Sinode doen 'n beroep op lidmate om nie aan die sekularisering van die samelewing deel te neem nie. Dit sluit onder meer in dat daar ernstig besin moet word oor enige deelname aan nienoodsaaklike besighede of georganiseerde sportgeleenthede wat op Sondae gehou word.

AANBEVELING GEWYSIG GOEDGEKEUR:

- 4.4 Die Sinode roep lidmate opnuut op om die eredienste en verbondsonderrig van hul gemeentes, op die Dag van die Here, *hartlik en getrou te onderhou*.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

- 4.5 Die Sinode roep gemeentes ook op om feestelikheid oor God se skepping en sy herskepping sentraal te stel in die eredienste op die Dag van die Here.

AANBEVELING NIE GOEDGEKEUR NIE:

- 4.6 Die Sinode dra dit aan die Publikasiekommissie op om in samewerking met die KKCE, ondersoek in te stel of dr. Ernst Viljoen se private publikasie, *Sondag as Dag van die Here*, geskik is om duidelike begroning te gee oor waarom die kerk Sondag as Dag van die Here vier.

AMENDEMENT GOEDGEKEUR:

Die Sinode vervang aanbeveling 4.6 met:

Die Sinode keur punt 2 van die verslag “Waarom vier ons die rusdag op Sondag en nie op Saterdag nie?” goed. Die Sinode dra dit aan die Publikasiekommissie op om dit as die standpunt van die AP kerke te publiseer op die wyse wat die PK die geskikste ag.

Voorsteller: Ds. WJA van Schalkwyk (Heilbron)

Sekondant: Dr. JH Breytenbach (Witbank)

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

4.7 Die Sinode wys op die publikasie, *Ontmoetingsgesprek*, waarin daar riglyne gegee word oor dit wat pas by die viering van die Dag van die Here.

4.8 Die Sinode versoek die KKCE om spesifiek ondersoek in te stel na wenke wat deurgegee kan word oor hoe die Dag van die Here deur gemeentes en lidmate met meer feestelikheid ingeklee kan word.

VOORSTEL NIE GOEDGEKEUR NIE:

4.9 Die *Ad hoc*-kommissie word versoek om ’n verslag aan die eersvolgende sinode voor te lê oor die viering van die Sondag waarin die perspektiewe soos uiteengesit in punt 3 van die verslag: “Die viering van die Sondag as rusdag” verwerk is tot ’n volronde siening. Die verslag word opgestel met die oog op publikasie as standpunt van die AP Kerk.

Voorsteller: Dr. JH Breytenbach (Witbank)

Sekondant: Ds. WJA van Schalkwyk (Heilbron)

Hiermee is die verslag van die *Ad hoc*-kommissie oor die viering van die Sondag as rusdag, afgehandel.

161. WISSELING VAN VOORSITTER

Die voorsitter neem weer die voorsitterstoel in.

162. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (TKKS2)

Ds. WJA van Schalkwyk (Heilbron) hou die verslag voor.

1. PERSONEEL – Kennis geneem.

Ds. WJA van Schalkwyk (Heilbron) [sameroeper]; di. A Boshoff jr. (Pretoria-Oos); LJ du Preez (Bothaville), A Nieuwhof (Ellisras), JG Brink (Outjo/Grootfontein); ouderlinge TE Pieterse (Schweizer-Reneke); JJH van Staden (Ellisras), J van Antwerpen (Klerksdorp), JH Rossouw (Klerksdorp).

2. OPDRAG – Kennis geneem.

Dien die Sinode met ’n aanbeveling ten opsigte van Beroepsbrief D (vgl. KKS-verslag, *Sakelys* 2022, bl. 332 en *Handelinge* 2022, [bl. 460](#)). 

**3. WERKSWYSE – Kennis geneem.****AANBEVELING VAN TKKS NIE GOEDGEKEUR NIE (vgl. *Sakelys* 2022, bl. 332):**

Die Sinode besluit dat 'n leraar wat volgens 'n sesmaandediensooreenkoms na 'n gemeente beroep word, se diensooreenkoms net een keer deur die kerkraad hernu kan word. Aan die einde van 'n jaar verval die diensooreenkoms. Om weer 'n diensooreenkoms met die leraar aan te gaan, moet die kerkraad die gemeente oproep na 'n beroepingsvergadering (art. 11).

Derhalwe dien die oorspronklike aanbeveling van die KKS voor die Sinode.

OORSPRONKLIKE AANBEVELINGS GEWYSIG GOEDGEKEUR

(vgl. *Sakelys* 2022, bl. 332):

- 4.3.1 Die Sinode besluit dat 'n leraar wat volgens 'n sesmaandediensooreenkoms na 'n gemeente beroep word, se diensooreenkoms net een keer deur die kerkraad hernu kan word. Aan die einde van 'n jaar verval die diensooreenkoms. Om weer 'n diensooreenkoms met die leraar aan te gaan, moet die kerkraad 'n kerkraadsvergadering waartoe die gemeente opgeroep word vir deelname afkondig, sodat die gemeente oor die voortsetting van die diensooreenkoms kan stem. Die uitslag van die stemming word staande die vergadering bekendgemaak.
- 4.3.2 Die Sinode besluit om Beroepsbrief D (paragraaf 1) diensooreenkomstig aan te pas.

163. VERSLAG: VORIGE KURATORIUM WAT DIEN AS TYDELIKE KOMMISSIE

(vgl. *Handelinge* 2022, bl. 445)

Ds. PJ Möller (Groblersdal) hou die verslag voor.

1. PERSONEEL – Kennis geneem

Lede van die vorige Kuratorium.

2. OPDRAG – Kennis geneem

Die Sinode versoek die vorige Kuratorium om te herbesin oor aanbeveling 17.1.5 van hul verslag (*Sakelys* 2022, bl. 277) en die Sinode met 'n aanbeveling te dien.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR (*Sakelys* 2022, bl. 277):

17.1.5 Die Sinode besluit:

- a. Langverlof kan eers geneem word nadat 'n leraar reeds drie jaar in 'n gemeente werksaam was en daarna in 'n driejaarsiklus.
- b. Langverlof kan nie ooploop tot meer as dertig dae nie.
- c. Langverlof is nie uitbetaalbaar nie. Alle langverlof verval indien 'n beroep aanvaar word en kan nie saam met gewone uitstaande verlof geneem word nie.
- d. Langverlof moet aaneen geneem word.
- e. 'n Leraar moet 'n uitbrandingstoets aflê wat deur die Kuratorium aanbeveel word voordat langverlof geneem kan word. Indien 'n leraar aan uitbranding ly, behoort hy daaraan te werk om die oorsake van die uitbranding te identifiseer. Daar moet bewys aan die kerkraad gelewer word dat die toets wel afgelê is. Die leraar hoef nie die toetsuitslae aan die kerkraad bekend te maak nie. (Let wel: 'n Leraar hoef nie noodwendig aan uitbranding te lei om langverlof te neem nie, aangesien die doel van langverlof juis is om uitbranding te voorkom. 'n Uitbrandingstoets is egter verpligtend om langverlof te neem aangesien dit 'n leraar kan aanspoor om die oorsake van uitbranding beter te hanteer.)

- f. Kerkrade moet toesien dat die leraar sy langverlof gereeld neem.
- g. 'n Leraar mag nie tydens sy langverlof in 'n ander gemeente werksaam wees nie. Hy moet verkieslik ook nie tuis bly nie, maar buite die gemeente se grense gaan rus.
- h. Die voorsitter van die ouderlingeraad behoort die konsulent te kontak om in te staan wanneer die leraar met verlof of langverlof is. Dit sou goed wees indien daar voor die aanvang van die langverlof met die konsulent gereël word om in te staan, sodat moontlike nood in die gemeente betyds die nodige aandag kan geniet. Die gemeente behoort nie die leraar te kontak om noodgevalle in die gemeente te hanteer nie.
- i. Gedurende die langverlof word tien dae gebruik vir studie wat moet lei tot geestelike groei. Die Kuratorium bepaal die inhoud van die materiaal wat gebruik word vir tersaaklike geestelike verryking.
- j. Die leraar moet verkieslik sy versoek om langverlof ten minste ses maande voor die aanvangsdatum by die kerkraad indien, sodat daar genoeg tyd vir die nodige beplanning is.

17.1.6 Die Sinode besluit om die reëlins rakende langverlof agter in die kerkorde onder die sinodebesluite op te neem.

VOORSTEL GOEDGEKEUR:

Voeg punt K by wat soos volg lui:

Die leraar kan slegs sy langverlof neem, indien hy ten minste 70% van sy normale verlof oor die tydperk van drie jaar geneem het, behalwe wanneer die leraar en die kerkraad anders ooreenkom.

Voorsteller: Ds. GCD Stoltz (Kimberley – Die Kruis)

Sekondant: Ds. PJ Möller (Groblersdal)

164. KENNIS VAN REVISIE

Die Sinode neem kennis van die volgende versoek om revisie wat ontvang is:

Insake Beswaarskrif: Wysiging van Akte van Legitimasie en die ondertekeningsformulier (Verslag: Kuratorium en AP Akademie), Sinodebesluit 17.3.2 (vgl. *Sakelys 2022*, bl. 279 en *Handelinge 2022*, [bl. 446](#)). 

BESLUIT GOEDGEKEUR (vgl. Revisies, *Handelinge 2022*, [bl. 487](#)):

Revisie word toegestaan.

165. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR RINGSINDELINGS (TKR1)

Ds. AP Boshoff (Leonardville) hou die verslag voor.

1. PERSONEEL – Kennis geneem.

Voorsitter: Ds. AP Boshoff (Leonardville), di. WJ van der Westhuizen (Louis Trichardt), GM Blom (Christiana), WJ Malan (Pietersburg), NJ Hefer (Kimberley); ouderlinge MJ Fourie (Moot-Sentraal), DM Koekemoer (Kleinfontein), HJ Booysen (Heidelberg), TF Potgieter (Koster).

2. OPDRAG – Kennis geneem.

Om die Sinode te bedien met aanbevelings oor ringsindeling tot by die volgende sinode.

Dankie aan almal wat gereageer het.

3. WERKSWYSE – Kennis geneem.

TRANSVAAL	
Benoni	Benoni, Kempton Park, Nigel, Brakpan, Delmas, Fonteine, Grootfontein, Kleinfontein, Oos-Rand. Verandering: Devon in proses om te ontbind.
Carolina	Carolina, Piet Retief, Amajuba, Hoëveld-Ermelo.
Dendron	Dendron, Phalaborwa, Pietersburg, Tzaneen, Louis Trichardt, Messina.
Derby	Derby, Ventersdorp, Zeerust, Buhrmannsdorf, Koster.
Klerksdorp	Klerksdorp, Potchefstroom, Bloemhof, Leeudoringstad, Orkney.
Lichtenburg	Lichtenburg, Alfa, Sannieshof, Biesiesvlei, Coligny, Ottosdal.
Middelburg	Middelburg, Belfast, Bronkhorstspuit, Cullinan-Rayton, Witbank, Laersdrif.
Migdol	Migdol, Vryburg, Schweizer-Reneke, Delareyville, Stella.
Mooi-nooi	Mooi-nooi, Brits, Rustenburg, Thabazimbi, Sanddrift, Hartbeespoort.
Moot-Sentraal	Moot-Sentraal, Verwoerdburg, Pretoria-Oos, Trans-Magalies, Wonderboom, Wesmoot, Engeland en Wallis.
Morgenzon	Arnot/Hendrina, Hoëveldrif, Standerton, Bethal. Verandering: Morgenzon ontbind – Ring staan voortaan bekend as Ring van Arnot/Hendrina.
Naboomspruit	Naboomspruit, Warmbad, Waterberg, Koedoesrand, Ellisras, Vaalwater, Marken.
Nelspruit	Nelspruit, Witrivier, Lydenburg, Lebombo, Hoedspruit.
Potgietersrus	Potgietersrus, Roedtan, Tuinplaas, Marble Hall, Groblersdal.
Roodepoort	Roodepoort, Carletonville, Randfontein, Johannesburg, Krugersdorp, Magaliesburg.
Vereeniging	Vereeniging, Heidelberg, Vanderbijlpark, Balfour, Meyerton, Zoar, Greylingstad.
ORANJE-VRYSTAAT	
Bethlehem	Bethlehem, Senekal, Paul Roux, Marquard, Clocolan, Lindley, Reitz, Petrus Steyn. Verandering: Excelsior skakel in by Ring van Brandfort.
Bloemfontein	Bloemfontein, Dealesville, Dewetsdorp, Bloemfontein-Noord, Bainsvlei, Smithfield. Verandering: Petrusburg en Bethulie skakel in by Ring van Bloemfontein.
Brandfort	Brandfort, Theunissen, Hoopstad, Hertzogville, Winburg, Excelsior. Verandering: Excelsior skakel in by Ring van Brandfort; Boshof skakel in by Ring van Kimberley.
Cornelia	Cornelia, Heilbron, Villiers, Frankfort.
Memel	Memel, Vrede, Harrismith.
Petrusburg	Verandering: Ring ontbind en gemeentes skakel in by Ring van Bloemfontein.
Viljoenskroon	Viljoenskroon, Henneman, Welkom, Kroonstad, Bothaville, Wesselsbron, Parys.

KAAPPROVINSIE	
Beaufort-Wes	Beaufort-Wes, De Aar, Britstown, Carnarvon, Prieska, Vanwyksvlei.
Clanwilliam	Clanwilliam, Namakwaland, Fraserburg, Sutherland, Calvinia, Olifantsrivier, Hardeveld.
Kimberley	Vaalharts, Douglas, Kimberley, Reivilo, Boshof, Barkly-Wes, Christiana, Strydenburg, Griekwastad, Orania, Hopetown, Kimberley – Die Kruis. Verandering: Boshof skakel in by Ring van Kimberley.
Olifantshoek	Olifantshoek, Kathu, Gordonia, Kuruman, Postmasburg, Pofadder, Kakamas.
Riversdal	Riversdal, George, Oudtshoorn, Mosselbaai, Albertinia, Brakrivier, Knysna.
Somerset-Oos	Somerset-Oos, Port Elizabeth, Aberdeen, Uitenhage, Kareedouw, Jeffreysbaai.
Stellenbosch	Stellenbosch/Somerset-/Strand, Hugenote-vallei, Tygerberg, Piketberg, Worcester, Robertson, Weskus, Gansbaai.
Steynsburg	Steynsburg, Barkly-Oos, Stormberg, Tarkastad.
NATAL	
Newcastle	Newcastle, Dundee/Glencoe, Vryheid, Utrecht.
Suidkus	Suidkus, Groter Durban, Hluhluwe, Gelofte-Pietermaritzburg, Richardsbaai.
NAMIBIË	
Outjo	Outjo, Keetmanshoop, Windhoek, Leonardville, Grootfontein, Welwitschia.

4. AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.1 Die Sinode keur die gewysigde ringsindeling goed.

166. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR KOMMISSIES (TKK1)

Ds. A Boshoff jr. (Pretoria-Oos) hou die verslag voor.

1. PERSONEEL – Kennis geneem.

Ds. A Boshoff jr. (Pretoria-Oos) [sameroeper]; di. PJ Möller (Groblersdal), F de Bruin (Bethlehem), RK Combrink (Orania), LP Stoltz (Brandfort), GDC Stoltz (Kimberley – Die Kruis), MJL Jordaan (Schweizer-Reneke, LD Greyling (Jeffreysbaai), JH Bisschoff (Gordonia), H Scherman (Bloemfontein Moedergemeente); ouderlinge JH Snyman (Fonteine), HF Naudé (Heilbron), JF van der Lith (Marble Hall).

2. OPDRAG – Kennis geneem.

Die Kommissie is getaak met die samestelling van permanente kommissies.

3. WERKSWYSE – Kennis geneem.

- 3.1 Die Kommissie het 'n paar keer vroeër in die week vergader en 'n voorlopige werksdokument is aan die Kommissie voorgehou wat deur kommissielede gebruik kon word om veranderinge voor te stel. Veranderinge is voorgestel.
- 3.2 In die werksdokument is die aanduiding van predikante en afgevaardigdes in ag geneem aangaande hul beskikbaarheid om op permanente kommissies te dien, al dan nie.
- 3.3 Die uitgangspunt van die Kommissie was dat alle predikante sover moontlik op kommissies (wat hulle aangedui het as voorkeur) sal dien.

3.4 Sinodale kommissies word:

3.4.1 Saamgestel uit afgevaardigdes na die Sinode.

3.4.2 Saamgestel, wat die leraars betref, uit niegeëmeriteerde leraars van die AP kerke.

3.5. Leraars wat afgevaardig is en weens omstandighede van siekte en ander leed nie die vergadering kon bywoon nie, is op kommissies ingedeel.

3.6 Al die predikante is wel op kommissies ingedeel, maar diegene wat aangedui het dat hulle nie beskikbaar is om op kommissies te dien nie, is net as sekonduslede aangewys. (Daar is predikante wat hul keuse om nie op kommissies te dien nie, verander het ná die broederlike gesprek en dit is dankbaar in die aanwysing gebruik.)

3.7 Die uitgangspunt is ook sover moontlik dat niemand op meer as een kommissie (met baie werk en groot verantwoordelikheid) aangewys word nie. Daar is wel uitsonderings: Die KKA en KSE het die versekering gegee dat hulle nie soveel tyd in beslag neem dat lede nie op twee kommissies kan dien nie. Daar gaan nou noodwendig broeders wees wat op meer as een kommissie dien. Daar is ook kommissies wat een of meer van hul lede moet aanwys om op 'n ander kommissie te dien. Van die leraars het uitdruklik aangedui dat hulle net op een kommissie wil dien en dit is in ag geneem.

3.8 Die KOO en KJV is saamgevoeg om die Kommissie vir Verbondsjeug (KVJ) te vorm omdat die veld van hul werksaamheid oorvleuel. Die samevoeging maak meer broeders beskikbaar. Lasgewing van die ou kommissies sal in die nuwe Kommissie saamgevoeg word.

4. AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

4.1 Die Sinode neem kennis van die werkswyse.

4.2 Die Sinode keur die kommissies goed.

4. SAMESTELLING VAN PERMANENTE KOMMISSIES

4.1 Kommissie vir Kerkargief (KKA) 3

PRIMARII:	SEKUNDI:
Ds. JP Boonzaier (Nigel)	Ds. JC Gericke (Potchefstroom)
Sameroeper: Ds. LD Greyling (Jeffreysbaai)	Ds. JCG van Vuuren (Roodepoort)
Ds. RF Smit (Thabazimbi)	Ds. DE Pretorius (Mosselbaai)

4.2 Kommissie vir Formuliere en Liturgie (KFL) 3

PRIMARII:	SEKUNDI:
Sameroeper: Ds. AJ Ferreira (Hoedspruit)	Ds. LP Stoltz (Brandfort)
Ds. PJ Malan (Marble Hall)	Ds. WJ Theron (Windhoek)
Ds. A van Zyl (Middelburg)	Ds. AS van Staden (Vryburg)

4.3 Kommissie vir Verbondsjeug (KVJ) 6

PRIMARII:	SEKUNDI:
Ds. AM Appelgryn (Arnot/Hendrina)	Ds. NJ Grobler (Rustenburg)
Ds. GM Blom (Christiana)	Ds. F Pretorius (Potchefstroom)
Sameroeper: Ds. LA du Plessis (Trans-Magabies)	Ds. J Verdoes (Olifantshoek/Postmasburg)
Ds. NJ Hefer (Kimberley)	Ds. MR Burger (Viljoenskroon)
Ds. R van As (Petrus Steyn)	Ds. JD Fourie (Hardeveld)
Ds. TC van der Merwe (Wesmoot)	Oudl. DB Pretorius (Lebombo)

4.4 Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek (KKCE) 5

PRIMARII:	SEKUNDI:
Ds. AJ Bester (Hluhluwe)	Ds. RH Botes (Hugenote-Vallei/Worcester)
Ds. JH Bisschoff (Gordonia)	Ds. LAF Kirstein (Nelspruit)
Ds. EC Trollip (Sannieshof)	Dr. CF Meiring (Lichtenburg)
Sameroeper: Ds. JB Trollip (Kathu/Kuruman)	Oudl. dr. JA Schlebusch (Lichtenburg)
Ds. W van Zyl (Verwoerdburg)	Oudl. dr. H Minnaar (Bloemfontein Moedergemeente)

4.5 Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS) 6

PRIMARII:	SEKUNDI:
Sameroeper: Ds. A Boshoff jr. (Pretoria-Oos)	Ds. JH Bisschoff (Gordonia)
Ds. AP Boshoff (Leonardville)	Ds. RK Combrink (Orania)
Ds. JG Brink (Outjo/Grootfontein)	Ds. MJ Mattheus (Steynsburg/Barkly-Oos/Tarkastad/Stormberg)
Ds. LJ du Preez (Bothaville)	Ds. H Scherman (Bloemfontein Moedergemeente)
Ds. A Nieuwhof (Ellisras)	Ds. RJ Pretorius (Hoëveldrif)
Oudl. GP van Rhyn (Mosselbaai)	Ds. WJA van Schalkwyk (Heilbron)

Die KKS moet een lid aanwys op die GKK

4.6 Kuratorium (KUR) 11

PRIMARII:	SEKUNDI:
Ds. RK Combrink (Orania)	Ds. AM Appelgryn (Arnot/Hendrina)
Ds. DFM Cronjé (Riversdal)	Ds. A Boshoff jr. (Pretoria-Oos)
Ds. F de Bruin (Bethlehem)	Ds. AP Boshoff (Leonardville)
Ds. JHE du Plessis (Hoëveld-Ermelo/Carolina)	Ds. HJ Dafel (Potgietersrus)
Sameroeper: Ds. MJL Jordaan (Schweizer-Reneke)	Ds. LA du Plessis (Trans-Magalies)
Ds. WJ Malan (Pietersburg)	Ds. A Hough (Tzaneen)
Ds. MJ Mattheus (Steynsburg/Barkly-Oos/Tarkastad/Stormberg)	Ds. P Janse van Rensburg (Dendron)
Ds. RJ Pretorius (Hoëveldrif)	Ds. L Lubbe (Moot-Sentraal)
Ds. H Scherman (Bloemfontein Moedergemeente)	Ds. PJ Möller (Groblersdal)
Ds. GCD Stoltz (Kimberley – Die Kruis)	Ds. A Nieuwhof (Ellisras)
Ds. WJA van Schalkwyk (Heilbron)	Ds. W van Zyl (Verwoerdburg)

Die Kuratorium moet twee lede aanwys op die APA Raad.

4.7 Publikasiekommissie (PK) 5

PRIMARII:	SEKUNDI:
Ds. GJH Kruger (Kareedouw)	Ds. AP Boshoff (Leonardville)
Ds. HJ Dafel (Potgietersrus)	Ds. AJ Bester (Hluhluwe)
Sameroeper: Ds. LD Greyling (Jeffreysbaai)	Ds. AH Botes (Lydenburg)
Ds. LE Prinsloo (Waterberg)	Ds. AE van den Berg jr. (Bloemfontein-Noord/Bainsvlei)
Oudl. LJ Möller (Potgietersrus)	Ds. TC Van der Merwe (Wesmoot)

4.8 Kommissie vir Bedieningsondersteuning en Skakeling (KBS) 5

PRIMARII:	SEKUNDI:
Sameroeper: Ds. WA Burger jr. (Krugersdorp)	Prof. dr. JAE Adendorff (Pretoria-Oos)
Ds. L Lubbe (Moot-Sentraal)	Ds. LE Prinsloo (Waterberg)
Ds. A Hough (Tzaneen)	Prof. dr. GDS Smit (Wonderboom)
Oudl. EF Celliers (Pretoria-Oos)	Ds. GCD Stoltz (Kimberley – Die Kruis)
Oudl. AB Smit (Cullinan-Rayton)	Ds. HSW Strauss (Grootfontein – Tvl.)

Die KBS benoem een lid vir die GKK

4.9 Kommissie vir Sending en Evangelisasie (KSE) 4

PRIMARII:	SEKUNDI:
Ds. PJ Möller (Groblersdal)	Ds. P Janse van Rensburg (Dendron)
Ds. LA du Plessis (Trans-Magpies)	Ds. WJ Malan (Pietersburg)
Sameroeper: Ds. GCD Stoltz (Kimberley – Die Kruis)	Ds. WJ van der Westhuizen (Louis Trichardt)
Ds. EC Trollip (Sannieshof)	Ds. JC Jooste (Standerton)

4.10 Verteenwoordigers by Bybelgenootskap

Algemene jaarvergadering

Primarii	Prof. dr. GDS Smit (Wonderboom) Oudl. AJ Jansen van Vuuren (Kempton Park)
Sekundi	Ds. HSW Strauss (Grootfontein – Tvl.) Oudl. JH Snyman (Fonteine)

Streeksverteenwoordigers

NOORDELIKE STREEK:	
Primarii	Ds. JCG Janse van Vuuren (Roodepoort) Oudl. PW Möller (Grootfontein – Tvl.)
Sekundi	Ds. JP Boonzaier (Nigel) Oudl. BP van Wyk (Verwoerdburg)

SENTRALE STREEK	
Primarii	Ds. H Scherman (Bloemfontein Moedergemeente) Oudl. H Minnaar (Bloemfontein Moedergemeente)
Sekundi	Ds. AE van den Berg jr. (Bloemfontein-Noord/Bainsvlei) Oudl. D Lombard (Bainsvlei)

OOSTELIKE STREEK	
Primarii	Ds. AJ Bester (Hluhluwe) Oudl. GW Roodt (Groter-Durban)
Sekundi	Ds. CJ Janse van Rensburg (Newcastle, Dundee/Glencoe) Oudl. JC Jacobs (Suidkus)

VOORSTEL GOEDGEKEUR:

Die Sinode gee die SKK (voortaan KBS) die bevoegdheid om iemand as sekonduslid vir die Oostelike Streek in die plek van ds. CJ Janse van Rensburg (Newcastle, Dundee/Glencoe) aan te dui, indien hy nie as sekondus kan dien nie.



SUID-OOSTELIKE STREEK:	
Primarii	Ds. LD Greyling (Jeffreysbaai)
	Oudl. PWA Mulder (Jeffreysbaai)
Sekundi	Ds. BNA Wiese (Uitenhage/Aberdeen)
	Oudl. WG van der Linde (Jeffreysbaai)

WESTELIKE STREEK:	
Primarii	Ds. RH Botes (Hugonote-Vallei/Worcester)
	Oudl. H de Wet Lategan (Tygerberg)
Sekundi	Ds. OG van Rooyen jr. (studieverlof)
	Oudl. H de Villiers (Worcester)

Verteenwoordigers op kerklike advieskomitee (KABA)

Primarii	Prof. dr. GDS Smit (Wonderboom)
	Prof. dr. J Bosman (Leerstoel: Diakoniologie en Missiologie)
Sekundi	Prof. dr. CA Swanepoel (Leerstoel: Dogmatologie)
	Ds. HSW Strauss (Grootfontein – Tvl.)

167. KONSTITUERING VAN PERMANENTE KOMMISSIES

Die voorsitter reël dat die sinodale kommissies konstitueer.

168. TEETYD

Die vergadering verdaag vir teetyd.

TWEEDE SESSIE: 11:00-12:30

169. SAMESANG

Ds. RK Combrink (Orania) lei die samesang.

170. AFKONDIGINGS

Die voorsitter doen enkele afkondigings en verwelkom ds. JJ Venter (emerituspredikant) by die Sinode.

171. REVISIES



REVISIE 1 GKK-verslag, *Sake/ys* 2022, bl. 96, pt. 6.1.3 (kyk ook *Handelinge* 2022, bl. 414, pt. 6.1.4).

Die Sinode besluit om Aanbeveling 6.1.4 van die GKK verslag in revisie te neem.

REVISIEVOORSTEL GOEDGEKEUR:

Die Sinode besluit dat die ondersoek se uitgawes beperk word tot R200 000.



TERUG NA BL. 459

Motivering:

1. Die Sinode het met die ordevoorstel besluit om 'n ondersoek te doen na die hervestiging van die Gemeenskaplike Kerkkantoor op Orania in aanbeveling 6.1.4. Maar deur 6.1.3 nie goed te keur nie, kan nie uitvoering gegee word aan die besluit nie.
2. Die bedrag wat aanbeveel word, is nodig om die ondersoek te doen. Dit is moontlik dat die volle bedrag nie opgeneem word nie.

Voorsteller: Ds. A Boshoff jr. (Pretoria-Oos)

Sekondant: Ds. RK Combrink (Orania)

REVISIE 2 KFL-verslag, *Sakelys 2022*, bl. 207, pt. 5.1.1-2 (kyk ook *Handelinge 2022*, bl. 419, pt. 5.1.1).

Revisie word gevra insake die volgende besluite:

- 5.1.2. Die Sinode neem met kommer daarvan kennis dat sommige predikante en ouderlengerade hulle nie aan die diensordes, formuleer en belydenisskrifte, soos gepubliseer in die *Erediensboek vir die Afrikaanse Protestantse Kerk*, hou nie.
- 5.1.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

Motivering: Besluit 5.1.2 Met die besluit neem die Sinode kennis dat die belydenisskrifte nie gehou word nie. Dit beteken dat die ganse kerkverband onder 'n vaandel van ketters geplaas word, omdat geen spesifieke voorbeeld gegee word nie.

As hierdie besluit staan, hang daar 'n wolk oor elke leraar wat Sondag op 'n kansel klim. Aangesien geen ondersoek gedoen is nie, word elke leraar en ouderlingeraad geïmpliseer. Ons maak beswaar teen die "belydenisskrifte" wat by die besluit ingevoeg is.

Motivering: Besluit 5.1.1 Die beskrywingspunt moes volg op 'n tugsak, aan die hand van Matthéüs 18, waarvan die Sinode kennis neem.

Ons het reeds artikels wat hierdie saak reël, onder andere artikel 42.2 in *Kerkorde 2018*.

REVISIEVOORSTEL NIE GOEDGEKEUR NIE:

- 5.1.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.

REVISIEVOORSTEL GOEDGEKEUR:

- 5.1.2 Die Sinode besluit die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

Voorsteller: Ds. JP Boonzaier (Nigel/Fonteine)

Sekondant: Ds. LJ du Preez (Bothaville)

REVISIE 3 KUR-verslag, *Sakelys 2022*, bl. 277, pt. 17.1.4 (kyk ook *Handelinge 2022*, bl. 445, pt. 17.1.4).

REVISIEVOORSTEL NIE GOEDGEKEUR NIE:

Die langverlof tree onmiddellik in werking nadat die *Handelinge van die Sinode* verskyn het.



*Motivering:*

Die KUR het in sy ondersoek met 'n arbeidskonsultant gekonsulteer en sy oordeel was dat jy by 'n werkskontrak (Beroepsbrief) voordele mag byvoeg voordat 'n termyn verstryk, maar dat jy nie voordele kan wegneem sonder dat konsultasie plaasgevind het nie.

Voorsteller: Ds. MJ Mattheus (Steynsburg/Barkly-Oos/Tarkastad/Stormberg)

Sekondant: Ds. PJ Möller (Groblersdal)



REVISIE 4 KUR-verslag, *Sakelys 2022*, bl. 281, pt. 17.3.2 (kyk ook *Handelinge 2022*, bl. 446, pt. 17.3.2).

REVISIEVOORSTEL NIE GOEDGEKEUR NIE:

Die Sinode besluit om die laaste 3 punte (kolletjies) onderaan bladsy 280 weg te laat uit die nuwe bewoording.

Dit het tot gevolg dat punt (kolletjie) 6 in die ou bewoording ook wegval. Daar word voorgestel dat die 3 punte aan die einde van bladsy 280 teruggevoeg word by die nuwe bewoording. Hulle is 'n uitbreiding van punt 6 in die ou bewoording, wat juis die gesag van die Skrif oor die lewe, leer en bediening van die (voornemende) leraar bevestig. Dit toon ook die gevolg van wat gebeur as die gesag van die Skrif nie gehandhaaf word nie. Die beginsel word ook gestel in die vroeë by openbare geloofsbelofte en in die formuliere by bevestiging van ouderlinge en diakens.

Voorsteller: Oudl. PW Möller (Grootfontein – Tvl.)

Sekondant: Oudl. SCW van Schalkwyk (Grootfontein – Tvl.)



REVISIE 5 KUR-verslag, *Sakelys 2022*, bl. 283, pt. 17.6.4 (kyk ook *Handelinge 2022*, bl. 448, pt. 17.6.4).

REVISIEVOORSTEL GOEDGEKEUR:

17.6.4 Die Sinode versoek gemeentes en/of ringe om binne streeksverband huweliksverrykingsgeleenthede aan te bied.

Voorsteller: Dr. JH Breytenbach (Witbank)

Sekondant: Oudl. W Heath (Tygerberg)

172. GOEDKEURING NOTULE VIERDE SITTINGSdag

VOORSTEL GOEDGEKEUR:

Die notule vir die vierde sittingsdag word goedgekeur.

173. MOSIES

Die Sinode bedank die GKK en die SKK vir hulle hantering van die ooreenkoms met die BGSA en die AP kerke Cullinan-Rayton en Pretoria-Oos. Die Sinode bedank die AP kerke Cullinan-Rayton en Pretoria-Oos vir hul bydrae om dit moontlik te maak dat ds. CR Vermaak as afgevaardigde by die BGSA kan arbeid.

Voorsteller: Ds. A Hough (Tzaneen)

Sekondant: Ds. HSW Strauss (Grootfontein – Tvl.)



Die Sinode doen 'n ernstige en dringende beroep op alle skribas van permanente sinodale kommissies, ringe en kerkrade om minstens skriftelike ontvangserkenning te gee van amptelike korrespondensie wat ontvang is.

Voorsteller: Ds. DJ Malan (Koster)

Sekondant: Oudl. TF Potgieter (Koster)

174. CENSURA MORUM

Die voorsitter stel die saak aan die orde.

175. BEDANKINGS

Die voorsitter bedank die ondervoorsitter vir sy bydrae tot die Sinode en versoek die ondervoorsitter om die res van die bedankings te hanteer.

Die ondervoorsitter doen die volgende bedankings:

Die Sinode bedank die volgende persone en instansies:

1. Di. JL Schutte, HSW Strauss, asook die kantoorpersoneel vir die voorbereiding van die agenda en ander reëlings rondom die sinodesitting asook hulle werk tydens die sinodesitting. So ook wil ons dank uitspreek teenoor die personeel wat tydens die sinodesitting gewerk het.
2. Die Erfenisstigting, by name dr. Danie Langner en Samantha Müller en haar logistieke span vir al die reëlings van die Voortrekkermonument se kant af. In besonder dank aan Jannes Pieters (spysenier) en sy span.
3. Die tegniese span wat die klank en die beeld vir ons behartig het.
4. Sangleiers en ds. Francois de Bruin vir sy orrelbegeleiding.
5. Persone wat tydens die aandprogramme opgetree het.
6. Persone wat dagafsluitings hanteer het.
7. Uitstallers vir hulle teenwoordigheid.
8. Voorsitters wat verslae voorgedra het.
9. Tydelike kommissies.
10. Stemtellers.
11. Skribaats vir harde werk en mev. Charlotte Möller vir haar proefleeswerk (snags).
12. Aktuaris vir advies.
13. Voorsitter vir die besondere wyse waarop hy die vergadering gelei het.

Die voorsitter bedank al die afgevaardigdes vir hulle teenwoordigheid en bydraes tydens die Sinode.

176. AFKONDIGINGS

Die voorsitter doen enkele afkondigings.

177. AFSLUITING

Die Sinode sing Psalm 134:4 as seënbede op alle sinodale kommissies en gemeentes vir hul werksaamhede.

Die ondervoorsitter doen 'n gebed waarna die Sinode die vierde strofe van “Die Stem van Suid-Afrika” (gebed) sing en verdaag.

BYLAE 1: Groeteboodskappe



AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK LEONARDVILLE

Leraar: Ds. Albert Boshoff
Tel: +264 63 260 225
Sel: +264 81 726 5068
E-pos: albert.boshoff@apk.co.za
Posbus 109, Stampriet, Namibië
Voorsitter: Oudl. Dawie Nieuwoudt
Tel: +264 81 788 8576

Skriba: sr Hanri Gey van Pittius
Tel:
Sel: +264 81 124 3261
Faks:
Faks na e-pos:
E-pos: hanrigeyvanpittius@yahoo.com
Posbus 109, Stampriet, Namibië

22 Julie 2022

Die Sinode: 2022 van die AP Kerke

Namens die AP Kerk Leonardville wil ons u graag van ons voorbidding verseker!

Mag die Here deur sy Heilige Gees die Sinode seën met wysheid en oorleg en onderskeidingsvermoë om die eer van ons Here ten beste te dien!

Namens die Kerkraad

Oudl. Dawie Nieuwoudt
Voorsitter

Ds AP Boshoff
Leraar



Rubensteinweg 745
Moreletapark
0181
Tel: 012 361 5793
071 896 1323
E-pos: bcvo@bcvo.co.za

(Maatskappy Registrasienommer: 1996/002281/08)
MSW: 031-710
Calvinisties-gereformeerde Onderwys binne Verbonds- en volksverband.

10 Junie 2022

Ds. HSW Strauss
Voorsitter
Sentrale Kerkekommissie

Geagte ds. Strauss

Groeteboodskap van BCVO

In die tyd waarin ons ons nou bevind, aan die einde van die COVID-pandemie, word ons met baie uitdagings gekonfronteer. Uitdagings wat voor die tyd bestaan het, maar nou duideliker na vore kom. Die belangrikheid van begroede waardes om werksetiek en menseverhoudinge te rig, soos wat dit in die Calvinisties-gereformeerde leer uiteengesit word, kom al duideliker na vore. Nie net onder volwassenes nie, maar ook onder kinders wat nog ontwikkel en op die pad van volwassenheid begelei moet word. Die grendeltyd het mense verplig om te isoleer en die normale gang van die lewe is omvergewerp. Ons sien nou die gevolge daarvan in skole en in die kerk. Skielik is mense huiwerig om saam te wees en emosies, omgee en meegevoel is verskuil en gevul met huiwering.

Skole het samewerking met kerke nodig om waardes en etiek te help beklemtoon en vestig om so ons samelewing op te bou en te verbeter. Die skool is immers 'n verlengstuk van die ouerhuis. Net so het kerke ook skole nodig waar die bestudering van die Woord van God belangrik geag word en 'n ware belewenis van ons Christelike oortuigings geleer word. Die skool is ook waar kinders geleer word om trotse Christen Afrikaners te wees. Kinders kan beswaarlik op 'n uur of twee per Sondag in kennis en standvastigheid groei wanneer hulle vir vyf dae van die week met die wêreld se oortuiginge gebombardeer word. Kinders is immers die lidmate vir die toekoms.

Die AP Kerk se ondersteuning en samewerking, is vir die BCVO en CVO-skole van onontbeerlike waarde. Dit is egter noodsaaklik dat hande gevat word en nouer saamgewerk word om ons ouers by te staan om hulle doopbelofte na te kom en kinders vir die toekoms toe te rus.

Baie dankie aan die gemeentes wat die CVO-skole op vele wyses met woord en daad help en ondersteun. Dit het groot waarde.

Ons bid u die ryke seën van God toe met die Sestiende Sinode. Mag u wysheid en insig ontvang om die regte besluite te neem tot eer van God en nie om die wêreld ter wille te wees nie. Mag u getrou wees en bly aan u leuse om in alles te alle tye 'n helder lig in die donker wêreld te wees.

Seënwense

L. VAN WYK
UITVOERENDE HOOF

B/VRM019

Tel: 012 361 5793, 071 896 1323 • E-pos: bcvo@bcvo.co.za

DIREKTEUR: Mnr. GR Bester (Voorsitter); TP Goosen (Ondervoorsitter); MC de G Genis (Finansiële Direkteur)
Mnr. GP Bierman; DJ Hanekom; WM Opperman; ds. A Hough; mev. L van Wyk (Uitvoerende Direkteur).

GROETEBODSKAP AAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

Watter voorreg om namens die kerke in die GKSA ons hartlike groete aan julle oor te dra. Dit is genade dat gelowiges mekaar op 'n besondere wyse mag groet, maar dat kerke mekaar mag groet spreek van besondere genade. Mag die groete wat ons aan julle oordra in lyn wees met die woorde in 1 Korinthiërs 16:19-20: *Die gemeentes van Asië groet julle. Aquila en Priscilla saam met die gemeente wat in hulle huis is, laat vir julle baie groete weet in die Here. Al die broeders groet julle. Groet mekaar met 'n heilige kus.*

Wanneer hierdie besondere groete tussen ons as kerke aan mekaar gegee word, gaan dit om meer as net die hande na mekaar uit te steek. In die woord wat die Grieks as besondere groete tussen gelowiges oordra (ἀσπάζομαι) is dit die uitdrukking en gewaarwording van mense wat onderling saam wil wees en mekaar daadwerklik wil besoek en opsoek. Daar vind sodanige kommunikasie plaas dat dit eintlik op 'n bepaalde rigting dui, 'n bepaalde diskoers waarin gelowiges 'n besondere verlange het om met mekaar 'n besondere pad te wil loop.

Agter hierdie groete spreek dan ook respek wat ons as gelowiges vir mekaar moet hê, maar ook watter besondere blydschap en warmte mag ons ook in ons groetwoorde insluit as ons op die wyse tot mekaar mag nader. Wanneer die groete in 1 Korinthiërs 16 met mekaar gedeel mag word dan wys verklaarders daar sit respek vir mekaar in sodanige groete, maar tegelyk 'n poging om mekaar se omstandighede jouself in te dink en ook begrip daarvoor te mag hê. Ons sien selfs die *baie groete* wat ons hier van praat, kan wys op hartlike, warm groete in die Here. Ons wil meer as net na mekaar uitreik as ons mekaar wil groet, want het die Hoof van alle ware Kerke, ons Here Jesus Christus, ons daarop gewys ... *as julle net jul broeders groet, wat besonders doen julle dan? Doen die tollenaars nie ook so nie?* (Vgl. Mt. 5:47)

Mag ons groete dan *in die Here* wees. Om baie groete vir mekaar in die Here te laat weet, sluit in dat ons as kerke wat met mekaar soveel gemeenskaplik deel en soveel gemeenskaplike belange in God se koninkryk moet help bevorder, nader na mekaar mag kom. Wanneer daar groete mag wees en dit met 'n *heilige kus*, dan gaan dit om die besef groete, in dié sin, is 'n heilige saak soos wat julle vergadering in alles met heilige sake besig sal moet wees. Heilig wat beteken dit is sake wat vir God eenkant gesit moet word. Dit moet aan God gewy wees, opreg en rein. Dit moet bó die gewoon menslike swakhede van ons as mense kan uitstyg.

En mag ons groete die werklike intimiteit van 'n heilige kus wil nastreef. Dis aangrypend op hoeveel plekke en in hoeveel lande Paulus die uitdrukking van gelowiges so naby wou bring dat 'n *heilige kus* dit geografies wyd moes vat. In Agaje praat hy van die *heilige kus* (vgl. 1 Kor. 16:20 en 2 Kor. 13:12). In Macedonië weer die *heilige kus*. Net so weer in Italië (vgl. Rom 16:16). Petrus is oor hierdie eenheid en intimiteit wat gelowiges met mekaar deur die heilige soen moet deel, net so oortuig as wat Paulus dit was. Petrus skryf aan die kerk in

Pontus (1 Petr. 5:14) en die kerke in Galasië en die kerke in Kappadosië en die kerke in Asië en dié in Bithinië dat ons mekaar met 'n heilige kus sal wil groet.

Al ons kerke het ná ons vorige sinodes deur COVID-tye gegaan waar om nie te soengroet nie, ja, om werklik mekaar op 'n afstand te hou, die groter norm geword het. Mag julle sinode die eerste sinode na COVID wees wat juis van die teendeel spreek. Dat afstande en dinge wat ons uitmekaarhou, juis op die wyse benader mag word dat ons werklik mekaar met die heiligheid van die geestelik kus sal wil groet.

Broeders, kom ons wag vir mekaar in ons gesprek (soos by die Nagmaal). Laat ons nie haastig wees en haastige gevolgtrekkings maak oor mekaar nie. Kom ons wees geduldig met mekaar. Die koninkryk van God is baie groter as ons oordele.

Dr. Petrus Venter
Namens Deputate Ekumenies Binnelands GKSA

Groeteboodskap van Kairos Netwerk aan die Sestiende Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk

Dit is my voorreg om namens Kairos Netwerk 'n groeteboodskap aan die 2022 sinodale vergadering van die Afrikaanse Protestantse Kerk oor te dra. Ons opregte dank aan die Sentrale Kerkekommissie, dat u juis in hierdie kritieke tyd van die kerkgeskiedenis die hand van broederskap na Kairos Netwerk uitgesteek het. Kairos Netwerk verteenwoordig tans sowat 92 NG gemeentes wat reeds amptelik besluit het om te doleer, plus vele ander lidmate, gemeentes en organisasies van binne en buite die NG Kerk wat werk en bid vir radikale kerkreformasie. Ons aanvaar ook met waardering die uitnodiging om u sinodesitting van 29 Augustus tot 2 September by die Voortrekkermonument by te woon.

Ons groet u as kerkvergadering in die Naam van ons Here, Jesus Christus. Ons groet u ook as medegelowiges en huisgenote van die familie van behoudende gereformeerde kerke in Suid-Afrika. Die Here is besig om deur die werking van sy Gees, die gereformeerdes wat teologies bymekaar hoort, weer nader aan mekaar te bring. Wat 'n voorreg om deel te kan wees van God se plan met sy kerk in 2022. Ons hou ook vas aan Jesus se belofte dat Hy self sy kerk sal bou en dat die poorte van die doderyk dit nie sal oorweldig nie.

In Openbaring 22:10 roep die verheerlikte Here Jesus sy kerk baie dringend op met die oog op die krisisuur – die kairos – wat naby is: *Moenie die woorde van hierdie profetiese boek geheim hou nie, want die eindtyd is naby* (). Een ding is seker: Ons as kerk, staan vandag weer voor 'n beslissende oomblik in die geskiedenis. Alles wat die Woord sê, is besig om in vervulling te gaan. Ons mag nie langer stilbly nie! Die tyd vir besluiteloosheid is verby, die tyd vir geestelike louheid is verby, die tyd vir teologiese wispelturigheid is verby. Intussen het die horlosie nog verder aangeskuiif ... die oestyd is min. Ons tyd om nog aan hierdie stukkende verwarde wêreld die goeie ou-ou tyding, die boodskap van Gods heil te bring, is kort. Die tyd om die liberale teologie se misleidende dwaalleer te ontmasker, is min. Ons staan voor 'n historiese baken in die kerkgeskiedenis. Ons sal finaal moet kies tussen die gesag van die Woord of die gesag van die moderne ongeloof. *Moenie die woorde van hierdie profetiese boek geheim hou nie, want die eindtyd is naby*. Dan waarsku Jesus ons verder in vers 11-13 dat die tyd vir geestelike draadsitters verby is: *Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word*.

1 Timótheüs 3:15 sê dat die gemeente die draer en beskermmer van die waarheid is. Daarom kan die ware kerk nooit bloot 'n diverse groep wees waar elkeen kan glo wat hy wil nie. Intendeel, die ware kerk is 'n belydeniskerk waar gelowiges juis saamgebind word om in liefde by die waarheid te bly – een in leer en belydenis. Dan sal ons volgens Efësiërs 4 *nie meer soos golwe op en af en heen en weer geslinger word deur elke wind van dwaalleer as vals leraars ons met hulle slinksheid en listigheid op dwaalweë wil wegvoer nie* want ons is 'n belydeniskerk. Mag die Here die gereformeerdes wat reeds bymekaar hoort weens gemeenskaplike leer en belydenis, weer nader aan mekaar bring.

Ons bid saam met die Afrikaanse Protestantse Kerk dat hierdie sinode tree vir tree gelei sal word deur die Heilige Gees. Ons sien ook uit na moontlike groter samewerking in die toekoms.

Ds. Theo Danzfuss
Namens Kairos Netwerk

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK KOSTER

LERAAR: EMERITUS DS. DANIE MALAN

Huisadres: Touwsstraat 43, Stilfontein, 2551

Naweekadres: Bothastraat 6B, Koster 0348

Tel. 018 484 2544 **Sel.** 082 873 3635 **Vonkpos:** danie.malan@apk.co.za

SAAKGELASTIGDE: MEV. CHRISTELLE POTGIETER.

Posbus 644, Koster 0348

Sel. 084 991 4303 **Vonkpos:** koster@apk.co.za

AP kerkgebou

h/v Botha- en Malanstraat

Koster

Sondag 28 Augustus 2022

GROETEBODSKAP AAN DIE SESTIENDE SINODE VAN DIE AP KERK

Geagte Voorsitter en Broeders


Die kerkraad en gemeente van die AP Kerk Koster groet u in die Naam van ons Verlosser en enigste Saligmaker, Jesus Christus.


Dit is ons wens en begeerte dat hierdie geskiedkundige sestiende sinode wat bevoorreg is om in die Voortrekkermuseum, Pretoria plaas te vind, verrykend, betekenisvol en veral ook duidelik rigtinggewend ten opsigte van die toekoms van ons geliefde kerkverband sal verloop.

Mag dit ons Hemelvader behaag om in besonder diegene wat as moderamen verkies word asook elke afgevaardigde sinodeganger te besiel en be-Geester met wysheid en insig sodat in alles wat bespreek en uiteindelik ook besluit sal word, God die eer en heerlikheid sal ontvang wat Hom toekom en dat dit dan tot stigting sal deurvloei na elke ring, kerkraad en gemeente sodat die AP kerkverband so sal gedy en groei in geestelike volwassenheid dat dit in die verwarrende tye waarin ons leef 'n sieraad in Gods Koninkryk sal word waarmee rekening gehou sal moet word en gevolglik waarlik 'n LIG IN DUISTERNIS sal wees.

Die Drie-enige God se onmisbare seën word u toegebid op al u samesprekings.

Met opregte broederlike in Christus


OULD. PLANK TEESEN
KERKRAADS VOORSITTER


DIAK. LOURENS JOUBERT
SKRIBA

C: APK Koster/Korrespondensie / Groetebodskap aan 16e Sinode, VTM (29 Aug. – 2 Sept. 2022)



5 Junie 2022

Die Voorsitter

Sentrale Kerkekommissie

Afrikaanse Protestantse Kerk

Geagte Ds. Strauss,

GROETEBODSKAP AAN DIE SESTIENDE ALGEMENE SINODE VAN DIE APK

Pretoria FM herdenk eersdaags sy nege-en-twintigste bestaansjaar.

Ons radio (soos baie van ons graag na Pretoria FM verwys) is 'n radio met 'n boodskap.

Ons is juis nege-en-twintig jaar gelede gestig met 'n missie om ons boodskap sonder vrees en ten spyte van hewige teenkating, uit te saai.

Daardie boodskap behels onder meer die protestants-Christelike boodskap dat alléén Christus, alléén die Woord, alléén genade, alléén geloof ons red en dat ons aan God alléén die eer verskuldig is.

Deur die jare het ons ons godsdiensprogramme juis aan die hand van hierdie vyf kernwaardes van die Reformasie ingerig. Ons het ook 'n staande ooreenkoms met die vier Afrikaanse kerke waarvan die Afrikaanse Protestantse Kerk nou reeds 'n gevestigde vennoot is, vir die uitsaai van eredienste elke Sondag, huisgodsdiens elke oggend en aand en oordenkings reg deur die dag.

In 'n wêreld waarin gesinne, die gesag van Gods Woord, ons geskiedenis, ons waardestelsel en die Westerse leefwyse onder hewige aanvalle van die vyand gebukkend gaan, is dit noodsaaklik dat ons sterk instellings en geloofwaardige media-instellings bou wat ons boodskap duidelik, goed begrond en aan die hand van die ewige waarhede van Gods Woord uitdra en uitleef.

Dit is juis hierdie unieke identiteit van Pretoria FM wat ons in staat stel om aanslae teen ons af te weer. Ons is 'n stasie met 'n boodskap en 'n stasie met 'n roeping. Ons

Maatskappy: Pretoria FM MSW | Registrasie nr: 1994/009119/08 | BTW/VAT Nr: 411 015 0846
Posadres: Posbus 75653, Lynnwoodrif, 0040 | **Fisiese adres:** Loftus Park Kantoordorp Blok A, Kirkness Str 416, Arcadia, Pretoria, 0007
Tel: 012 543 0120 | **Faks:** 086 667 1259 | **Epos:** bestuur@pretoriafm.co.za | **Webadres:** pretoriafm.co.za

Direkteure: Mnr WD Spies (Voorsitter), Mnr PJW Buys (Ondervoorsitter), Mnr JJ Groenewald, Dr DJ Hermann, Mnr CM Kriel, Prof AD Pont, Dr C Pretorius, Regter JMC Smit, Mv L van Wyk, Mnr Riaan Bester


Ook handeldrywend as: Radio Wolkberg (FM 96.6), Radio Ysterberg (FM 87.7), Radio Kransberg (FM 103.7), Radio Naboom (FM 92.2), Radio Tafelkop (FM 107.5), Radio Dagbreek (FM 107.6), Radio Magaliesberg (FM107.9)

wil daardie roeping graag uitleef in samewerking met die kerke en instellings van ons gemeenskap.

Ons bid die Afrikaanse Protestantse Kerk 'n geseënde sinodesitting toe en dank u vir u getroue ondersteuning.

Soli Deo Gloria!

Met vriendelike groete,



WILLIE SPIES

UITVOERENDE VOORSITTER: PRETORIA FM



REFORMATORISCH- THEOLOGISCHES SEMINAR *Heidelberg*

RTS – REFORMATORISCH THEOLOGISCHES SEMINAR HEIDELBERG
Riedwiesenweg 10
D - 69181 Leimen
DUITSLAND

Vir 29 Augustus 2022

Sestiende Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk
Voorsitter: Sentrale Kerkekommissie, Ds. HSW Strauss
p/a redakteur@apk.co.za

Aan die voorsitter en lede van die Sestiende Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk, geloofsgenote in ons Here Jesus Christus

GROETEBODSKAP

500 jaar gelede, die jaar 1522, was 'n belangrike jaar in die vroeë fase van die Reformasie. Daar was positiewe hoogtepunte, bv. die verskyning van die eerste reformatoriese publikasie deur Zwingli (*"Vom Erkiesen und Freiheit der Speisen"*) maar ook negatiewe gebeure, bv. die invoer van die Inkwisisie in die Lae Lande deur die onderdrukkende Spaanse heerskappy, Keiser Karl V en met instemming van die Pous, Hadrianus VI. Die eerste slagoffers van hierdie Nederlandse tak van die Inkwisisie was twee Lutherse volgelingen, naamlik Augustynse monnike van Antwerpen, wat toe die volgende jaar in Brussel verbrand is. Een van die belangrikste hoogtepunte in 1522 was egter die verskyning van Luther se vertaling van die Nuwe Testament wat hy as voortvlugtende – voëlvry verklaar – binne elf weke op die Wartburg voltooi het. Juis die Bybel in die mense se eie taal sou seker een van die grootste deurslaggewende faktore word om die Reformasie uit te brei. Dit gaan by die Reformasie immers altyd oor die Woord van God. En nou kon gewone mense die Woord self lees of hoor in hulle eie taal. Om die Evangelie in jou eie taal te hoor is 'n groot voorreg. Geen wonder dat kerkreformasie altyd met Bybelvertaling gepaard gaan nie.

As RTS – *Reformatoorsch-Theologisches Seminar* in Heidelberg, Duitsland, 'n klein en beskeie gereformeerde teologiese skool in Middel-Europa, het ons die grootse taak om broeders op te lei en toe te rus om sendelinge, predikers, evangeliste en predikante te word. Soos die Here sy Woord aan ons gegee het, sien ons ons taak om te midde van 'n al donker wordende Westerse wêreld sy Woord uit te dra. Saam met u bely ons volgens Romeine 10: *Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie geboor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie?* Dit gaan by hierdie Skrifteks ook oor die sentrale opdrag aan die Nuwe-Testamentiese kerk, naamlik om die Woord te verkondig. Wat 'n heerlike opdrag en taak. Wat 'n groot verantwoordelikheid. Mag u dienooreenkomstig tydens u sinode krag en leiding van ons Here deur sy Gees en Woord ontvang in al u oorlegging en besluitneming.

Ons bedê is dat ons hemelse Vader in Christus u sien; dat die sinode tot sy eer sal wees en die uitbreiding van sy Woord asook die bewaring van sy kerk sal dien.

Met hartlike groete,
in Christus

Dr. Victor E. d'Assonville
RTS – Reformatoorsch-Theologisches Seminar, Heidelberg



Tel: +27 (0) 12 804 8031
Faks / Fax: +27 (0) 12 804 2014



Jamesrylaan / James Drive 194,
Posbus / P.O. Box 912 - 51, Silverton, 0127



E-pos / E-mail: tlu@tlu.co.za
Web: www.tlu.co.za



SESTIENDE SINODE VAN DIE AP KERK

Dit is vir TLU SA 'n groot voorreg om 'n groetebodskap aan die Afrikaanse Protestantse Kerk se Sestiende Sinode te rig.

Ons in die landbou-omgewing word daaglik uitgedaag met die werklikheid van die natuur, maar ook met die breër klimaat wat heers en hoe dit inspeel op die produserende boere se aktiwiteite. Winsgewendheid en dan ook volhoubaarheid is begrippe wat ons deurlopend moet verreken wanneer daar besin word oor die ekonomiese prosesse van landbou. Dit is uiteraard baie belangrik, want indien dit nie daar is nie, sal ons boere nie meer kan produseer nie.

Die belangrikheid van elke kommersiële boer kan nie genoeg beklemtoon word nie. Kos op die tafel is noodsaaklik sodat elke ander bedryf ook kan funksioneer. Laat landbou lewe, sodat Suid-Afrika kan lewe. Dit behels egter net die fisiese lewe. Wat werklik saak maak, is die ewigheidswerk wat op die geestelike akker verrig word.

Matthéüs 4:4 beklemtoon die belangrikheid van hierdie arbeid: *Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.*

Dit is vir ons van onskatbare waarde in ons daaglikse stryd om juis die begronding waarop TLU SA as organisasie, maar ook as individuele lede ons toekoms bou, te kan uitleef. Ons geloof in God drie-enig soos geopenbaar in sy Woord, die Bybel, is vir ons ononderhandelbaar as fondament waarop ons alle besluite neem.

Die interaksie met en ondersteuning van die kerk is vir TLU SA onontbeerlik in ons funksionering. Dit is dan ook die rede waarom daar deur die jare 'n unieke verhouding tussen TLU SA en die AP Kerk gevestig is.

Mag die AP Kerk tydens hierdie Sinode steeds Skrifgetrou duidelik rigting aan haar lidmate gee, sodat die evangelieboodskap net van krag tot krag uitgedra kan word. Daardeur kan die regte waardes opnuut gevestig word, om te dien as stabiliseerder en koersaanduiders vir ons elkeen se lewenspad.

Vriendelike groete,

Bennie van Zyl
Hoofbestuurder: TLU SA

Dié eksklusiewe vesting vir die boer in SA • Thé exclusive fortress for farmers in SA
Stigtingsdatum 1897 • Founded 1897

DEPUTATE VIR KONTAK MET BINNELANDSE KERKE



Aan: die Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk

31 Mei 2022

Geagte broeders,

Dit is met dankbaarheid dat ons die uitnodiging ontvang het om 'n groeteboodschap aan julle sinode, wat DV vanaf 29 Augustus tot 2 September byeen sal kom, oor te dra. Ons voldoen met graagte aan hierdie uitnodiging, omdat ons die Here Jesus se bede – met die gepaardgaande roeping – vir eenheid tussen elkeen wat Hom in waarheid wil dien (vgl. Joh. 17), ernstig opneem.

Hierdie is daarom nie slegs 'n hoflikheidskrywe nie, maar 'n tree in die soeke na die eenheid in ons Here Jesus Christus. Ons besef dat die verhouding tussen die twee kerkverbande (APK en VGKSA) nog in sy prille kinderskoene staan. Van beide kante leef daar waarskynlik persepsies van mekaar – persepsies wat ons graag deur middel van gesprekke op die tafel sou wou plaas. Moontlik sal dit dan blyk dat sommige van die persepsies ooreenstem met die werklikheid; moontlik gee gesprekke die geleentheid om persepsies op te helder of uit die weg te ruim. Sulke gesprekke sal, na ons mening, deel wees van die proses om mekaar beter te leer ken.

Maar wat die persepsies ook al mag wees, ons wil met dankbaarheid vermeld dat persoonlike ontmoetings in die onlangse verlede tussen ampsdraers en lidmate van die twee kerkverbande, die herkenning gebring het dat ons dieselfde gereformeerde taal (wil) praat – en dit is die taal van die Skrif en ons belydenis. En dit is daardie herkenning wat ons nuuskierig maak om die AP Kerk beter te leer ken. Ons hoop dat die begeerte wedersyds is. Juis vir daardie doel gee ons hierby 'n kort skets van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Die VGKSA is in die 1950's geplant deur Nederlandse immigrante, wat ná die Tweede Wêreldoorlog na Suid-Afrika gekom het as gevolg van 'n gebrek aan werk en huisvesting in Nederland. Ons is 'n klein kerkverband – 8 gemeentes (verdeel oor twee klassisse, Noord en Suid) en ongeveer 1500 lidmate. Ons hoop dat teen 2023 nog twee of drie gemeentes vanuit die sendingwerk geïnstitueer sal word. Ons is 'n kerkverband wat bestaan uit blanke gemeentes, swart gemeentes en kleurling gemeentes. In elkeen van hierdie gemeentes word daar in die moedertaal gepreek en onderrig gegee. Wanneer ons saamkom in klassis- of sinodeverband, is Engels die voertaal. Hoewel klein, probeer ons nogtans om ons plek vol te staan in die Suid-Afrikaanse samelewing deur middel van getuienis, sendingwerk en konferensies.

In die laaste dekade het daar 'n diepgaande band gegroei met gemeentes uit die GKSA. In die Pretoria Moot-omgewing is daar kerklike eenheid tussen drie Gereformeerde kerke en twee Vrye Gereformeerde kerke; in die Bellville-omgewing in die Kaap is daar 'n soortgelyke eenheid tussen twee Gereformeerde kerke en die enkele Vrye Gereformeerde kerk aldaar. Hierdie eenheid behels dat die predikante oor en weer preek, en dat ons mekaar se tug en attestate aanvaar. Uiteraard is dit vir u nie moontlik om die VGKSA deur middel van so 'n kort skets te leer ken nie, maar hooplik gee dit nuttige agtergrond.

Broeders, ons wil u deur middel van hierdie skrywe die Here se seën toebid vir die werk wat tydens die sinodevergadering op u wag. Ons bedes is veral dat die lig van God se Woord (die enigste Lig in die Duisternis) julle oorwegings en gesprekke sal begelei, en dat julle besluite sal neem waardeur die Here geëer en sy kerk gedien word. Ons hoop om persoonlik by enkele van die sinodesittings aanwesig te wees en moontlik is daar geleentheid om dan verder met mekaar in gesprek te tree.

Met hartlike broedergroete,



Dr. HH van Alten
(Sameroeper van Deputate vir Kontak met Binnelandse Kerke van die VGKSA)

GROETWOORD NAMENS DIE VOORTREKKERMONUMENT

Ds. Cassie Aucamp (voorsitter van die direksie)

Wat hier gebeur, is 'n eerste in die geskiedenis: 'n Kerkgemeenskap wat sinode hou by die Voortrekkermonument! Dit mag dalk vreemd klink, maar dit is in volle ooreenstemming met die visie wat ons vir die Voortrekkermonument gestel het: Dit is “ons plek” waar almal welkom is. En die “ons” is natuurlik ons volksgenote, die Afrikaner, wie se erfenis die hoofbesigheid van die Voortrekkermonument is.

Toe u by die hoofhek ingery het, was die hoofopskrif op die verwelkomingsbord: Welkom by jou kultuurtuiste. En dit is “kultuur” in die wydste sin van die woord. Kan ons sê: Met kultuur bedoel ons die totale wyse waarop 'n gemeenskap, en in ons geval 'n volk, sy roeping in die koninkryk van God uitleef. Nodeloos om te sê dat die kerk teenoor die gemeenskap wat sy bedien, 'n onmisbare taak en roeping het, nie in diensbaarheid aan 'n volk nie, maar in die proklamering van die koninkryk van ons Here Jesus Christus oor die hele linie van die lewe.

As u deur die Monument stap, ook op die nuwe “Vrijheidsreis” wat onlangs geopen is, sal u loop op die voetspore van die kerk, al is dit ook die kerk op trek, meestal sonder 'n geordende predikant. Maar dit is nie in die eerste plek 'n struktuur wat van 'n groep mense kerk van Jesus Christus maak nie, maar die belydenis waarop Christus sy kerk bou en die totale onderwerping aan die wil van die Here. Dit is nie ons taak by die Voortrekkermonument om kerke te beoordeel nie, maar ons ervaar met dankbaarheid dat die Afrikaanse Protestantse Kerk dit erns probeer maak met die een Boek wat eerste uit die wakis oopgemaak is: die Bybel, die Woord van God, en dit wat ons daaruit bely.

Niemand kan dit betwis dat die gemeenskap wat u as AP Kerk gekies het om met die Woord te bedien, die Afrikaner, tans 'n identiteitskrisis beleef nie. Dit is ons missie om hier by ons geliefde Monument, met groot respek teenoor ander volke wat ons trekpad gekruis het, ons roeping te vervul sodat die erwe van ons vad're vir ons kinders erwe bly. Die kosbaarste van hierdie erfenis is om oor heel ons lewe te weet, te bely en te beleef: Hier staan ons voor die heilige God van hemel en aarde.

Mag die Sestiende Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk in die teken staan van dieselfde diepe afhanklikheid en 'n lewe van dank vir die grootste wonder uit Gods hand: toe sy Seun die magte van die dood om ons ontwil oorwin het.

Hartlik welkom hier by “Ons Plek” – die Voortrekkermonument. Ons wil aan u die gasvryheid betoon waarvoor “ons mense” selfs langs die moeilike trekpad bekend geword het.

Ek is gevra om nie 'n hoogdrawende akademiese betoog te hou nie. Ek gesels dus met u oor 'n onderwerp wat my nogal na aan die hart lê: **“Die AP Kerk van 2037, vyftig jaar ná haar ontstaan in 1987”**. Om sinvol daaroor met mekaar 'n gesprek te kan voer, meen ek dit is belangrik om Skriftuurlike insigte uit die vroeë kerkgeskiedenis te ontgin. Daarom vra ek dat ons nou na Génesis 11 en 12 blaai.

LEES: GÉNESIS 11:1-12:3

EN die hele aarde het dieselfde taal gehad en een en dieselfde woorde. ²En toe hulle wegtrek na die ooste, vind hulle 'n laagte in die land Sínear; en daar het hulle gaan woon. ³Daarop sê hulle vir mekaar: Kom laat ons stene vorm en dit goed brand. Hulle gebruik toe die bakstene vir bousteen en die lymgrond vir klei. ⁴En hulle sê: Kom, laat ons vir ons 'n stad bou en 'n toring waarvan die spits tot aan die hemel reik; en laat ons vir ons 'n naam maak, sodat ons nie oor die hele aarde verstrooid raak nie. ⁵Toe daal die HERE neer om die stad en die toring te besien waaraan die mensekinders gebou het. ⁶En die HERE sê: Daar is hulle nou een volk en het almal een taal! En dit is net die begin van hulle onderneming: nou sal niks vir hulle meer onmoontlik wees van wat hulle van plan is om te doen nie. ⁷Kom, laat Ons neerdaal en hulle taal daar verwar, sodat die een die taal van die ander nie kan verstaan nie. ⁸So het die HERE hulle dan daarvandaan oor die hele aarde verstrooi; en hulle het opgehou om die stad te bou. ⁹Daarom het hulle dit Babel genoem, want daar het die HERE die taal van die hele aarde verwar, en daarvandaan het die HERE hulle oor die hele aarde verstrooi.

AFSTAMMELINGE VAN SEM

¹⁰DIT is die stamboom van Sem: Toe Sem honderd jaar oud was, het hy die vader van Arpagsad geword, twee jaar ná die vloed. ¹¹En Sem het ná die geboorte van Arpagsad nog vyfhonderd jaar gelewe. En hy het seuns en dogters gehad. ¹²Toe Arpagsad vyf-en-dertig jaar oud was, het hy die vader van Selag geword. ¹³En Arpagsad het ná die geboorte van Selag nog vierhonderd-en-drie jaar gelewe. En hy het seuns en dogters gehad. ¹⁴Toe Selag dertig jaar oud was, het hy die vader van Heber geword. ¹⁵En Selag het ná die geboorte van Heber nog vierhonderd-en-drie jaar gelewe. En hy het seuns en dogters gehad. ¹⁶Toe Heber vier-en-dertig jaar oud was, het hy die vader van Peleg geword. ¹⁷En Heber het ná die geboorte van Peleg nog vierhonderd-en-dertig jaar gelewe. En hy het seuns en dogters gehad. ¹⁸Toe Peleg dertig jaar oud was, het hy die vader van Rehu geword. ¹⁹En Peleg het ná die geboorte van Rehu nog tweehonderd-en-nege jaar gelewe. En hy het seuns en dogters gehad. ²⁰Toe Rehu twee-en-dertig jaar oud was, het hy die vader van Serug geword. ²¹En Rehu het ná die geboorte van Serug nog tweehonderd-en-sewe jaar gelewe. En hy het seuns en dogters gehad. ²²Toe Serug dertig jaar oud was, het hy die vader van Nahor geword. ²³En Serug het ná die geboorte van Nahor tweehonderd jaar gelewe. En hy het seuns en dogters gehad. ²⁴Toe Nahor negen-en-twintig jaar oud was, het hy die vader van Tera geword. ²⁵En Nahor het ná die geboorte van Tera nog honderd-en-negentien jaar gelewe. En hy het seuns en dogters gehad. ²⁶Toe Tera sewentig jaar oud was, het hy die vader geword van Abram, Nahor en Haran. ²⁷En dit is die stamboom van Tera: Tera het die vader geword van Abram, Nahor en Haran, en Haran van Lot. ²⁸En Haran het gesterwe terwyl sy vader Tera nog geleef het, in sy geboorteland, in Ur van die Chaldeërs. ²⁹En Abram en Nahor het vir hulle vroue geneem. Die naam van Abram se vrou was Sarai, en die naam van Nahor se vrou was Milka, die dogter van Haran, die vader van Milka en die vader van Jiska. ³⁰**En Sarai**

was onvrugbaar, sy het geen kind gehad nie (onderstreping en vetgedruk, JB). ³¹En Tera het sy seun Abram geneem en Lot, die seun van Haran, sy kleinseun, en Sarai, sy skoondogter, die vrou van sy seun Abram, en dié het saam met hulle uit Ur van die Chaldeërs getrek om na die land Kanaän te gaan. En hulle het tot by Haran gekom en daar gaan woon. ³²En die dae van Tera was tweehonderd-en-vyf jaar, en Tera het in Haran gesterwe.

ROEPING VAN ABRAM. HY KOM IN KANAÄN. SY TREK NA EGIPTE

12 ¹EN die HERE het aan Abram gesê: Gaan jy uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys. ²En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees. ³En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.

LEES: JOSUA 24:2

²Toe sê Josua aan die hele volk: So sê die HERE, die God van Israel: Oorkant die Eufraat het julle vaders van oudsher gewoon – Tera, die vader van Abraham en die vader van Nahor, en hulle het ander gode gedien (onderstreping en vetgedruk, JB).

1. DIE UITDAGING VAN KINDERLOOSHEID EN HEIDENDOM OP PAD NA 2037

Die begin van Génesis 12 wil hoegenaamd nie romantiseer word nie. Onthou tog die kinderloosheid. Onthou asseblief ook die toestand van algehele heidendom wat op daardie stadium geheers het. Josua 24 maak seker dat ons dit nie vergeet nie. Só begin die verbondsaanspraak van God, midde kinderloosheid en heidendom, met hierdie geweldige beloftewoord wat slegs in Christus Jesus, deur die werking van die Heilige Gees, waarheid kan wees en word: ... *in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word*. Die AP Kerk beleef in ons dag veral kinderloosheid.¹ Ons beleef ook Christelike verval tot op die vlak van heidendom.² In hierdie periode van die “alreeds” van die Here Jesus se koms, maar die “nog nie” van sy wederkoms, vind ons onder aansporing van die Heilige Gees, ons plek, rol en doel vir die tyd waarin ons leef. Trouens, ons – elkeen van ons – is nou op hierdie oomblik van die geskiedenis hier op aarde geplaas, sodat die Abrahamsbelofte nog steeds in vervulling kan gaan. Ons behoort vir mekaar en vir ander, sowel naby as ver, sowel volkseie as volksvreemd, tot ryke seën te wees.

2. DIE AP KERK VERBONDSMATIG OP PAD NA 2037

AP Kerk Sinode 2022: Vyf-en-dertig jaar ná die ontstaan van ons verband van kerke in 1987. Dit laat my nuuskierig vooruit kyk na die jaar 2037, op die drumpel van 200 jaar ná 1838. In my binnekant brand daar vir 2037 'n begeerte, 'n intense hunkering na 'n veel meer bekoorlike AP Kerk. Trouens, kom ons bid daarvoor dat die kerk, algemeen in Suid-Afrika, inderdaad veel meer bekoorlik mag wees. **Wat wil 'n mens vir die jaar 2037 in die vooruitsig stel? Hoe moet die kerk dan lyk?** Plaaslik sal dit tog mooi wees om soos ware kerke te leef – verbondsmatig saamgebind, midde die kinderloosheid en heidendom van ons eie tyd. Hoe aantreklik sal dit tog nie wees nie, as ons van huis uit liefdevol leef, na buite gerig, ondersteunend, en aktief saam met mekaar – tot oorlopens toe vol vrug! Vol passie word ons Heiland en Verlosser gehoorsaam, in antwoord op sy duidelike opdrag (Mt. 28:19) tot vervulling van die Abrahamsbelofte: ¹⁹*Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.* ²⁰*En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.*

1 Vgl. *Sakelys* 2022, 23. Volgens 2021 se statistiek tel dooplidmate net 5 375; ongeveer 1:4 met betrekking tot belydende lidmate.

2 Vgl. Aanbeveling 4.3 in *Sakelys* 2022, 385: “Die Sinode doen 'n beroep op lidmate om nie aan die sekularisering van die samelewing deel te neem nie.”

Terloops, die Gelofte van 1838 staan in die nouste verband met die Geloftekerk in Pietermaritzburg en mag nooit losgemaak en losgedink word van die kruiskerk by Dingaanstat, daar in die verre Zoeloeland, nie. In die luim van Psalm 44:7 het ons voorgeslagte in 1838 mos nie vertrou op wapens en militêre vermoë nie. Daarvan getuig die ontstaan van die Gelofte van 1838. Daar was dan ook nie gerus om aan die Gelofte uitvoering te gee nie, totdat daar uiteindelik ook by Dingaanstat 'n kerkgebou kon verrys, met die plasing van evangelis Johannes Nxumalo³ aldaar. Dit is wat waardige nageslagte doen in die lewende geloof van goewerneur Jan van Riebeeck se gebed by ons volksplanting: *Gevoirdert, de Justitie gehanthaefft, ende onder dese wilde brutale menschen (mogelijk sijnde) uwe ware gereformeerde Christelijcke Leere mettertijd mochte voortgeplant ende verbreyt worden, tot uwes H. Naemes loff ende Eere ...*⁴ Soos die groot kruis by Dingaanstat wil getuig, word ware oorwinning gesimboliseer na aanleiding van die kruisboodskap van die evangelie van ons gemeenskaplike Heiland en Verlosser, die Here Jesus Christus. Want daar is geen ander Naam onder die hemel waardeur Zoeloe of Afrikaner – onder die menigte stamme, tale, volke en nasies van planeet aarde – gered kan word nie (vgl. Hand. 4:12). Ag, dit is tog so maklik om kragtens ons gemeenskaplike belydenis (NGB art. 29), op grond van die Bybel, aan mekaar af te rammel dat “ware kerk” oor die suiwer prediking van die evangelie, die suiwer bediening van die sakramente, en ook nog die handhawing van die kerklike tug gaan. Oorbekende woorde. Afgerammel. Maar kom ons deurdink dit 'n bietjie naby aan die lyf. Wat sê ons daardeur vir mekaar **waar die rubber die teer tref in ons lewens, en waar die koeëls die vleis van ons liggame tref in skermutseling met die boosheid van hierdie wêreld?**

3. DIE AP KERK VANUIT DIE HUISGESIN OP PAD NA 2037

Kragtens God se genadeverbond is ons voor alles tog eers kerk in elkeen van ons huise. Dít is om waarlik kerk te wees. Dogters en seuns word kragtens God se verbond van genade gebore, uit gelowige pa's en ma's wat vas en seker leef uit die wete: God open die moederskoot⁵ en Hy hou net so die moederskoot ook weer dig toe⁶ kragtens sy soewereine beskikking. 'n Opkomende geslag is mos 'n geloofskwessie. 'n Gelowige nageslag, soveel te meer. Verbondsouers maak nie staat op louter menslike insig en wysheid, gemak en geluk, as dit oor kinders gaan nie. Kinders is vir jou 'n “God-saak”. Anders verval ons saam in die outomatisme van die teenswoordige heidendom, so asof die mens volle beheer oor die voortplanting van kinders het, al dan nie. Jy glo daarenteen in God, wat sy verbond soewerein, almagtig, genadig en eensydig van geslag tot geslag tot stand bring. Hy bepaal jou besinnings oor kinders wat jy uit sy hand mag ontvang: die hoeveelheid én jou opvoeding van hulle.

Dikwels word die ironie onder ons rondgeslinger dat ons tog aandag moet gee aan die opkomende jong geslag, want dít is mos die kerk van môre. Ondertussen vergeet ons die ouer geslag, die kerk van vandag, wat geboorte skenk aan die kerk van môre. Sonder om vandag waarlik kerk te wees, kan ons maar vergeet van 'n AP Kerk van môre. Die neiging in ons dag is om óf nie kinders te wil hê nie, óf om van die volgende geslag heidene te maak. Génesis 12 toon baie opvallend hoe ons Verbondsgod die kerk van die Here Jesus Christus, reg midde die heidendom van destyds, uit 'n kinderlose egpaar gebou het.

3 D. Crafford, *Aan God die dank*, deel 1 (Pretoria: NG Kerkboekhandel, 1982), 436.

4 <https://www.afrikanergeskiedenis.co.za/wp-content/uploads/2014/11/Jan-van-Riebeeck-gebed.pdf>.

5 Vgl. Gén. 29:31; 30:22.

6 Vgl. Gén. 20:18.

Dat ons dooplidmate sedert die vorige sinode al weer met meer as 700⁷ gedaal het, roep ons op tot eerlike selfondersoek. Kerk is jy net deur die soewereine beskikking van God en in gelowige gehoorsaamheid aan Hom. Hoe verkondig Deuteronómium 7:6-11?

⁶Want jy is 'n volk heilig aan die Here jou God; jou het die Here jou God uitverkies om uit al die volke wat op die aarde is, sy eiendomsvolk te wees. ⁷Die Here het 'n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke. ⁸Maar omdat die Here julle liefgehad en die eed gehou het wat Hy vir julle vaders gesweer het, het die Here julle met 'n sterke hand uitgelei en jou uit die slawehuis, uit die hand van Farao, die koning van Egipte, verlos. ⁹Jy moet dan weet dat die Here jou God God is, die getroue God wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat Hom liefhet en sy gebooie onderhou, in duisend geslagte. ¹⁰Maar aan die wat Hom haat, aan elkeen persoonlik, vergeld Hy dit, om hom te vernietig; Hy sal met sy hater nie versuim nie, hom persoonlik sal Hy dit vergelde. ¹¹Hou dan die gebod en die insettinge en die verordeninge wat ek jou vandag beveel om dit te volbring.

Mense wat krities wil weet waarom dit so lank geneem het vir die Here Jesus om hier op aarde mens te word en nou dat ons al weer so lank moet wag op sy wederkoms, kan gerus maar na die Skrif se getuienis luister oor die traagheid en koppigheid van die huidige geslag. Psalm 78 spoor ons kragtig aan:

³Wat ons gehoor het en weet en ons vaders ons vertel het, ⁴sal ons nie verberg vir hulle kinders nie, maar aan die volgende geslag vertel die roemryke dade van die Here en sy mag en sy wonders wat Hy gedoen het. ⁵Hy tog het 'n getuienis opgerig in Jakob en 'n wet gegee in Israel, wat Hy ons vaders beveel het – om dit aan hulle kinders bekend te maak, ⁶sodat die volgende geslag dit kan weet, die kinders wat gebore word, dat hulle kan opstaan en vertel aan hulle kinders, ⁷en hulle vertroue op God kan stel en die dade van God nie vergeet nie, maar sy gebooie kan bewaar, ⁸en nie word soos hulle vaders nie, 'n koppige en wederstrewige geslag, 'n geslag met 'n onvaste hart en wie se gees nie trou was teenoor God nie.

Laat ons eerlik wees: Ons leef in 'n samelewing en onder 'n volk waar verbondskinders onwelkom geword het en waar, as óns besluit dat kinders wel gebore mag word, hulle dan boonop as heidene grootword. *Waar dit nie die geval is nie, kan ons alleen **maar juig en jubel oor onverdiende genade***. Een van die mees basiese maniere waarop die kerk verbondsmatig kan groei word in ons tyd, sowel buite as binne die AP Kerk van 2022, ongelowig deur Afrikaanse mense verag en geminag. Natuurlik is daar mense wat nie kán kinders kry nie. Dit is nie waarvan gepraat word nie. Godbeskikte kinderloosheid verdwerg teenoor die vloedgolf van ongelooft en ongehoorsaamheid deur die oorgrote meerderheid kerklike Afrikaners, wat wel ten volle vrugbaar, verbondskinders van die HERE kan ontvang, maar eenvoudig net nie kinders wil hê nie. Mag hierdie prentjie in die AP Kerk tog anders lyk teen 2037.

4. DIE AP KERK IN VERTRoue OP Ons VERBONDsgOD OP PAD NA 2037

Dit verg wel absolute vertroue in die God van die verbond. Dink gerus daaraan: God se optrede volgens Génesis 12 om uit 'n kinderlose egpaar, midde die heidendom van familie en vriende, land en omgewing sy kerk te bou, stel ten doel dat – *in jou* (die kragteloze heiden wat roep om die koms van Christus) *sal al die geslagte van die aarde geseën word*. God skenk mos kragtens sy genadeverbond kinders, gelowige kinders, van geslag tot geslag, uit alle nasies, stamme, volke en tale. Glo ons dit nog? Of is dit juis die rede waarom hierdie Sinode vandag op **enkele**

⁷ Vgl. Sakelys 2022, 23.

uitsondering⁸ na, 'n sterwende kerk⁹ verteenwoordig, as deel van 'n sterwende volk¹⁰ op planeet aarde? Hoe lyk ons vandag? Vir die grootste deel kinderloos en sendingafwesig.¹¹

Daar lyk my radikaal fout te wees met ons leer, die bediening van die sakramente en uitoefening van die kerklike tug, **waar die rubber die teer tref in ons lewens en waar die koeëls die vleis van ons liggame tref in skermutseling met die boosheid van hierdie wêreld.** Programme, tegnieke, grille en giere kan nie reg dokter wat in die verhouding tussen die gemeente van Christus en haar God skeefgetrek word nie. Op die Skriftuurlike spoor van ware kerk vind sowel bewaring as vermeerdering plaas, indien ek steeds by hierdie Sinode die Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 123 mag bely. 'n Verbondsmatige kerk is 'n groeiende kerk waar kinders gebore word en kinders se kinders, in hulle geslagte. In hierdie kerk is kinders saam met gelowige ouers in die erediens van harte welkom, maklik oor die vier tot vyf geslagte heen. Ja, die jongspan mag selfs die meerderheid van erediensgangers wees, in diens van die Abrahamsbelofte wat slegs in Christus Jesus vervul kan word, deur die werking van die Heilige Gees.

Kyk 'n mens oor die bult van tyd na 2037, terwyl 'n uiters kritiese joernalis van ons dae, soos Neels Jackson miskien, met die soort forensiese vernuf van 'n James Myburgh op daardie stadium die pen oor ons mag inspan, bid ek daarvoor dat so iemand mag bevind: In die AP Kerk van 2037 is dit uiters raar en slegs by baie hoë uitsondering, maar liefes glad nie meer nie, dat egpare skei. Ek bid daarvoor dat ons predikantekorps en ouderlinge daarin die voorbeeld mag stel, as toonbeeld van elkeen se lewe in die gemeente. Kinders kan mos net gebore word en Godvresend opgroei waar die hoeksteen van die samelewing reg funksioneer. Ons Here Jesus is die hoeksteen van die kerk en wie op Hom bou, vind die verbondsgesin as hoeksteen van sowel volk, as die breë nasionale samelewing. 'n Ampsdraer is mos eers man vir jou vrou, dan vader vir jou kinders voordat jy geloofsgehoorsaam die gemeente van Christus help opbou en uitbou.

Gemeentebou van 'n ware kerk begin tuis, by jou eie huis – waar jy jou kinders *met alle waardigheid in onderdanigheid hou ... (As) iemand nie weet om sy eie huis te regeer nie, hoe sal hy vir die gemeente van God sorg dra?* (1 Tim. 3:4, 5). In ons dag hou die verdriet van 'n afwesige geslag by die opkomende kerk tragies met die stukkende, gehawende toestand van huwelike, selfs kerklik bevestigde huwelike verband.¹² Statistiek Suid-Afrika stel op die oomblik eerlik die vraag: Is die tyd van die huwelik dalk bes moontlik in ons samelewing verby?¹³ Die krag van die evangelie laat my daarenteen glo aan huwelike waar gelowige pa's en ma's mekaar liefdevol in ere hou en waar dogters en seuns in die bakermat van Christusliefde mag opgroei.

Die Here Jesus laat die volgende geslag mos deur die kragtige werking van die Heilige Gees aan die hand van ouers besef wie die “ek” van my jonkheid is en mag wees – 'n mens geskape na die beeld van God, met 'n aantreklike identiteit naas andere. Daarom leer jy al van jongs af aan om

8 Hoewel die statistiek (vgl. *Sakelys* 2022, 63-8) nie ten volle vertrou kan word nie en die ontleding van die redes vir groei veel meer studie verg, blyk 11 uit 203 gemeentes rede te bied tot opgewondenheid: Dendron; Bronkhorstspuit; George; Gordonia; Heilbron; Hoedspruit; Kimberley – Die Kruis; Moot-Sentraal; Orania; Reitz; Tygerberg.

9 Volgens die beskikbare statistiek (vgl. *Sakelys* 2022, 23 met *Sakelys* 2017, 11) het die AP Kerk, afgesien van 'n verdere 717 (416 teen die einde van 2016, vanaf 2014) dooplidmate minder, in die afgelope verslagperiode ook met sowat 2 892 (1439 teen die einde van 2016, vanaf 2014) belydende lidmate verminder, wat op verskillende maniere verreken kan word, waaronder: 10 gemeentes van 300 of 30 gemeentes van 100 belydende lidmate minder. 'n Verdere agt gemeentes het wel amptelik ontbind (teenoor 3 gemeentes in die periode 2014-2016).

10 Vgl. J.W. Jansen van Ryssen, D.H. Kruger, B.J. De Klerk, *Die selfmoord van 'n nasie* (Pretoria: H.A.U.M., 1944). Sedert daardie dae het die situasie sommer baie versleg, met ongeveer 1.6 kinders per vrugbare vrou onder Afrikaners.

11 Vgl. “Verslag: Kommissie vir Sending en Evangelisasie” in *Sakelys* 2022, 208-11.

12 Vgl. <https://www.statssa.gov.za/publications/P0307/P03072020.pdf>

13 *Is marriage an old-fashioned institution?* Vgl. <https://www.statssa.gov.za/?cat=21>

die evangelie – soos in die Kindersendingkrans van ouds – wyd en syd te verkondig. Jy is nie net ’n dissipel in wording nie. Jy groei op as ’n dissipelmaker van diegene sonder Christus, sowel naby as ver.

Hoe het ek ’n seun van die kerk geword? Deur ’n pa en ma wat my eredienste laat bywoon het, al het dit beteken ons moes kilometers daarheen met die voet loop, terwyl Sharpeville se opstande die land laat brand het. “Sonder vervoer”, was net nie ’n verskoning nie. Ook nie “ver” of “gevaarlik” nie. Die erediens is immers so belangrik dat nóg lewensbedreiging, nóg uitdagings op pad daarheen jou daarvan kan weghou.

Hoe het ek ’n seun van die kerk geword wat sendingwerk as ’n kwessie van geloofsgehoorsaamheid beskou? Deur ’n pa en ma wat my op Vrydae, al van laerskool af, by die Kindersendingkrans laat inskakel het. Sending was ook part en deel van kerklike jeugwerk, selfs ten tyde van die Bosoorlog en ’n land onder beleg. “Volkseie” het in daardie jare my nie verhinder om Koning Jesus gehoorsaam te wees nie en kwalifiseer vandag eenvoudig nog steeds nie as ’n verskoning om ongehoorsaam te leef aan Sy Majesteit, Koning Jesus, se opdrag nie. Dit was en is mos ’n liefdeskwessie, ’n “van-huis-uit-verhoudingsaangeleentheid”. Soos dit in die huis gaan, so gaan dit in die samelewing: óf dit rafel uit, óf daar ontstaan ’n Christelike gemenebes van volkere.

Dit is darem maar snaaks hoe ons reken dat ons streng reëls en regulasies van buite moet afdwing wat slegs van binne uit, kragtens die oortuiging van Geesgewerkte liefde, in my murg en wese waarheid en werklikheid kan wees. Hoe leer Deuteronomium 6? *“Hoor, Israel, die Here onse God is ’n enige Here. ⁵Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag. ⁶En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; ⁷en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan.*

Mag 2037 tog aan planeet aarde toon – in die AP Kerk is ons pro-mense en nie uitsluitlik anti-mense wat alleen maar die hele tyd negatief oor alles kan raak en wees nie. Ons is mos vîr die huwelik, vîr die gesin, vîr die familie en die verbondenheid van families, wat ons kragtens die verbond van God se genade ’n volk wil noem binne die onoorsigtelike skare van sy Godsvolk. Ons wil veel meer wees as ’n massa losbandige enkelinge, wat sonder identiteit koersloos net bestaan vir die oomblik van nou se plesier.

Die verbondsmatige karakter van ons volkseie verbondenheid skep juis vrymoedig en gemoedelik ruimte om vanuit ’n liefdevolle huislike lewe met ander buite die huis te kommunikeer en sinvol saam te leef – sowel binne as buite die gemeente van Jesus Christus. Mag 2037 tog toon dat ons nie skynheilige vroompraters is nie. Ons oortuig ons kinders, kleinkinders en agterkleinkinders hoegenaamd glad nie wanneer ons liefdeloos en ongehoorsaam aan Koning Jesus, walglik optree teenoor mekaar en teenoor volksvreemdes, met ’n beroep¹⁴ op die kerkorde nie. Die bietjie kinders, kleinkinders en agterkleinkinders wat ons nog wel bereid is om van die HERE te ontvang, beleef sulke liefdelose optredes in ons kerkverband en stap gewoon van die AP Kerk af weg. Hulle wil eenvoudig nie meer daarvan deel wees nie. Boor ’n mens wel dieper daarop in, dan ontbloot daar hartverskeurende en diepe einas, wat reg in die huis begin.

U sien, dit lyk vir my: Ons sukkel met verhoudinge na buite, want ons het eintlik probleme met ons verhoudinge na binne – in ons eie huise en onderling in ons eie families. Behalwe dat ’n hart

¹⁴ ’n Kerkorde as sodanig is nie soseer die probleem nie, maar die manier waarop die kerkorde hanteer word.

vir die wees en die weduwees kan ontbreek, pyn die eina van ampsdraers wie se eie kinders nie meer saam met ons in die AP Kerk wil wees nie. Die eina pyn boonop van kinders wat alreeds voor-egtelik en buite-egtelik saambly. Net so pyn die eina van kinders wat in weerwil van ouers se oortuigings, welbewus met volksvreemdes trou. As dit so in ons eie huise hier in die jaar 2022 gaan, waarom sal ons dan in ons gemeentes 'n hart koester vir die wees en die weduwees? Waarom sal ons in ons gemeentes na buite gerig wil wees en die evangelie sowel naby as ver wil verkondig?

5. DIE AP KERK KAN VERAL TWEE SEËNINGE UITBOU OP PAD NA 2037

Dit is net wanneer die veel gebruikte woorde onder ons, naamlik: “volk” en “volkseie”, die evangelie van Jesus Christus verbondsmatig verkondiging, dat die AP Kerk teen 2037, as deel van die algemeen Christelike kerk, bloeiend, groeiend, lieflik en bekoorlik sal wees. Op pad daarheen het God ons selfs met die AP Akademie en Lig in Duisternis Uitgewers geseën, wat ons tuis, by ons huise, wil bystaan en dien om waarlik kerk te wees.

Ek is dit eens met ds. Schalk Strauss, dat hierdie twee ondernemings nog veel verder uitgebou kan word deur ons kragte daarop te konsentreer. So kan ons oud en jonk, sowel in ons eie kerkverband en daarbuite, bereik. Met ons min kragte, beperkte middele en al ons uitdagings het dit die genadige Here egter behaag om hierdie twee instellings uit ons geledere te seën, sodat ons daardeur ook vir andere tot ryke seën mag wees, sowel binne as buite ons kerkverband en volk, in ons direkte omgewing en tot aan die uiteindes van die aarde.

Die AP Kerk van 2022 hoef nie deur kinderloosheid te versmoor en deur die heidendom oorweldig te word nie. Die AP Kerk van 2037 kan in die weg van God se verbond wel bekoorlik wees, trou aan sy verbondswoord, met Skriftuurlike bewaring en vermeerdering. Bewaring – by die Woord en vermeerdering – kragtens dieselfde Woord van God se genadeverbond. Anders mag ons maar, weens ons ongehoorsaamheid, teen 2037 uitsterf. Dit is mos wat gebeur wanneer die Koning van die kerk sy kandelaar wegneem. Gehoorsames het wel rede om opgewonde te wees. Nóg kinderloosheid, nóg die heidendom is vir God onoorkomelike struikelblokke. Trouens, dit is hoe die kerk ná die toring van Babel begin het: minder as klein, onaansienlik. In vervulling daarvan kom die Here Jesus self en begin “kinderloos” en onaansienlik, aan die kruis van Gólgota en midde die kring van sy eie mense na wie Hy gekom het maar wat Hom verwerp het, 'n kerk grondves. Kinderloosheid en heidendom bied, in die lig van die kruis, net mooi niks om gelowige gehoorsaamheid af te skrik nie. Ons het wel nodig om in die krag van die Heilige Gees, volgens die Woord, kerk te wees.

6. DIE AP KERK KAN GERUS TWEE PERSPEKTIEWE VERWERK OP PAD NA 2037 –

6.1 RODNEY W STARK: 'N SOSIOLOGIESE PERSPEKTIEF

Vergun my asseblief so 'n verwysing of twee na wat geleerdes sê. Die sosioloog en historikus, Rodney W Stark, wys in sy boek *The Triumph of Christianity: How the Jesus movement became the world's largest religion*¹⁵ daarop dat ons voor alles die rede vir die triomf van die Christelike geloof in die Here Jesus se gesin en familie moet soek.¹⁶ Soos wat die Skrif se getuienisse besig is om weer aan geloofwaardigheid en betroubaarheid te wen, word daar met nuwe oë na opmerkings in byvoorbeeld Mattheüs 13:55-56; Markus 6:3 en 15:40-47 gekyk, selfs na die gewens in die apostel Paulus se briewe en ook in die boek Handeling. In vervulling en

15 R.W. Stark, *The Triumph of Christianity: How the Jesus movement became the world's largest religion* (New York, NY: HarperCollins, 2011).

16 Stark, *The Triumph of Christianity*, 60 e.v.

navolging van die Ou Testament bly huwelik, gesin en familie baie belangrike “evangelieplekke” en “evangelie-instrumente”. Die Here Jesus het in sy eie naaste kring, naamlik die gesin waarin Hy gebore is, gedemonstreer dat Hy die Messias is. So was die evangeliewerk van ons Heiland ’n kwessie van uitkringende liefdesbetoon tot aan die uiteindes van die aarde. Dit het in sy eie geboortehuis begin. Dit is dan ook die opvallende van die verskynsel van “huiskerke”. Menige vroeë gemeente het aan huis van ’n gesin begin. Dit is mos waar die evangelie waarlik en betroubaar goeie nuus wil wees – daar waar ons in die mees intieme verhoudinge mekaar kan deurkyk, mekaar kan beleef en van mekaar vier-en-twintig uur van die dag kennis dra.

Stark se navorsing plaas vir ons ’n besprekingspunt op die tafel. Vir geslagte lank is daar gereken dat bekering, klinies gesproke, die eindresultaat van ’n bepaalde leerstelling is wat jou aanspreek. Mense eien dan so, sosiologies gesproke, ’n bepaalde geloofsoortuiging vir hulleself toe, aangesien die leer daarvan klaarblyklik so aantreklik is, veral as die bepaalde leerstelling probleme help oplos. Dit is nou hoe daar al vir geslagte lank oor bekering gedink is. Maar, dit het verander. Hoe dieper sosioloë egter op die verskynsel bekering ingegaan het en hoe meer daar inderdaad moeite gedoen is om die bekering sosiologies¹⁷ na te vors, hoe meer word vasgestel dat leerstellige oortuiging “sosiologies” nie as die heel belangrikste aspek van bekering beskou kan word nie.¹⁸ Vir die grootste deel kom die verskynsel bekering volgens die nuutste sosiologiese navorsing daarop neer dat jy jou geloofsoortuigings in lyn bring met dié van jou vriende en familie. Meer formeel gesê: Mense is geneig om tot ’n bepaalde godsdienstige groep te “bekeer” wanneer hul sosiale bande met die lede van daardie bepaalde groep swaarder weeg as die bande met buitelanders wat hul “bekering” teenstaan. Heel dikwels gebeur die verbintenis aan so ’n groep ook voordat die leerstellings van daardie betrokke groep deeglik deurdink is. Natuurlik word daarmee nie alles oor en van bekering gesê nie.

6.2 FRANCIS A. SCHAEFFER: 'N APOLOGETIESE PERSPEKTIEF

Dit gee wel rede om die Christelike apologet, Francis A. Schaeffer, aan te hoor wanneer hy oor die mees vername kenmerk van ’n Christen praat.¹⁹ Hoe weet jy of iemand werklik ’n Christen is? vra Schaeffer apologeties. Hy beantwoord die vraag met die Here Jesus se woorde in Johannes 13:35: *Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het.* Jy hoef dus nie politiek korrek, op die wa van ons eie tyd se waan van sosiale geregtigheid te wees nie. Uit die mond van die Here Jesus word leer en lewe nie teenoor mekaar geplaas nie. Dit is ’n kwessie van: Om die een te doen, sonder om die ander na te laat.

7. DIE AP KERK KAN BESLIS TEEN 2037 BEKOORLIK WEES

Wie midde kinderloosheid en heidendom waarlik saam met die Here Jesus, onder leiding van die Heilige Gees, die pad stap, het ’n huis met ’n bepaalde klimaat en atmosfeer. Jy, jou huwelik, jou gesin en jou familie ken die Here Jesus; julle leef ten nouste in verhouding met die Here Jesus. Sy liefde vloei deur jou en raak uitkringend die hele wêreld om jou aan – van die mees intieme tot die verste naaste. Só ’n AP Kerk in die jaar 2037 sal beslis bekoorlik wees, ’n vreugde om van deel te wees en ’n nog groter vreugde om aan ander bekend te stel, hetsy God se kinders in volkseie kringe of aan diegene van die mees onbereikte volkere op planeet aarde.

17 NB: Die vakwetenskap Sosiologie wil in hierdie verband nie teenoor die wortelwetenskap Teologie afgespeel word nie. Beide verteenwoordig werklikheidsaspekte wat stof tot nadenke bied. Sosiologie gee juis rede om in die volgende paragraaf te luister na ’n doelbewuste manier van Apologetiek, waar leer en lewe onlosmaaklik saamhang.

18 Stark, *The Triumph of Christianity*, 66.

19 F.A. Schaeffer, “The Mark of a Christian” in *The complete works of Francis A. Schaeffer*, 2nd ed., vol. 4 (Wheaton, IL: Crossway, 1985), 183-205.

Deur die krag van die Heilige Gees verrys daar mos deur die geskiedenis heen die getuienis wêreldwyd van een liggaam en een Gees, soos die kerk ook geroep is in een hoop van ons roeping, een Here, een geloof, een doop, een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in ons almal is.²⁰ 'n AP Kerk wat daarin deel, is beslis 'n AP Kerk om van deel te wil wees. In so 'n kerk staan eenheid en verskeidenheid nie teenoor mekaar, asof oorlogmakende vyande nie. In so 'n kerk bely ons juis én die eenheid én die verskeidenheid van die een Godsvolk.²¹ Na my beskeie oordeel is dit 'n belangrike insig van Génesis 11 en die begin van Génesis 12 om te verreken. Vandag is egter nog 2022. Ons bid en werk wel op die pad na 2037. Mag God ons, in Christus, deur die Heilige Gees, genadig wees om waarlik die koninkryk van ons Koning in alles eerste te stel. Mag ons as ware kerke in kerkverband saamleef.

²⁰ Vgl. Efés. 4:4-6.

²¹ Vgl. Openb. 7:9-10; 21:24, 26; 22:2.

VERVUL JOU ROEPING IN DIE LIG VAN GOD SE HEERLIKHEID

“Ou spore, nuwe weë” – “Kyk hoër, delf dieper, sien meer”.

Jesaja 6:3-8

Ek is gevra om hierdie broederlike gesprek in te lei en ek is dankbaar vir die voorreg, alhoewel ek weet dat ek nie al die antwoorde het op die uitdagings wat die kerk van ons Here Jesus elke dag mee te doen het nie. Die onderskrif van die logo op die voorblad van *Sakelys 2022*, wat ek as treffend ervaar, gee reeds ’n riglyn aan vanwaar na die toekoms en voortbestaan van ons eie kerkverband gekyk moet word. As dit ’n riglyn is vir twee groot komponente van ons kerkverband moet dit tog ook waar wees vir elke lidmaat. Oor die kerk van Jesus Christus is daar geen onsekerhede nie – dit sal bly voortbestaan, maar die vraag is of ons die merktekens van die ware kerk openbaar?

A. WAAR BEGIN ONS MET ’N GESPREK OOR DIE TOEKOMS VAN DIE KERK?

Moet ons vanoggend nuwe omkeerstrategieë, bestuurstegnieke, opfrissingskursusse of beter werksomstandighede vir leraars bedink? Van die dinge het groot waarde en besit die moontlikheid om ’n verskil te maak, maar op hul beste is ook dit nie die finale antwoord wat werklik ’n verskil gaan maak nie. Intendeel, ons moet op ons hoede bly om nie met allerlei planne besig te raak en in die proses onself uit te put sonder noemenswaardige resultate nie. Die rede waarom ek dit sê, is omdat die beste planne sonder die regte motivering nooit gaan slaag nie.

Laat my toe om net een voorbeeld te noem. Ons het ’n verbondsonderrigprogram wat oor etlike jare strek en ten doel het die toerusting van ons kinders, om hul geloof uiteindelik te bely en uit te leef. As dit net maar ’n gewoonte bly wat deel van ons tradisie is, kan dit verklaar waarom jongmense na belydenisaflegging eenvoudig die kerk verlaat.

Wanneer ons ’n blik op ’n heerlike toekoms wil bedink, dan vra dit ongelukkig ook dat ons sonder vrees en kleinserigheid na die huidige toestand moet kyk. Hoe lyk die AP Kerk op die oomblik en wat is nodig om veranderinge teweeg te bring?

Daar is sekere uitdaging en bedreiging wat ons kerk wees konfronteer. Daar is harde feite wat vra om verduidelikings. In een van die voorstelle vanoggend is kommer uitgespreek oor die beeld van die kerk. Is ons bekommerd oor die beeld wat God het oor die wyse waarop ons in sy diens staan?

1. STATISTIEK

Kerklike statistiek, al is dit soms nie so akkuraat nie, vertel ook ’n eie verhaal. Laat ek dadelik sê dat die bepaling van die toestand van ons kerk nie beoordeel kan word slegs deur rekening te hou met die meetbare beeld van die kerk nie. Dit sou eensydig en heeltemal onvolledig wees. Daar is tog ’n lewende verhouding wat lidmate met God het wat nie so maklik is om in statistiek vas te lê nie.

Waarom het ons getalle sedert die eeuwisseling halveer? Sonder ’n diepteselfondersoek sal ons nie by die wortel van die probleem uitkom nie. Was ons redes vir ’n eie kerkverband daar in die begin werklik vir almal Skrifgefundeer, of wou baie van ons net ons misnoeë te kenne gee met die gebeure

in ander kerkverbande of met die politieke ontwikkelinge wat ons ontstem het? Die kerk moes die voortou neem in die vervulling van ons eie ideale en 'n heerlike kuierplek bied om oor sake van die dag te debatteer. Daarom is gemeentes doodbaklei en het posisies in die kerk van groter belang geraak as diens aan God. Dit verklaar beslis waarom so baie mense weer die kerk uit is.

2. DIE KERKRAAD EN SY FUNKSIONERING

Dit gebeur eenvoudig te veel dat 'n mens hoor van lidmate wat ongelukkig is in hul gemeentes. Lidmate wat nie hul kerkraadslede ken nie of slegs van hulle hoor wanneer daar 'n basaarlys versprei word. Mense wat nie 'n oor vind wanneer hulle kla of in nood is nie. Besef ons dat onbekend ook onbeminde maak? Ouderlinge en diakens doen nie die ampswerk waarvoor hulle geroep is en wat hulle voor God aanvaar het nie. Van hul diens en opsig is weinig te sien. Maar broeders, wees verseker dat manne wat hul roeping vervul, hooggeag en geliefd by die lidmate en bo-al by God is. Broers ouderlinge, het u al bekommerd geraak oor talle lidmate wat die gemeente verlaat, of sien u dit as suiwering? Ken u die lidmate se omstandighede, vrese en stryd? Hoe kan ons hulle soos herders versorg as ons hulle nie ken nie? Natuurlik is hierdie redes waarom lidmate die gemeente verlaat! Ja, moeilike mense is daar altyd, maar daardie mense het dan mos juis ons boodskap oor Jesus Christus nodig!

Leraars wat nie meer huisbesoek doen nie of wat lidmate in nood eenvoudig ignoreer omdat u ander dinge belangriker ag as die pastorale versorging van elke gemeentelid. Waarom broeders? Is my roeping 'n werk net om 'n salaris te verdien en daarom kla ek gedurig oor die lidmaatboeie in my bediening? Is my privaatheid en eie gemak en strewes belangriker as die voorreg om in God se diens te staan? Is ek nog opgewonde om op die kansel te klim, want God het met my gepraat deur sy Woord en ek moet dit met ander deel? Onversorgde prediking wat bloot op 'n sedelessie neerkom, sal lidmate uit die kerk dryf. 'n Onvoorbereide liturgie sal lidmate verveel en die erediens sal 'n frustrasie word terwyl juis dít die weg is tot vreugdevolle beleving van God se genade tydens sy ontmoeting met ons.

Is my optrede vol entoesiasme wat ontspring in my binnekamer? Getuig my optrede van 'n lewende verhouding met God en 'n entoesiasme om sy liefde te vertoon? Reëls en reglemente kan mense nie tot aanbidding dwing nie. Dit sal mense eerder vervreem en daarom is dit nogal 'n "geheime kuns" om reëls met liefde toe te pas sodat dit mense trek en nie verstoot nie. Laat ons nou maar eerlik wees want ons wil te gou mense met die kerkorde – en dit het 'n plek – regruk, maar sonder die Bybel. Hanteer ons sonde van alle lidmate dieselfde of vermy ons die oortredinge van ons vertroulinge?

3. DIE KERKVERBAND

By die lees van *Sakelys 2022* van Sinode 2022, wat baie ooreenkomste vertoon met die vorige sakelys, val dit op hoe min daar gehandel word oor die roeping van die kerk. Dit is duidelik dat daar 'n groot stuk onbetrokkenheid by kommissiewerk is en dat dít wat wel op skrif gestel word, eintlik nie veel sê nie. Ja, kommissies handel met die aanbevelings wat na hulle verwys word, maar is daar dan geen uitdagings op die terrein van die kommissies wat aandag moet kry nie? Broeders, kan u werklik getuig dat u op die kommissie waar u gedien het die Here gedien het as deel van u roeping, al vra dit 'n ekstra myl? In die verslae word 'n gebrek aan motivering duidelik gesien en daarom word daar geknip en geplak, net om darem iets voor te lê.

Laat my toe om met u te deel wat pas gebeur het. 'n Dame maak met my, en ek glo dat dit met alle emeriti gebeur, 'n afspraak om raad. Nou vra ek of dit dan nie die taak van die plaaslike kerkraad is nie? Waar kerkrade opregte liefde en belangstelling toon, sal lidmate met graagte hul sake met hulle bespreek. Nou moet dit aan iemand buite die kerk opgedra word.

Ons ken almal die frustrasies om inligting en samewerking te kry vir ringsvergaderings. Ringe funksioneer bykans glad nie en indien wel, word meer aandag gegee aan die klagtes oor die kerkverband of die kerkkantoor as oor die probleme rondom kerk wees op plaaslike vlak. Is die probleem nie dalk die inhoud van die sakelyste nie?

Broeders, hoeveel tyd bestee u as kerkraad aan algemene bestuursake en onderlinge twiste teenoor tyd om te bespreek hoe om die evangelie meer effektief uit te dra? Terwyl ons twis oor verlof en die herstel van die geboue, verlaat mense met teleurstelling die gemeente.

Elkeen van ons moet sy eie hart ondersoek en vasstel met watter gesindheid dien ek die Here. Die Here het nog nooit gesê dat dit maklik is om Hom te dien nie en ons moet verwag om in 'n hewige stryd betrokke te raak. Dit is juis vanuit die stryd wat daar vrede en vreugde na vore sal kom.

B. DIE NOOD AAN DIE REGTE MOTIVERING

Laat ons weer luister na ons tema: “Vervul jou roeping in die lig van God se heerlikheid”. Die AP Akademie verwys na ou spore wat uitloop op nuwe weë. As kerk staan ons op 'n vaste geloofstradisie waarop ons trots kan wees. Die gereformeerde leer bou immers op God se almag en genade, soos ons dit in sy Seun deelagtig word. Ons het die Bybel en kan dit in ons eie taal lees. Ons hou vas aan die erediens waar ons die teenwoordigheid van God mag beleef. Die groot waarhede dat ons deur God tot kerk geroep is en leef onder die leiding van die Gees en vanuit die versoening van Jesus Christus, gee aan ons 'n stewige fondasie om op te bou.

1. WIE IS GOD?

Seker die duidelikste spoor waarop ons in hierdie wêreld voortbou is die optrede van God as Skepper en Onderhouer van alles. Dit is daarom seker noodsaaklik om te vra of ons regtig weet wie God is? Kan ons identifiseer met die profeet Jesaja toe God hom tot diens geroep het? Hy moes eers leer wie God is voor hy met sy roeping as profeet kon begin. Hy het in 'n tyd geleef toe hy rondom hom beleef het hoe die volk wegdwaal van die Here af, terwyl hulle hulself tog as deel van die verbondsvolk van God beskou het. Dit is iets wat ons moet erken in ons dag steeds 'n nare werklikheid is.

In 'n aangrypende beeld word hy bewus gemaak van die majesteit en heerlikheid van God. Hy sien in 'n gesig die hemele open en die Here in die tekens van lig en majesteit. So aangryplik en indrukwekkend was dit dat hy homself gesien het in die lig van die glorie of grootheid en almag van God. Daarom val hy neer, want die besef van sy eie onmag en sonde oorweldig hom. Met 'n wenende hart bely hy sy sonde voor God. Hy beleef egter die versoenende liefde as hy gereinig word as toerusting vir die taak wat in die toekoms op hom gewag het. Twee dinge val hier op: 'n besef van die heerlikheid van die almagtige God en 'n besef van sy eie onwaardigheid voor God.

Geen mens kan in diens van God tree, kan deel van die kerk wees as hy of sy nie ook 'n visie het op die altyd teenwoordige glorie en die heerlikheid van God nie. As ons nie bewus bly daarvan dat sy heerlikheid die hele aarde vul nie, sal ons nooit in verwondering voor Hom buig nie. Dit is eers wanneer ons bewus is van sy heiligheid, dat ons ons eie sonde sal besef en dit voor Hom beween. Dan verrys die kruis op Gólgota, waar die ewige Koning gehang het. Met dié visie kan ons die lafenis van die bloed van ons Verlosser oor ons seer ervaar. Hierdie versoening met God is die toerusting om in sy diens te staan. Dit is die ou spore wat nooit sal verander nie en waarop ons moet voortgaan. Nou klink dit na 'n onpraktiese en onbereikbare droom, maar dit is 'n werklikheid. Die glorie van ons Heer is immers nie verborge en 'n geheim nie. Dit is om ons en in

ons elke dag. Word u in die oggend wakker met die eerste gedagtes aan die heerlijkheid van God, oor sy gawe van 'n nuwe dag, oor gesondheid en 'n geleentheid om Hom te mag dien? Of dink u met wrewel en swaarmoedigheid aan probleme en hoe om dit te vermy of net agter die rug te kry? As ons in verwondering na die glorie en almag van God kyk, sal ons krag hê en lus wees om vir Hom te werk en die geur van sy liefde uit te dra. So verander die las na 'n geleentheid, want ek word gemotiveer deur die besef van die grootheid van die God in wie se diens ek staan. Is dit die troos waarmee u gaan slaap na 'n uitputtende dag?

Wanneer 'n kerk nie meer die heerlijkheid van God beleef en sy verheerliking nastreef nie sal sy stagneer en uitrafel, want die hemelse motivering het verduister. Beleef u hierdie visie in u eie hart elke dag? Is u gevul met die oorheersende wete dat God in sy wonderbare majesteit u geroep het om deel van sy kerk op aarde te wees en te doen waartoe u geroep is. Sonder hierdie visie sal ons motivering om God in sy kerk te dien slegs 'n frustrasie en sware stryd bly, een sonder ware vrede of vreugde.

2. DIE NUWE WEG VAN 'N HEMELVISIE

In die visie van God se teenwoordigheid, sy almag en majesteit lê die toekoms voor ons. Kyk ons na die skets op die voorblad van *Sakelys 2022*, word die kruis omvou met 'n boom. Met die besef van die glorie en almag van ons God sal ons deel van hierdie groeiende boom bly. In hierdie groeiproses is daar bepaalde rolspelers betrokke wat binne die kerk aktief is en waarna ons kortliks gaan kyk.

i. Die sinode en sy kommissies

Die sinodale vergadering sentreer rondom sy sakelys wat die werk van sy kommissies weergee. Die inhoud van die sakelys is daarom nie die skepping van die kerkkantoor nie, maar gee 'n beeld van wat in die hart van die kerk aangaan.

Enkele kommissies maak omtrent tagtig persent van *Sakelys 2022* uit. Wat ook opval en kommerwekkend is, is dat daar weinig aanbeveling is oor die opbou en uitbou van die kerk as teken van die visie van God se heerlijkheid. Verslae handel hoofsaaklik oor die instandhouding van wat reeds bestaan, sonder om iets weer te gee van diens aan God. Terwyl dit as kritiek ervaar word van iemand wat vir jare self deel van die stelsel was, klink dit arrogant en is dit mosterd na die maal. Wees egter verseker dat 'n mens soms eers op 'n afstand na dinge moet kyk om jou eie dwaasheid te besef.

Wat egter bekommer is dat daar bykans geen aanduidings is dat daar 'n begeerte is om die heerlijkheid van God raak te sien en na te jaag nie. Daar word nie in verslagdoening breedvoerig gesê wat gedoen word nie, maar vir die toekoms kan dit sinvol wees om tog uit die lesse van die praktyk aan te toon hoe om op die ou spore te bly en so die nuwe weë te betree.

Die uitdaging is dat kommissies aanbevelings op die tafel moet plaas wat navorsing vereis oor hoe die heerlijkheid van God almagtig in ons kerkverband gestalte kan kry.

Is die vergadering net bedoel om nog reëls en regulasies op te stel, nog sake te beding vir lekkerder werksomstandighede, om my eie voorliefde te propageer? Ons kerkverband loop leeg omdat mense gefrustreer raak met die kerk en ons laat geleenthede om mekaar te help om oplossings te vind, onverrigter sake. Daar is gelukkig sake ter tafel wat handel oor ware kerklike werk, wat verdien om uitgebou te word.

Hierdie sake raak ook die ringsvergaderings, waar die onbetrokkenheid en gebrek aan visie duideliker blyk. Dalk sal 'n verandering aan die doel van die byeenkomste die nuwe weë stimuleer en ons bring by ons eintlike doel as kerk van Jesus Christus. Dit is noodsaaklik dat ons betrokke sal wees met die visie van die heerlijkheid van God in die hart en daarvolgens sinodale- en ringswerksaamhede aanpak.

Dit is ook so dat daar negatiwiteit heers oor rings- en sinodale werk. Hier is balans nodig. Geen leraar kan daarin opgaan en sy gemeente verwaarloos nie, maar geen leraar kan sy gemeente eerste stel, asof die res van die werk nie ook God se werk is nie. Waar die regte motivering en balans is, sal hierdie spanning vanself verdwyn: want dan doen ek alles tot eer van die Here.

ii. Gemeentelike werk

Dit wil soms lyk of kerkrade daar is om die leraar te beskerm sonder die besef van die erns van hul roeping.

Elke kerkraadslid moet sy plek voor God ken. Met ander woorde, hy moet weet wie God is en met dieselfde besef van God se grootheid en heerlijkheid sy roeping as kerkraadslid nakom. Om dit in die beeldspraak van Paulus te stel kan ons vra of elke kerkraadslid 'n brief is wat gelees kan word deur die gemeente én die wêreld om te hoor en te sien hoe die heerlijkheid van God lyk? Wat lees die gemeentelede in u as brief? Is u 'n uitnodiging na Christus toe of lees hulle niks van Hom in u lewe nie? Dit is op hierdie vlak waar die kerk 'n toekoms het of 'n gestadigde dood inloop. Die toets vir elkeen van ons is daarom om te vra of ons 'n troonvisie het wat ons motiveer tot diens aan God? Waar dit gebeur sal u ondervind hoe God u gebruik en u betrokkenheid sinvol maak. Die voortbestaan van die kerk berus by God, maar Hy het manne geroep om in sy diens te staan. Die ouderling kan 'n reuseverskil in 'n gemeente maak wanneer hy met liefde na die lidmate omsien en as rentmeester voor God staan.

Elke leraar weet sy taak is vervat in artikel 15 van die kerkorde. Dalk moet daar 'n inleidingsparagraaf bygevoeg word wat die predikant daarop wys dat hy moet leef en dien met 'n troonsvisie van God se heerlijkheid in sy hart. Dit sal maak dat al die ander sake dan self in plek val. U besoek mense omdat u die heerlijkheid van God ervaar en wil deel. U sien om na siekes en swakkes, u bemoedig en vermaan nie omdat dit van u verwag word nie maar omdat u nie anders kan nie, want u is gevul met die besef van die grootheid en heerlijkheid van die Heer.

Broer predikant, wie is God vir jou? Sien jy sy glorie en almag om jou raak? Is Hy jou motivering om leraar te wees? Dit maak die taak van die predikant so uniek. God se genade bly vir jou groots en sy roeping staan vas, daarom ook jou arbeid wat nie vergelyk mag word met ander beroepe wat ook in God se hand is, maar waarvan die wese tog heeltemal anders is nie. Ek weet van geen bepalinge in die Bybel oor werksure of ander voordele wat in ander beroepe geld nie. Ek weet wel dat Jesus Christus alles vir ons gegee het en daarvoor is ek Hom ewig dankbaar. As hierdie God wat alles in die hand hou my rede tot bediening is, hoef ek my nie te kwel oor werksure of privaatheid nie. God is groter as dit alles en sy genade aan my oortref alles wat ek deurmaak. Broeders, maar ek moet dit ook hier sê, dat u opreg waardeur word wanneer u omgee en sorg vir lidmate raakgesien word: wanneer u by 'n siekbed staan met troos uit die Woord; wanneer u tydens huisbesoek belangstel in die nood waarmee ons as lidmate worstel; wanneer ons hoor dat u die stem van God gehoor het toe u die preek voorberei het, wat u ook met entoesiasme lewer.

'n Predikant wat leef met die besef van die glorie en almag van God sal sy gemeente kan lei om saam met hom in verwondering te kyk na die son wat opkom of die wind wat die wolke aanwaai.

In die grote God wat dit alles laat gebeur is ons geloof geanker. Neem ons so saam met u in u bediening, sodat almal in verwondering voor God sal buig.

Aangesien hier nie diakens teenwoordig is nie sal nie spesifiek oor hulle gehandel word nie, alhoewel die kern van wat gesê is, hulle op presies dieselfde manier raak.

Dit klink of alles wat gesê is baie negatief is. Dit is egter nie die bedoeling nie. Ons moet onthou dat God ons geroep het, dat Hy ons toerus, dat Hy ons deur Jesus Christus gereinig het en dat sy Gees ons lei om die draer te wees van sy liefde na die lidmate in die gemeente en na alle vreemdes op ons pad. Elkeen van ons moet weer Jesaja 6 gaan lees en oordink en die glorieryke heerlijkheid van God geniet. Net dan sal ons gemotiveer wees om voluit in sy diens te staan.

Om getrou te wees vra egter ook ons gehoorsame onderwerping aan God. Ons moet elke dag na Hom luister. Hoe lyk u stiltetyd? Is dit die hart van u belewenis van God se grootheid en genade vir u? Die gejaagdheid van ons programme mag nooit 'n invloed hê op ons tyd saam met God om sy Woord nie. As ons nie luister nie kan ons nie preek nie; kan ons nie huisbesoek of enige ander besoek doen nie; kan ons nie sinvol in hierdie vergadering betrokke wees nie; sal ons betrokkenheid by die kerk van Jesus Christus een lang proses van spanning en stryd bly. Om te hoor wat God vir jou sê is genoeg om jou te bring tot opgewondenheid wat jy met ander sal wil deel. Dit is die hart van die prediking, van pastorale bewoënhed, van omgee oor die welsyn van ander. In jou binnekamer sal jy leer hoe die heerlijkheid en grootheid van God om jou reeds sigbaar is en dat jy daarin deel.

Met dié dinge in plek sal u die gemeente wat aan u toevertrou is, kan lei om ook hul plek in God se koninkryk te ken en hul verantwoordelik uit te leef. So sal hulle die boodskap van God se genade verder versprei en die gemeente sal 'n lig in die duisternis rondom ons wees.

iii. Afrikaanse Protestantse Akademie

'n Volgende rolspeler waarna ons kyk is die AP Akademie wat 'n groot rol gespeel het in die jare wat verby is en dit ook steeds sal speel in die jare wat kom, nie net in ons kerkverband nie, maar veel wyer. Die vraag na suiwer teologie raak aldag groter en moet oral bevorder word.

Die beeld van Jesaja moet inderdaad by die APA voorop staan. By al die kennis wat aan die studente geleer word moet ook die noodsaaklikheid van roepingsbewustheid aandag geniet. Teologiese kennis moet heenwys na die God oor wie dit gaan en hoe om in 'n intieme verhouding met Hom te leef. Ja, u taak is nie ten eerste om studente geestelik te versorg nie, maar wanneer u self gemotiveer word deur 'n heerlike troonvisie, sal dit noodwendig saam met u onderrig oorgedra word.

Daar is baie frustrasies om te hanteer van die kant van die regering, maar ook dit word 'n stryd wat niks is as dit gestel word teenoor die grootheid van God nie. Ook hierin moet die Here in sy heerlijkheid en genade voorop staan.

U lei toekomstige leraars op wat ons kerkverband moet lei om met die besef van wie God is, die toekoms in te gaan. So dra u 'n reuseverantwoordelikheid om nie net akademiese resultate te toon nie, maar kwaliteitseiers op te lewer. Kennis sonder die liefde vir en afhanklikheid van God sal die kerk rem in haar roeping. Die APA sal 'n baie groot invloed uitoefen op die toekoms van ons kerkverband daar waar begeesterde predikante, vrug van die APA, die gemeentes geestelik opbou en dra.

Jul verantwoordelikheid teenoor God vra dat julle getuies sal wees van die egte gereformeerde teologie wat in ons land se kerke erg afgewater is. Daar moet in hierdie verband opgetree word sodat 'n suiwer gereformeerde stem gehoor kan word, want die gees van dwaling loop sterk. Al word die Akademie nie orals aanvaar of geag nie, sal die suiwer leer van die Woord wel staande bly en oorwin. 'n Diepe Godsbesef moet gesien kan word in u betrokkenheid in die teologiese wêreld waarin ons leef.

Ons besef dat daar van enkele manne meer verwag word as wat hul kragte toelaat. Dit is ook so dat daar nie altyd genoeg waardering is vir baie ure se werk wat deur 'n paar manne gedoen word nie. Daarom moet ons as lidmate meer vir hulle bid, dat God deur hulle ons kerkverband op nuwe weë sal stuur. Dit is nie die ywerige regulering van die kerkorde of die letterlike nakoming van reëls wat ons op die koers sal hou nie, maar die beeld van God se heerlikheid wat in ons harte ingegraveer is, reeds tydens die opleiding van jong Godsmanne.

Daar is behoefte aan die suiwer bediening van die Woord, aan opregte en getroue pastorale werk, aan 'n navolgenswaardige voorbeeld vir ons jongmense en deernisvolle begeleiding van die bejaardes. Dit is in die hand van die APA deur die opleiding en vorming van Godvresende leraars vir die kerk.

Ons is dankbaar dat hul invloed ook op ander gebiede soos die onderwys reeds vrugte voortbring. Ook hier moet ons die glorie en almag van God in jong harte vaslê.

Broeders, neem tog ook 'n ernstige vermaning van my kant: Julle het 'n verantwoordelikheid teenoor God om jul liggame op te pas en nie met jul kragte roekeloos om te gaan nie. Dit getuig nie regtig van 'n besef van God se heerlikheid nie.

iv. Lig in Duisternis Uitgewers

In die verslag van Lig in Duisternis Uitgewers kan gelees word van alles wat reeds oor jare gedoen is en wat vir die toekoms beplan word. Dit is inspirerend en 'n voorbeeld vir elkeen van ons.

Vandag het die uitgewery as 'n krag na vore getree en hanteer hulle sake waarvan ons nie in die begin kon gedroom het nie. Die professionele aanbieding van manuskripte, opnames, vertalings en verspreiding van 'n boodskap aan talle mense, stem 'n mens tot nederige dankbaarheid. Die Here het sy seën op hulle werk geplaas oor die jare.

Met dit gesê is dit duidelik dat hulle 'n geweldige potensiaal het om ons kerkverband verder van diens te wees. Daarom moet ook in hul arbeid sentraal staan die motivering van wie God is: van die aanvaarding van sy liefde soos dit in die kruis getoon is en die roeping om hierdie boodskap aan elke hoorder of leser oor te dra. Elke skrywer moet gerig wees om God te verheerlik en groot te maak, sodat die boodskap van sy wonderbare genade en liefde uit die boeke en artikels kan straal.

Die uitdagings wat hulle het is sekerlik om 'n leeskultuur by elke lidmaat te laat posvat. Maniere moet gevind word om mense te inspireer om meer te wil weet van die glorie van God. Dit sal 'n gesamentlike poging moet wees tussen kerkrade en die uitgewery. Daar waar vanaf kansels geadverteer word, koop lidmate meer boeke. Kerkrade moet meewerk aan die kolporteurstelsel, want so word elke gemeente 'n verspreidingspunt waar publikasies bekom kan word. Waar 'n kerkraadslid op besoek *Die Boodskapper* na 'n huis toe saamneem en op artikels in die publikasie wys, sal dit die lees daarvan stimuleer. Dit word selde indien wel, gedoen. Bekend maak beminde

en daarvoor is elke kerkraadslid se bekendstelling en motivering nodig. Kerkrade moet dit oorweeg om leeskringe te begin waar dieselfde boek saamgelees en dan bespreek word. Kerkrade moet meewerk deur gemeentelike nuus en interessante gebeure aan *Die Boodskapper* te stuur, want daardeur word belangstelling geprikkel.

Ja, daar is lidmate wat kla oor sekere artikels wat moeilik is of skrywers wat onbekend is, maar indien ons ook in daardie artikel bewus kan bly van die grootheid van God, word die groot doel bereik. Die samebinding van ons verwondering daaroor kan nie gekeer word nie.

Die uitgewery moet beplan wat nodig is om die behoeftes van eerstens ons eie kerkverband aan te spreek en daarna die behoeftes van gelowiges en ongelowiges wat ook nodig het om die regte boodskap te lees en te hoor. Dit is al 'n enorme taak waarmee ons almal kan help deur net ons behoeftes aan die kerkraad bekend te maak.

GEVOLGTREKKING

Die heerlikheid van God oordek ons roeping. Laat ons in nederige verwondering sy glorie en majesteit beleef. Dit is die voorreg waarin ons deel wat maak dat ons getrou kerk van Jesus Christus kan wees. Luister hoe pragtig word dit verwoord in die “Oorwinningslied”:

Ek sien in my gees die glorie en die almag van die Heer
Die Allerhoogste wat in liefde oor sy koninkryk regeer
Hy't belowe aan die einde op die wolke kom Hy weer
Hy is Koning, Hy regeer!

Refrein:

Loof Hom, prys Hom! Halleluja!
Loof Hom, prys Hom! Halleluja!
Loof Hom, prys Hom! Halleluja!
Hy is Koning, Hy regeer!

Die Here is ons vesting wat vir altyd sal bly staan
Hy beskerm elke mens wat in geloof na Hom toe gaan
Hy's ons skuiling, Hy's ons wapen, Hy het die vyand reeds verslaan
Hy is die rots wat ewig staan

Refrein:

Loof Hom, prys Hom! Halleluja!
Loof Hom, prys Hom! Halleluja!
Loof Hom, prys Hom! Halleluja!
Hy is Koning, Hy regeer!

Simbole

15%	388, 408, 409, 413, 414, 415, 428
Afskryf	413
Inkomste uit effektrustbeleggings	415
Stemreg	393, 408, 409, 413, 456
2020-vertaling	<i>kyk</i> Die Bybel 2020-vertaling

A

Acton Konferensie	<i>kyk</i> AP Akademie
<i>Ad hoc</i> -kommissie vir advies en leiding	406
Afgevaardigdes Sinode 2022	388, 393, 488
Afrikaanse Protestantse Akademie	<i>kyk</i> AP Akademie
Afrikanermuseum	403
Afrikaners in die buiteland	397
Akkreditasie, aansoek om	<i>kyk</i> AP Akademie
Akte van Legitimasie	446, 479
Aktuaris	
Nominasies	399
Verkiesing	401
Verkose	401
APA	<i>kyk</i> AP Akademie
AP Akademie	
Acton Konferensie	449
Akkreditasie, aansoek om	449
Baccalaureus Divinitatis (BDiv)	449
Baccalaureus Theologiae (BTh)	449
Curricula	449
Dekaan Fakulteit Teologie	448
Dosentetoer	449
Fakulteitsraad Teologie	448, 449
Homiletiek prakties	450
Israeltoer	450
Kerklike lisensiaat	449

Kieskollege	442
Klaspreke	450
Kritiekpreek	450
Nagraadse kwalifikasie	449
Onderrigfooie	450
Ooreenkomste en verkennende gesprekke	450
Personeel	442, 449
Poimeniek prakties	450
Praktiese werk	450
Preekvergunning	450
Raad	414, 442, 443, 458, 472, 474, 483
Rektor	448
Skenkings en fondse	450
Studentegetalle	449
Teologiese departemente	449
Verbondsonderrig	450
Visekanselier	448
Argiefforum, Interkerklike	451
Argiefforumvergaderings	451
Argief, opleiding	451
Argief, uitbreiding	412
Argivalia	452
Artikels van die kerkorde	<i>kyk</i> Kerkorde

B

Baccalaureus Divinitatis (BDiv)	<i>kyk</i> AP Akademie
Baccalaureus Theologiae (BTh)	<i>kyk</i> AP Akademie
BDiv	<i>kyk</i> AP Akademie
Baccalaureus Divinitatis	
Bediening aan lidmate in die buiteland ...	397
Begeleiding teologiese studente	443
Behuisingsbydraefonds	413
Benoeming van tydelike kommissies	<i>kyk</i> Kommissies
Bepalings van die kerkorde	<i>kyk</i> Kerkorde

Beurse en lenings 444
 BGSA *kyk* Bybelgenootskap van SA
 Broederlike gesprek 402, 423, 482, 513
 BTh *kyk* AP Akademie
 Baccalaureus Theologiae
 Buite kerkverband gestel 409
 Buite-uitgewers *kyk* Publikasies
 Bybelgenootskap van Suid-Afrika ... 402, 407,
 409, 424, 467, 469, 470, 475
 Bybelkennis 409, 417, 424, 430, 444, 457
 Bybelkenniseksamen, elektroniese 417
 Bybel-Media *kyk* *Psalms en Gesange*
 vir die AP Kerk
 Bybelsondag 468
 Bybelverspreiding 407
 Bybelvertaling 465, 467, 468
 Bylaes van die Kerkorde *kyk* Kerkorde

C

Christelik-volkseie Onderrig (CVO) 417
 Christelik-volkseie skole 456
 Christian Copyright Licensing
 International 429
 Curricula *kyk* AP Akademie

D

Dagstukkies *kyk* *Die Kerkjaarboek*
 Deelposte 411
 Deeltydse organiserende sekretaris 407,
 424, 475
 Dekaan Fakulteit Teologie *kyk* AP Akademie
 Die Boekwinkel ... 412, 428, 432, 434, 457, 468
Die Boodskapper en Die Jeugboodskapper
 Bemarking buite AP Kerk 441
 Elektronies 423, 429
 Facebook-groep *DB en DJB* 437
 Intekengelde 441
 Leeskultuur 440
 Meningspeiling 440
 Redaksie 439
 Verspreiding 439
 Artikels internasionaal gepubliseer ... 440

Die Bybel 2020-vertaling 468
Die Kerkjaarboek 429, 431, 457
 Diensooreenkoms, ses maande 460, 478
 Diens van barmhartigheid 407
 Doop- en lidmaatregisters 452
 Dosentetoer *kyk* AP Akademie

E

Edge Communications *kyk* Lig in
 Duisternis Uitgewers
 Effektetrustbeleggings 415
 Elektroniese publikasies *kyk* Publikasies
Elkeen oral gestuurde, hersiening 399, 429
 Emeriti *kyk* leraars
 Emeriti, omsendbrief aan 443, 448
 Engelse vertaling *Kerkorde* *kyk* *Kerkorde*
Erediensboek vir die Afrikaanse Protestantse
Kerk, hersiening 419, 432, 462, 486
 Eredienste, regstreekse uitsending ... 397, 423
 Erfenisstigting 399, 401, 475, 488
 Ergerlike sondes 442
 Erkende kerke 407, 461
 Evolusieleer 426, 431

F

F10-vorm 416, 458
 Facebook-groep *DB en DJB* *kyk*
 Die Boodskapper en Die Jeugboodskapper
 Fakulteitsraad teologie *kyk* AP Akademie
 Finansiële jaarstate 414
 Fin/Winkerk 412
 FOR SA *kyk* Freedom of
 Religion South Africa
 Freedom of Religion South Africa
 (FOR SA) 406, 454

G

Geloofsbond van Hervormde
 Gemeentes (GHG) 398, 450

Gemeenskaplike kerkkantoor, benaming	416
Gemeentes	
Gestig en ontbind	405
Hulpbehoewende	405, 423
Praktiese hulp aan kleiner gemeentes	423
Geouditeerde finansiële state	452
Gereformeerde Gemeenten in Nederland Pretoria	398
Gereformeerde gespreksforum	403
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA)	397, 398, 462
Gesprekke met ander Christelike kerke	397
GHG	<i>kyk</i> Geloofsbond van Hervormde Gemeentes
GKK, lede	410
GKSA	<i>kyk</i> Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
Groeteboodsappe	387

H

Heidelbergse Kategismus boek 1 en 2	430
Helpende Hand	420, 435
Helpende Kerke Kongres	424, 434
Homiletiek prakties	<i>kyk</i> AP Akademie
Hoop ongegrendel	435
Hulpskriba	
Nominasies	396
Verkiesing	396
Verkose	396, 401
Huweliksregister	452
Huweliksverrykingskursus	413, 459

I

In memoriam	438, 453
Intekengelde	<i>kyk</i> Die Boodsapper en Die Jeugboodsapper
Israeltoer	<i>kyk</i> AP Akademie

K

Kairos Netwerk	398, 450
KBS	<i>kyk</i> Kommissies
Kerkjaarboek	<i>kyk</i> Die Kerkjaarboek
Kerklike lisensiaat	<i>kyk</i> AP Akademie
Kerkorde	
Artikel 3	465, 466, 470, 471
Artikel 4.3	407, 461
Artikel 5.3	462
Artikel 5.4	462
Artikel 6.1	462
Artikel 6.2	462
Artikel 19.6.1	460
Artikel 57.2	462
Artikel 59.3.4	425, 442
Artikel 64.1-4	466
Bepaling 14F1.4	445
Bepaling 23C	461
Bepaling 23D	461
Bepaling 43C	462
Bepaling 53	460
Bepaling 53F	460
Beroepsbrief D	460
Bylae 1 pt. 1.3	470
Bylae 2 pt. 2	462
Bylae 2, pt. 2.5	407
Engelse vertaling	437
Kerkregwoordeboek	429, 460
KGKSA	<i>kyk</i> Konferensie van Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika
Khoisan-gemeenskap	407, 424, 475
Kieskollege	<i>kyk</i> AP Akademie
Klaspreke	<i>kyk</i> AP Akademie
Kolporteur	431, 434
Kombinasie, beëindiging van	461
Kommissies	
Benoeming van tydelike kommissies	395
Indeling permanente sinodale kommissies	482
Kommissie vir Bedieningsondersteuning en Skakeling (KBS)	416, 422, 484
Kommissie vir Verbondsjeug (KVJ)	482

Lasgewing permanente sinodale kommissies 463, 481
 Tydelike *ad hoc*-kommissie herbevestiging van geloofsbelydenis 422
 Tydelike kommissie vir finansies (TKF) 416, 458
 Tydelike kommissie vir geloofsbriewe (TKG) 387, 388
 Tydelike kommissie vir kerkregtelike sake (TKKS) 393, 408, 409, 460, 477, 478
 Tydelike kommissie vir mediaskakeling (TKM) 401, 422, 456, 475
 Tydelike kommissie vir ringsindelings (TKR) 402, 479
 Tydelike kommissie vir verlofaansoeke (TKV) 400, 410, 422, 455, 474

Konferensie van Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika (KGKSA) 398
 Konstituering Sinode 2022 393
 Kontraktering 411
 Konvent van reformatoriese kerke 397
 Kortbegrip van die Heidelbergse Kategismus 418
 Kritiekpreek *kyk AP Akademie*
 Kuratorium 442, 444, 445, 448, 478
 KJV *kyk* Kommissie vir Verbondsjeug

L

Langverlof 444
 Lasgewing *kyk* Kommissies
 Leerboeke inhoud *kyk* Verbondsonderrighandboeke
 Leeskultuur *kyk Die Boodskapper en Die Jeugboodskapper*
 Leespreke 429
 Leraars
 Emeriteer 463
 Emeriti 412, 423, 424, 514
 Losgemaak met behoud van status 405
 Oorlede 405
 Pastorale begeleiding by losmaking 403
 Reisende diens 405
 Uit ander kerkverbande 397
 Uit die bediening met verlies van status 405

Lig in Duisternis-prys 435, 438

Lig in Duisternis Uitgewers

Bemarking 433
 Boekwinkels (kommersieel en aanlyn) 434
 Buiteverkope 433
 Edge Communications 433
 Multimedia-afdeling 412, 435
 Nuwe Trust 414
 YouTube-kanaal 436

Lisensiaat *kyk* AP Akademie
 Kerklike lisensiaat

M

Mediese fonds 412
 Môrester Afrikaanse Reformatoriese Kerk 398
 Multimedia-afdeling *kyk* Lig in Duisternis Uitgewers

N

Nagraadse kwalifikasie *kyk* AP Akademie
 Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) 398, 462
 Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) 398, 462
 NGK *kyk* Nederduitse Gereformeerde Kerk
 NHKA *kyk* Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika
 Notule, goedkeuring van 418, 453, 472, 487
 Nuwe liederes *kyk Psalms en Gesange vir die AP Kerk*

O

Onderrigfooie *kyk* AP Akademie
 Ondertekeningisdokument 416
 Ondertekening formulier 446
 Ondervoorsitter
 Nominasies 395
 Verkiesing 396
 Verkose 396

Onderwyskwalifikasies	418, 456
Ontmoetingsgesprek	477
Ontwikkelingstrust, APA	414
Oorbruggingskursus	448
Oortollige poste	411
Openingsrede	396, 402, 504
Opening van sinode	399
Opname van lidmate vanuit erkende kerke	407
Orania, hervestiging van kerkkantoor	414, 415, 459, 486
Ordereëls	395

P

Pamflette	429
Pastorale begeleiding met losmaking	<i>kyk</i> Leraars
Pastorale versorging	460
Pensioenfonds	410
Personeelwisseling	387, 400
Persoonsontwikkelingskursus	443
PJL Olivier-hofsaak	413
Poimeniek prakties	<i>kyk</i> AP Akademie
Praktiese werk	<i>kyk</i> AP Akademie
Predikantekonferensie	407, 444
Predikantstatus, aansoek	442, 457
Predikantstatus, behoud van	405, 443
Preekbank	429
Preekvergunning	<i>kyk</i> AP Akademie
Pretoria FM	403, 406, 423, 440
Psalm- en Gesange van die AP Kerk	
Bybel-Media	412
Digitaal	429
Herdruk	429
Nuwe liederes	437
Sangbundeltoepassing	429
Publikasie-afdeling	viii, 412, 428, 429, 440, 441
Publikasies	
Ander publikasies	431
Beplande publikasies	432
Diverse publikasies	432

Elektronies	431, 433
Publikasies deur buite-uitgewers	432
Sinodaal-goedgekeurde publikasies	431
Verbondsonderrigpublikasies	431
Vertalingsprojekte	432

R

Raad van die AP Akademie	<i>kyk</i> AP Akademie
Raad van Trustees	410
Redaksie DB en DJB	<i>kyk Die Boodskapper en Die Jeugboodskapper</i>
Redakteursforum	440
Reformed Church of the North Shore	398
Reisende diens	<i>kyk</i> Leraars
Reiskostetarif	411
Rekenkundige dienste	412
Rektor	<i>kyk</i> AP Akademie
Revisie	404, 415, 419, 445, 448, 459, 473, 479, 485, 486, 487
Ringsdokumente	452
Ringsindelings	402, 479
Rusdag	<i>kyk</i> Sondagviering

S

Sage Cloud Accounting	412
Salarisskale van personeel	411
Sendelinge, Status en beroeping van	425
Senekal: Brendin Horner-hofsaak	407
Sentrale Kerkekommissie (SKK), naamsverandering	416
Sesmaandediensooreenkoms	478
Skakeling met die regering	406
Skeppingsleer	431, 457 (<i>kyk ook</i> evolusieleer)
Skooltassieprojek	435
Skriba	
Nominasie	396
Verkiesing	396
Verkose	396

Skriflig op Kerk en Volk,
Engelse weergawe 426, 430
Skrywersgelde 433
Slypskole vir skrywers 430
Sondagverlof 446
Sondagviering 476, 477
Sosiale media 434
(*kyk ook* Lig in Duisternis Uitgewers)
Status 405, 425, 443, 464
Stemopnemers en -tellers,
aanwysing van 394
Stemreg *kyk* 15%
Studentegetalle *kyk* AP Akademie
Studiestukke, Publikasie van 430, 464
Subsidie, verhalings van 413
Susterswerksaamhede 407

T

Tentmakerbediening 404, 426
Teologiese departemente *kyk* AP Akademie
Teologiese dosente, skakeling met 443
TKKS *kyk* Kommissies
TKM *kyk* Kommissies
TKV *kyk* Kommissies
Toelating van lidmate uit ander kerke 426
Traktementskale van leraars 411
Trustfondstoelae 412
Tydelike Kommissies *kyk* Kommissies

U

Uitbrandingstoets 445, 478

V

Verbondsonderrighandboeke
Hersiening 417, 453, 454
Uitbreiding 430
Verkieëing
Aktuarius 401
Hulpskriba 396

Ondervoorsitter 396
Skriba 396
Vevox-toepassing 394
Voorsitter 395
Verootmoedigingsdae 406, 424
Verspreiding *DB* en *DJB* *kyk*
Die Boodskapper en *Die Jeugboodskapper*
Vertalingsprojekte *kyk* Publikasies
Verteenwoordigers, Bybelgenootskap 467,
469, 484
Vevox *kyk* Verkieëing
VGKSA *kyk* Vrye Gereformeerde
Kerke in Suid-Afrika
Visekanselier *kyk* AP Akademie
Visitasieverslag 451
Volwaardige 463
Voorsitter
Nominasies 395
Verkieëing 395
Verkose 395
Vraag-en-antwoord-afdeling *kyk* Webblad
(apk.co.za)
Vrye Gereformeerde kerke in
Suid-Afrika (VGKSA) 398
VSA *kyk* AP Akademie Dosentetoer

W

Waaksaamheidskomitee 410
Webblad 417, 434, 435, 436,
439, 441, 451, 464
Vraag-en-antwoord-afdeling 441
WhatsApp-groepe 434
Wie mag preek 464
Willie Lubbe Teologies Studiefonds
(WLTSF) 444
Winkerk 412

Y

YouTube-kanaal *kyk* Lig in
Duisternis Uitgewers



AP Kerk | Sestiende Sinode



www.apksinode.com